

“EN AS JOU BROEDER SONDIG ...”

(Enkele Aspekte van die Kerklike Tug)

DEUR

DR. W. D. JONKER



Uitgee deur

N.G. KERK-UITGEWERS

Posbus 4539, Kaapstad

Posbus 245, Pretoria

*Opedra aan my MOEDER en aan
die nagedagtenis van my VADER*

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier

1959

INHOUD

I.	“En as jou broeder sondig ...”	1
II.	Kerklike Tug en die Invloed van die Kerk	24
III.	Kerklike Tug en Heiligheid	69
IV.	Kerklike Tug en Liefde	114
V.	Kerklike Tug en Gemeenskap	156
	Kort Literatuurlys	199

HOOFSTUK I

“EN AS JOU BROEDER SONDIG...”

DIT is troosvol om te weet dat Christus by die stigting van Sy kerk die mens – juis ook die wedergebore, verlose mens – so goed geken het, dat Hy rekening gehou het met die feit van *sonde* in die lewe van die lidmate van Sy kerk.

Hy het meer as iemand anders geweet hoe heerlik die erfenis is wat Hy aan die kruis vir Sy bruid sou verkry, waar Hy Homself sou oorgee vir Sy gemeente “om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die Woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5: 26-27). Hy het beter as enige ander persoon geweet dat die lede van Sy liggaam, nl. die Kerk, nuwe skepsels sou wees vir wie al die ou dinge verbygegaan het (2 Kor. 5: 17), vir wie die slawejuk onder die diensbaarheid aan die sonde prinsipiëel verbreek is (Rom. 6: 14), omdat die Seun alleen waarlik vry kán maak (Joh. 8: 36). Hy het beter as iemand anders geweet dat die lede van Sy liggaam wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf sou word, in Hom die ganse volheid van lewe en oorvloed sou hê (Joh. 10: 10), dat die uitnemendheid van Sy opstandingskrag vir hulle almal tot beskikking sou wees (Ef. 1: 19; 1 Hand. 1: 8), ja, dat hulle in beginsel reeds saam met Hom gekruisig, opgewek en in die hemel sou wees (Ef. 2: 6; Kol. 3: 1-4). Hy het beter as iemand anders geweet dat God almal wat Hy vantevore verordineer het om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun, ook sal roep, regverdig en verheerlik

(Rom. 8: 29-30), omdat Hy die goeie werk wat Hy in hulle begin, ook sal voleindig tot op die dag van Christus (Fil. 1: 6).

Maar Christus het óók gewet dat die kerk al hierdie dinge *slegs in Hom* deelagtig is en sal word. Slegs in soverre as wat die lidmate van die kerk soos die ranke in die wynstok Christus bly (Joh. 15), is hulle nuwe skepsels, is hulle bevry van die slawejuk van die sonde, het die ou dinge vir hulle verbygegaan. Slegs in soverre as wat hulle in Hom sou bly, sou wat in beginsel hulle deel is – die kruisiging met Christus, die opstanding met Hom, die deel in die hemelse lewe met Hom, die gelykvormigheid aan die beeld van die Seun, die werklikheid van die opstandingskrag – prakties en konkreet in hulle daaglikse lewe al meer 'n heerlike werklikheid word. En daarby het Hy gewet hoe 'n stryd dit vir die mens is om maar net in Christus te bly; hoe 'n stryd dit is om niks anders te wil weet nie en op niks anders ons vertrou te stel nie en onself aan niks anders toe te vertrou nie, as aan Jesus Christus en aan Hom alleen. Hy het gewet hoe die ou natuur, die vlees, in ons nog roep om bevrediging en in hartstogtelike begeerte uitgaan na die sonde, dat die ou self in ons daarna smag om nie daaglik weer verloën te word en in te gaan in die kruisiging met Christus nie, maar om op die troon van die hart weer volle heerskappy te aanvaar. Christus het gewet dat dit nie vanself sal kom dat die lidmate van Sy kerk sal gaan lewe uit die volheid wat Hy vir hulle aan die kruis sou verkry nie, maar dat dit deur stryd heen sal moet geskied. Vir geen oomblik is dit onseker dat God die goeie werk wat Hy in die gelowiges begin het, sal voleindig tot op die dag van Christus en dat hulle dan werklik sonder gebrek en vlekkeloos as die bruid van die Lam in die hemel sal staan nie, maar God voltooi die werk in hulle nie meteens en sonder slag of stoot nie. Die voltooiing van Gods werk in die lidmate van die kerk

gaan die weg van 'n langsame groeiproses waarin die Heilige Gees daaglik pleit, arbei, troos, vermaan, bestraf en beweeg tot voller oorgawe aan Christus. Daarom, omdat God nie meteens Sy werk subjektief in die gelowiges voltooi nie, omdat daar van die ou natuur nog soveel krag in hulle lewe uitgaan, daarom het Christus rekening gehou met die werklikheid van sonde in Sy kerk, met die werklikheid dat die Heilige Gees telkens weer weerstaan (Hand. 7: 51), bedroef (Ef. 4: 30) en selfs uitgeblus sal word (1 Thess.5: 19). Christus het geweet dat daar van die ware gehoorsaamheid in die lewe van Sy kinders in hierdie aardse bedeling nog maar slegs 'n klein beginsel sal verskyn en dat in elk geval geen lidmaat van Sy kerk op aarde ooit sal kan sê dat hy sonder sonde is nie (I Joh. 1: 8).

Met dit alles, sê ons, het Christus by die stigting van Sy kerk ten volle rekening gehou. Daarom het Hy Sy dissipels geleer om daaglik om vergiffenis te bid vir hulle sondes (Matt. 6: 12). Daarom het Hy hulle ook geleer om in ootmoed en in die besef van eie skuld voor God mekaar verdraagsaam en vergewensgesind te aanvaar as medepelgrims en in liefde vir mekaar se swakhede verantwoordelikheid te neem (Matt. 5: 23-24; 18: 21-35). En daarom het Christus *ook nie nagelaat om aan Sy kerk voorskrifte te gee oor die wyse waarop daar in volle verantwoordelikheid in die kerk deur medebroeders en –susters gehandel moet word met mekaar as daar gesondig word nie*. Daarom staan Matt. 18 in die Nuwe Testament en daarom is die kerk ook nog altyd geroepe om kennis te neem van die wysheid van Christus wat vir Sy kerk die weg gewys het na 'n heilsame en verantwoordelike omgang met mekaar en opbouing van mekaar in die wedersydse bemoeiing met mekaar se sonde.

Dit is waar dat dit die Heilige Gees alleen is wat kan oortuig van sonde en op 'n tere wyse die gelowige

daartoe kan lei om meer en meer in te gaan in die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens, om meer en meer die sonde te haat en te ontvlug en 'n steeds groeiende liefde vir die wil van God te koester, maar die Gees wil in hierdie werk van Hom in die lewe van die gelowige nie die liefdevolle werksaamheid van die medegelowiges uitkakel nie. Die Heilige Gees wil juis die medebroeders en –susters gebruik in mekaar se lewe, omdat daarin wedersyds 'n geweldige seën ontvang kan word. Wanneer die gelowiges leer om vir mekaar verantwoordelikheid te aanvaar, juis ook wat mekaar se sonde betref, word hulle al hoe inniger aan mekaar verbind en groei hulle gesamentlik in ootmoed en die afsien van alles wat kan aftrek van Christus.

Die kerk is immers die liggaam van Christus (vgl. Rom. 12; 1 Kor. 12; Ef. 4 en ander plekke). Die lede van die kerk is daarby nie alleen lede van Christus nie (1 Kor. 6: 15), maar ook lede van mekaar (Ef. 4: 25; 1 Kor. 12: 27). As lede van Christus is hulle één met Hom, en deur hulle eenheid met Hom is hulle ook één met mekaar (1 Kor. 10-17). In hierdie onderlinge eenheid van die gelowiges is hulle vir mekaar verantwoordelik. Die liggaam van Christus is 'n organiese grootheid waarvan die lede nie los van mekaar kan bestaan nie, maar slegs lewend en gesond kan bly in hulle onderlinge samehang en beïnvloeding. Dit is wat Paulus vir ons wil leer in 1 Kor. 12 : 12-31. Uitdruklik leer hy daar die wesenlike verbondenheid van die lede met mekaar en die eksistensiële afhanklikheid van die lede van mekaar, en hy voeg dan daaraan toe dat dié eenheid só innig is dat as een lid ly, al die lede saam ly, terwyl as een lid geëer word, al die lede saam bly is (1 Kor. 12: 26). Anders as die Kaïnsmens wat geen verantwoordelikheid en sorg vir die broeder wil aanvaar nie, omdat hy hom haat en liever uit die wêreld wil maak (Gen. 4: 9), word die Christus-mens juis

daaraan geken dat hy liefde vir die broeder het (1 Joh. 2 en 4) en die laste van die broeder dra (Gal. 6: 2), saam met hom ly en stry, hom met sy sonde bemoei deur hom gedurig te vermaan (Rom. 15: 14; Hebr. 3: 13) en hom saam met hom verbly oor voortgang in die geestelike lewe. *Dit beteken dat elke lid van die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar om nie alleen met alle mag teen sy eie sonde te stry nie, maar ook teen die sonde van sy broeders.* Elkeen is sy broeder se wagter.

In die lig van hierdie feite moet ons Matt. 18 leer lees. Daar spreek Christus met Sy dissipels oor die feit van sonde in die kerk en gee Hy aan hulle baie duidelike voorskrifte oor wat gedoen moet word *as jou broeder sondig* (v. 15). In daardie opdragte reken Christus dan pertinent met die onderlinge verantwoordelikheid van Sy dissipels vir mekaar *ook in hulle sondigheid*. Hy wys die weg wat deur die broeders bewandel moet word ten einde mekaar te oorreed om die pad van die sonde te verlaat en volop uit die genade van God te gaan lewe.

Hierdie bemoeïing van die broeders met mekaar se sonde dra egter 'n besondere gewig. Dié gewig is daaraan ontleen, dat dit uit alles wat Christus hier in Matt. 18 sê, duidelik word dat Hy aan hierdie onderhandeling met die medebroeder oor sy sonde die krag toeskrywe om tot openbaring te bring of daardie persoon werklik 'n broeder is of nie. Dit is naamlik só, dat Christus by die stigting van Sy kerk nie slegs rekening hou met die sonde van die lede van Sy liggaam wat in beginsel reeds van die juk van diensbaarheid aan die sonde bevry is nie, maar ook met die sonde van persone wat openlik wel by die kerk gereken word, maar in die geheim nie aan die kerk behoort nie, omdat hulle nie aan Christus behoort nie. Wanneer daar in die kerk gesondig word, dan kan dit wees dat dit kinders van God is wat nog teen hulle diepste wil in uit swakheid sondig, maar

dit mag ook wees dat dit die sonde is van mense wat wel gereken word vir broeders, maar eintlik geen broeders is nie. Tussen die wyse maagde in die kerk sal daar altyd weer die dwase aangetref word (Matt. 24: 1-13), en die feit dat die vyand onkruid in die saailand van die Koninkryk uitgestrooi het (Matt. 13: 31-43), moet noodwendig ook vir die kerk slegte gevolge hê. Wanneer daar nou in die kerk gesondig word, is dit nie uit die staanspoor duidelik of dit nou die sondes van ware broeders is of die sondes van valse broeders nie. Eers wanneer die medebroeders met hulle vermaning en bemoeiing begin, sal dit blyk. Dán word dit openbaar dat diegene wat geen ware broeders is nie, verseg om van die kwaad af te sien en op hulle sondepad voortgaan teen alle sorg en bemoeiing van die broeders in. Daarom is die onderhandeling van die broeders met mekaar oor hulle wedersydse sondes so vol lewenserns, omdat dit krag het om te openbaar wie kinders van die Koninkryk is en wie nie. Dit is omdat Christus ons hierdie erns wil laat verstaan dat Hy in Matt. 18 ook uitdruklik rekening hou met die sondes van valse broeders in die kerk en duidelike voorskrifte gee oor hoe daar gehandel moet word as sulke “broeders” as valse broeders openbaar word daarin dat hulle *sondig en volhard daarin om te sondig* (Matt.18: 17).

So goed het Christus egter die swakheid en die sondigheid van die mens verstaan, dat Hy geweet het dat hierdie onderlinge verantwoordelikheid van die broeders vir mekaar se sondes slegs dan in ’n menslike gemeenskap doeltreffend en in al sy erns in praktyk gebring sal kan word, as daar met gesag onderhandel kan word met die sondige broeder. Daarom het Christus aan Sy kerk, en in die besonder aan die ampsdraers in Sy kerk, nie slegs die morele verantwoordelikheid vir mekaar se geestelike belange opgedra nie, maar Hy het heel spesifiek aan hulle die gesag gegee om in Sy Naam

en met groot beslistheid hulle met mekaar se sondes in te laat en met die krag van die erns om lewe en dood aan mekaar te verkondig dat daar sonder 'n definitiewe breuk met die kwaad geen vrede met God kan wees nie. Daarom het Christus aan die gemeente die sleutels van die hemelryk toevertrou, waardeur aan die gemeente die bevoegdheid gegee is om met volle verantwoordelikheid in Naam en op gesag van Homself met mekaar te onderhandel oor vergiffenis en verdoemenis (Matt. 18: 18; 16: 19; Joh. 20: 23). Daarmee het Christus aan ons geopenbaar hoeveel erns Hy maak met die sonde in die kerk en hoeveel erns Hy wil hê dat ons daarmee sal maak. Daarmee het Christus ook finaal alle twyfel aan die geldigheid van die onderlinge bemoeiing van broeders met mekaar se sonde uitgesluit. So wou Hy dit hê; daarom het Hy dit verorden. Só pas dit by die wese van die kerk; daarom moet dit onderhou word. Slegs só is dit moontlik vir die kerk om in diepe erns mekaar se laste te dra en so, die wet van Christus te vervul.

*

Christus hou rekening met die sonde in die kerk en laat geen twyfel oor die weg wat bewandel moet word met die oog op die sonde wat in die kerk voorkom nie. Ook daarin openbaar Hy dat Hy die goeie Herder is wat die belange van Sy kudde op die hart dra en nie wil hê dat Sy kudde onversorg sal wees nie. Dit is in diepe wysheid dat Hy wat Sy skape beter ken as wat hulle hulleself ooit sal kan ken, wat die gevare vir Sy kudde helderder sien as wat die kudde dit ooit sal kan sien, wat die doel van die bestaan van die kudde in die wêreld beter deursien as wat die kudde dit self kan doen – bepaal het dat daar *tug* in Sy kudde sal wees.

Tug? Ja, want as Christus met Sy dissipels spreek oor hoe daar gehandel moet word met 'n broeder wat sondig, dan is Hy besig om daarmee aan hulle voor-

skrifte te gee vir die handhawing van tug in die gemeente. Indien die kerk hom immers bemoei met die sonde van sy lidmate en daarby ten doel het om die lidmate te help om van die sonde af te sien, daarvan weg te vlug en ten volle uit die genade van Christus te gaan lewe, is die kerk besig met tug. As die kerk nie maar genoeg neem daarmee dat sy lidmate in hulle sonde kan bly wandel nie, as die kerk verantwoordelikheid aanvaar daarvoor om saam met sy lede te stry teen die sonde en saam met hulle te strewe na oorwinning oor die kwaad en 'n gehoorsame onderwerping aan die wil van God, is die kerk besig met tug. Die kerklike tug kan dan ook in aansluiting by wat hierbo gesê is, omskrywe word as die onderhandeling van die kerk met sy lidmate wat sondig, ten einde hulle daartoe te beweeg om af te sien van die kwaad en waardig die evangelie te wandel.

Waarom was die tug vir Christus 'n saak van soveel gewig dat Hy so duidelik en herhaaldelik daarvoor met Sy dissipels gespreek het? As antwoord hierop wil ons vier dinge noem:

(a) Christus het die tug vir Sy gemeente verorden, omdat Hy so *barmhartig* is. 'n Ongedissiplineerde gemeente sou 'n gemeente wees waarvan die lede nie gedurig daartoe opgeskerp word om in Christus te bly en uit Hom alleen te lewe nie. Dit sou 'n gemeente wees waarvan die lede nie onderling vir mekaar verantwoordelikheid aanvaar nie. Dit sou gevolglik 'n kudde wees waarvan die skape na hartelus kan rondwaal, sonder dat hulle gedurigdeur maar weer met groot geduld en lankmoedigheid teruggeroep word na die skaapstal. Dit sou dus 'n gemeente wees waarin die Bose maklik sy prooi kan vel. In sy teerheid en liefde wil Christus nie so 'n gemeente hê nie. Christus kan nie genoeg neem dat Sy lede onversorg blootgestel word aan verminking deur die wêreld nie. Daarom verorden Hy, uit liefde vir Sy liggaam, die onderlinge sorg van die

lede vir mekaar – dit is: die tug. Omdat Christus nie die dood van die sondaar wil nie, maar sy bekering en lewe, daarom maak Hy die gemeentelede vir mekaar verantwoordelik en skryf aan hulle 'n definitiewe weg voor om te bewandel *as jou broeder sondig*.

(b) Die tweede rede waarom Christus die tug vir Sy kerk verorden, hang ten nouste daarmee saam. Dit raak naamlik die *heiligheid van die gemeente*. Die gemeente is die bruid van die Lam en Sy mistieke liggaam. Daarom moet die gemeente afgesonder word van die wêreld en versier word vir die dag van die wederkoms van Christus. Daarvoor het Christus Homself aan die kruis laat spyker, dat Sy gemeente uit die wêreld uitgeroep en geheilig kan word op so 'n wyse dat die gemeente eenmaal by die voleinding sonder vlek of rimpel of iets dergeliks voor Hom in heiligheid gestel sal kan word. Die gemeente kan egter nooit sy heiligheid en afgesonderde karakter in hierdie wêreld bewaar sonder tug en dissipline nie. Sonder tug sou die kerk wees soos 'n ongeskoffelde tuin waar alles deurmekaar groei, onkruid en blomme, sodat die eintlike karakter van die tuin daardeur op so 'n wyse bedek word dat dit nie meer as tuin herken kan word nie. As die kerk sonder tug sou wees, sonder die onderlinge sorg van die lede vir mekaar, sonder die voortdurende vermaning aan diegene wat sondig, dan sou die heilige karakter van die kerk daarmee heen wees. Dan word kerk en wêreld noodwendig vermeng. Dan wek dit die indruk dat dit nie soveel verskil maak of 'n mens lidmaat van die kerk is of nie. Dan kan die gemeente nie groei in heiligmaking nie en die wil van Christus vir Sy kerk, nl. dat dit heilig en sonder gebrek moet wees, word nie meer met erns bejeën nie. Dit is dus met die oog op die bewaring van die heiligheid van die gemeente dat Christus so 'n duidelike taal met Sy dissipels gespreek het oor hoe gehandel moet word *as jou broeder sondig*.

(c) Die derde rede waarom Christus die tug vir Sy

kerk ingestel het, raak die *getuienis van die kerk en sy invloed in die wêreld*. Die kerk is nie bloot ter wille van homself in die wêreld nie, maar is ook daar ter wille van die wêreld. Die kerk het 'n roeping in die wêreld en met betrekking tot die wêreld. Die kerk moet teenoor die wêreld getuig van die redding wat daar in Christus is, moet in die wêreld die geur van Christus versprei, moet in die wêreld 'n leesbare brief van Christus wees. Dit is wat onder andere ook in ons tyd veel meer besef word as vroeër en tot uitdrukking gebring word deur te praat van die “apostolaat” van die kerk, die sending van die kerk in die wêreld in om van Christus te getuig. Om dit egter te kan doen, moet die kerk gesond en lewenskragtig wees. Die kerk moet soos 'n geoefende leer wees wat in staat is om teen die magte van die duisternis op te ruk en die vlag van die koninkryk van God op elke terrein van die lewe op te rig. Die kerk moet 'n gevaar wees vir die wêreld en vir die heerskappy van die owerste van hierdie wêreld. Die kerk kan dit egter nie wees as hy ongedissiplineerd en tugloos is nie. Die kerk kan geen kryg voer as daar in sy geledere talle verraaiers en drosters is nie. Die kerk kan nie met welslae en hoorbaar in die wêreld getuig as sy getuienis vertroebel word deur eie onheiligheid nie. As sondige broeders in die kerk nie bestraf word nie, as daar nie naarstiglik gewaak word oor die heiligheid van die gemeente nie, kan daar geen sprake wees van die doeltreffende uitoefening van die apostolaat van die kerk nie. Christus het die kerk die lig van die wêreld en die sout van die aarde genoem, maar dit is tog duidelik dat die kerk slegs dan die lig van die wêreld kan wees, as hy so naby aan Christus lewe dat die lig van Christus deur hom kan skyn; dat die kerk slegs dan die sout van die aarde kan wees, as Christus self in die kerk lewe en smaak aan die kerk gee. As die kerk egter tugloos is en nie nougeset daarvoor waak om van Christus weg te drywe nie, kan hy sy roeping

in die wêreld nooit vervul nie. Daarom is dit dat Christus, met die oog op die roeping van die kerk en sy slagvaardigheid tot die vervulling van dié roeping, in onmisverstaanbare woorde met Sy dissipels gespreek het oor die tug wat uitgeoefen moet word *as jou broeder sondig*.

(d) Die vierde rede waarom Christus die tug vir Sy gemeente verorden het, raak *die eer van God*. Dit is die hoofrede waarom daar tug in die kerk moet wees. Daarin kulmineer al drie die ander motiewe vir die uitoefening van die tug. Immers, alle sonde is 'n aanranding van Gods eer. As die lede van Christus dus sondig, is dit nie 'n onskuldige saak nie, maar 'n vertrapping van Gods eer. As hulle nou maar op hulle sondepad gelaat word, sou dit beteken dat die kerk daarmee te kenne gee dat die eer van God hom nie so ter harte gaan dat die vertrapping daarvan deur broeders as iets absoluut onverdraagbaars en onuitstaanbaars ondervind word nie. Daarenteen, as die sondige broeder teruggeroep word van sy sondige weg en hy hom bekeer, word God geëer, nie alleen deur die daad van die gemeente wat blyke gee van eerbied vir die eer van Gods Naam nie, maar ook deur die bekering van die sondige broeder self. Net so kan ons sê dat die eer van God ook van begin tot einde gemoeid is met die heiligheid van die gemeente. Die gemeente moet tug beoefen ter wille daarvan om sy heiligheid te bewaar, want God word geëer deur die reinheid en heiligheid van die gemeente. Dit kan nie tot die eer van die Koning van die kerk strek as die kerk tugloos en onheilig is nie. As Gods eer in die kerk strafloos vertrap kan word, as mense in die kerk maar kan doen wat hulle wil, sonder om tot orde geroep te word, dan word die heilige Naam van God smaadheid aangedoen. Ons kan ten slotte ook nog sê dat die eer van God ook gemoeid is met die getuienis van die kerk in die wêreld. As die kerk tugloos is, kan dit nie slagvaardig in die

wêreld optree nie, kan dit geen getuienis in die wêreld lewer nie, kan die kerk nie die verlore gaande mensheid konfronteer met die verlossende krag van Christus nie. En hoe kan dit tot eer van God wees as Sy volk wat Hy geroep het uit die duisternis tot die wonderbare lig, so onverlos daar uitsien, so min enige spoor daarvan vertoon dat die Seun waarlik vry kan maak, dat hulle monde gesnoer is en hulle getuienis geen krag het nie? God word daardeur geëer dat die getuienis en die invloed van die kerk in die wêreld uitgaan en die wêreld oortuig. Dit is egter alleen 'n gedissiplineerde gemeente wat in staat is om die wêreld te oortuig dat dit die moeite werd is om so 'n God te dien as hulle God. Omdat Christus dit alles geweet het, daarom het Hy, met die oog op die eer van Sy Vader wat vir Hom meer as alle ander dinge was, met Sy dissipels gespreek oor die tug en verorden wat tot eer van God gedoen moet word *as jou broeder sondig*.

Samevattend kan ons dus sê dat Christus die tug vir Sy kerk verorden het ter wille van die behoud van die sondige broeder, ter wille van die bewaring van die heiligheid van die gemeente, ter wille van die slagvaardigheid van die gemeente in die wêreld en ter wille van die handhawing van die eer van God. Die doel waarmee die kerk dus die tug moet toepas, moet steeds al vier hierdie aspekte behels. Slegs dan kan die tug toegepas word soos Christus dit self bedoel het. Slegs dan kom die barmhartigheid sowel as die heiligheid van Christus, die heil van die sondaar en die eer van God tot hul reg.

*

Die vraag kom vanself by 'n mens op waarom die kerk, met die duidelike voorskrifte van Christus in die hande, tog in so 'n groot mate van die tug afgewyk het dat daar eintlik gesê kan word dat die tug, op enkele

gelukkige uitsonderinge na, in die Reformatoriese kerke verval het. Die Reformatore self het tog die voorskrifte van Christus oor die tug en die doel waarmee Hy dit gegee het, goed begryp en met groot klem daarop aangedring dat die kerk in gehoorsaamheid aan die Woord van God tug moet beoefen. Veral Calvyn het in hierdie opsig nougeset na die Skrif geluister en ondanks veel teenkating daarop aangedring dat die kerk sy roeping tot handhawing van die tug moet vervul. Die beginsels van die kerklike tug is deur Calvyn deurgegee aan die kerke wat onder sy invloed gekom het en in alle Gereformeerde kerke is die noodsaaklikheid van dissipline met groot helderheid bely en aanvaar. Vandag het feitlik almal egter in die toepassing van die tug verslap en in verreweg die meeste gevalle het alle toepassing van die tug eenvoudig verdwyn. Watter redes is daar vir hierdie latere verslapping?

In die eerste plaas wil ons as rede aangee die geestelike insinking wat daar sedert die sewentiende eeu in die Reformatoriese kerke ingetree het. In hierdie periode van insinking het die geestelike erfbesit van die kerke van die Hervorming op so 'n wyse verstar en verwelk dat die dorre ortodoksie van die laaste helfte van die sewentiende eeu en die begin van die agtiende eeu nie bestand was teen die vloedgolf van liberalistiese invloede wat op die kerk afgestorm het nie. Die gevolg was noodwendig dat die geestelike lewe van die kerk geweldig beskadig is, en dit weer met die uiters skadelike resultaat dat die kerk in sy geheel nie meer volop kon lewe uit die genade wat daar in Christus is nie. Dit het egter nie slegs verarming van die geestelike lewe van die individuele kerklidmaat beteken nie, maar ook die gemeenskapslewe van die kerk as liggaam van Christus is daardeur feitlik geheel en al vernietig. Indiwidualisme het in die kerk hoogty gevier. Die kerk word later selfs as 'n vrye en vrywillige “genootskap” beskou wat sy ontstaan en bestaan te danke

het aan die vrywillige vereniging van mense met dieselfde godsdienstige opvattinge. Van die feit dat die kerk sy bestaan slegs te danke het aan die werksaamheid van die Heilige Gees wat mense nie as los individue nie, maar as lede van die organisme van die liggaam van Christus in die verlossing van God laat deel, is niks meer begryp nie. Die kerk leef in die tyd sonder die weelde van die gemeenskap wat bedoel is vir die lede van die liggaam van Christus, sonder die weelde van die werklikheid dat die lede van die liggaam van Christus ten nouste aan mekaar verbonde en van mekaar afhanklik is, vir mekaar verantwoordelikheid moet neem en mekaar se laste moet dra. In die sg. konventikels van die piëtisme en in die sektariese rigtinge wat welig begin tier het, is iets van hierdie verlore gemeenskap op 'n gehawende wyse opgevang, maar die kerk self het dit nie meer waardeer nie. Gevolglik het die verantwoordelikhedsbesef van die lede wat onderling mekaar se laste moes dra, verlore geraak. Dat elkeen nie slegs die belange van sy eie siel moet behartig nie, maar ook moet omsien na die sielsbelange van sy broeder, is nie meer aangevoel nie. Daarmee het egter as vanself die enigste juiste atmosfeer waarin die kerklike tug doeltreffend toegepas kan word, verdwyn. In 'n atmosfeer van liberale individualisme moet noodwendig die gesindheid ontstaan van: Wat het ek met hom te doen en wat het hy met my te doen? Die daad van bemoeiing met die sonde van die broeder word van die kant van die gemeente as lastig en oorbodig aangevoel, van die kant van die sondige broeder as *ultra vires*, eenvoudig omdat die verantwoordelikheid van die lede vir mekaar nie meer begryp word nie en hulle aangewesenheid op mekaar nie meer belewe word nie. Die sin van die tug word nie meer verstaan nie, omdat die vier motiewe wat Christus op die oog gehad het toe Hy die tug vir Sy kerk verorden het, nie meer met die tug in verband gebring word nie. Gevolglik val

die bodem weg uit die tugoefening. Dit is dan ook nie vreemd dat die tug langsamerhand meer en meer verwaarloos is en oplaas verdwyn het nie.

In die tweede plaas wil ons as rede vir die verval van die tug die feit noem dat die natuurlike hart van die mens hom nooit graag aan die wyse verordeninge van God sal onderwerp nie, maar altyd met allerlei bedenkinge en besware daarteen voor die dag sal kom. In 'n tyd van geestelike insinking gebeur dit nou maklik dat die natuurlike mens met sy oorlegginge 'n gewigtige woord in die kerk kan meesprek. Nie alleen is daar baie wêreldse en ongeestelike lidmate in die kerk self nie, maar ook die wêreldlike regering met sy wêreldse ideale vir die kerk kan in so 'n tyd, onder die voorwendsel van innige vriendskap, met die kerk bondgenootskappe sluit wat tot gevolg het dat daar ook van buite die kerk gewigtige ongeestelike invloede op die kerk uitgeoefen word. In sulke omstandighede kry die bedenkinge en besware teen die tug vanself vir die kerk 'n groot gewig. Hy gaan daarna luister en kan vanweë sy eie geestelike ingesondenheid nie die liste van die natuurlike hart onderskei van die wysheid van die wedergebore hart nie. Hy neem die besware teen die tug wat elders gebore is, as sy eie besware op. Dit kan soveel makliker gebeur waar die kerk in 'n tyd van geestelike insinking nie meer die sin van die tug verstaan nie, en miskien die tug op 'n flouhartige manier handhaaf ter wille van die voorskrif van Christus of om watter rede dan ook. In sulke omstandighede kan die kerk die tug nie meer op so 'n wyse handhaaf dat dit respek en vertroue kan afdwing nie. Die kerk het nie meer die geestelike inhoud om te kan tug soos Christus bedoel het dat daar getug moet word nie, en die gevolg is dat die tugoefening al meer in diskrediet raak. Die kerk self kan nie meer die barmhartigheid van Christus, die heiligheid van die gemeente, die slagvaardigheid van die kerk in die wêreld en die eer van

God met die tug in verband bring nie, en die noodwendige gevolg is dat die kerk self onvergenoeg moet voel oor sy tugoefening en begeer om liever daarvan ontslae te wees. Die ongeestelike elemente in die kerk en die ongeestelike invloede van buite die kerk word deur die ondoeltreffendheid van die kerklike tugoefening nog meer gesterk in hulle natuurlike agterdog en agitatie teen die tug. Die misnoeë oor die tug laai steeds hoër op en vind in allerlei prinsipiële en onprinsipiële besware beliggaming. Die onheilige atmosfeer binne die kerk bied 'n vrugbare teelaarde vir hierdie antipatieë wat langsamerhand uitgroeï tot so 'n formaat dat van die handhawing van die tug niks meer tereg kan kom nie.

As 'n mens in staat sou wees om alles na te gaan wat in die loop van die tyd teen die tug gesê en geskrywe is deur lidmate van die kerk, leraars en professors, politici en staatshoofde, sou daar beslis 'n lang lys van bedenkinge teen die tug opgestel kan word. Uit die aard van die saak sal daar dan in so 'n lys talle van persoonlike griewe en besware wat slegs op bepaalde situasies van toepassing was en wat vir ander persons en in ander omstandighede nie meer krag het nie, opgeneem word. Al die ander bedenkinge teen die tug kan egter vanuit 'n prinsipiële standpunt tot vier hoofbesware of groepe besware teruggevoer word. Hierdie vier hoofbesware of groepe besware is presies die teenhangers van die vier hoofmotiewe waarom Christus die tug vir die kerk verorden het. Christus het die tug verorden, so het ons hierbo uiteengesit, ter wille van die behoud van die sondige broeder, ter wille van die heiliging van die kerk, ter wille van die roeping van die kerk in die wêreld en ter wille van die eer van God. Hierteenoor kom die vier volgende prinsipiële bedenkinge of groepe bedenkinge te staan:

(a) Teenoor die stelling dat die tug deur Christus verorden is vanweë Sy barmhartigheid wat tot open-

baring kom daarin dat Hy die broeder wat sondig, wil behou, staan allerlei skakeringe van die bedenking dat die tug juis die teenoorgestelde van liefde en barmhartigheid openbaar, omdat dit *hard en liefdeloos* is en eerder die indruk wek dat die kerk die sondaar wil straf, afransel en uitsmyt as om teenoor hom die liefde en barmhartigheid van God te openbaar. In plaas van geduld met die swakheid van die broeder, so word gevoel, word hier eerder hardvogtigheid en ongeduldige veroordeling van die broeder in die tughandeling tot uitdrukking gebring.

(b) Teenoor die stelling dat die tug deur Christus verorden is met die oog op die bewaring van die heiligheid van die gemeente, word die bedenking geopper dat die tug deurgaans geneig is om *skynheiligheid* in die hand te werk, omdat enersyds alleen uiterlike growwe sondes onder die tug gebring kan word, waardeur die indruk gewek word dat slegs uiterlike dinge sonde is, terwyl andersyds die tug uitgeoefen word deur mense wat self ook sonde het, maar wat hulself “heiliger” as ander beskou omdat hulle vanweë hul minder opvallende sondigheid nie onder die tug geplaas kan word nie. Word daar nie, so word hier gevra, ’n oppervlakkige begrip van die sonde langs hierdie weg gekweek nie en is dit met die oog daarop dat ons almal sondaars is, nie iets wat by voorbaat deur en deur problematies is om sommer te praat van “as jou broeder sondig” nie – terwyl jy self ook daaglik jou sonde meer maak? Word daar nie, so word hier nog eens gevra, ’n valse begrip van heiligheid deur die tug gekweek nie?

(c) Teenoor die stelling dat die tug deur Christus verorden is met die oog daarop om die kerk gesond en slagvaardig te maak, sodat hy sy roeping in die wêreld kan uitvoer, word allerlei nuanseringe van die bedenking ingebring dat die tug die invloed van die kerk in die wêreld verswak en belemmer, omdat die *tug mense van van die kerk af wegdrywe* eerder as om hulle in liefde na

die kerk toe te trek. Die tug “werk” net nie meer in ons tyd nie, so word gevoel, omdat die mens van ons tyd reeds in so ’n mate van die kerk afkerig is dat enige tugmaatreël wat die kerk in eie midde gaan toepas, nie alleen sy eie lidmate van hom vervreem nie, maar ook die wêreld afskrik. Tug moet noodwendig die kerk klein en gevolglik sonder veel invloed in die wêreld maak, en daarom moet die kerk maar liever, ter wille van sy eie groei en invloed, die tug laat vaar.

(d) Teenoor die stelling dat die tug deur Christus verorden is met die oog op die eer van God, sou die bedenking ingebring kon word dat die tug nie tot eer van God kan wees nie, omdat dit, soos in die vorige bedenkinge uiteengesit is, liefdeloos en hard teenoor die sondige broeder is, skynheiligheid by die kerk kweek en mense van die kerk af wegdrywe. Ons sê uitdruklik dat hierdie bedenking ingebring *sou kon word*, met name vanuit prinsipiële standpunt. In die reël sal hierdie bedenking egter nie maklik gehoor word nie, omdat dit in die eerste plaas maar net neerkom op ’n gevolgtrekking uit die vorige drie besware en dus eintlik nie ’n nuwe beswaar bevat nie, en omdat, in die tweede plaas, diegene wat bedenkinge teen die tug inbring, gewoonlik meer die oog op die mens rig as op God, gewoonlik meer bekommerd is oor die lof van die mens as die goedkeuring van God, gewoonlik meer vra wat “in die praktyk werk” as wat “in die Woord geskrywe staan”.

Voordat ons van hierdie bedenkinge teen die tug afstap, wil ons net die aandag daarop vestig dat in elkeen van die eerste drie bedenkinge (ons laat die vierde bedenking nou hier buite rekening, omdat dit net ’n samevattende gevolgtrekking uit die vorige drie behels) ’n veronderstelling gemaak word in verband met die wese van die kerk, net soos daar natuurlik in die motiewe wat Christus beweeg het om die tug vir die kerk te verorden, ook veronderstellinge in verband

met die wese van die kerk vervat is. In die bedenking dat die tug hard en liefdeloos is en daarom liewer gelaat behoort te word, skemer die veronderstelling deur dat die wese van die kerk eintlik daarin geleë is dat die kerk 'n liefdesgemeenskap is, nie 'n regs-gemeenskap nie; 'n geestelike samevoeging van mense waarin daar geen plek is vir kerkreg en kerktug nie, omdat die reg en die tug in stryd met liefde en barmhartigheid en geestelike gemeenskap is. In die bedenking dat die tug skynheiligheid kweek, skemer die veronderstelling deur dat diegene wat kerklike tug wil handhaaf, 'n soort "heilighedskerk" wil kweek en uitgaan van 'n sektariese kerkbegrip, terwyl die kerk homself tog liewer nie moet sien as 'n groepie geheiligdes nie, maar wesenlik as 'n heilsinstituut wat daar is om aan die wêreld in sy geheel die liefde en genade van God te verkondig en aan te bied, wetende dat die mens maar mens bly en sondaar is – ook al is hy lid van die kerk. In die bedenking dat die tug eerder mense van die kerk af wegdrywe as om hulle aan te trek, waardeur die invloed van die kerk in die wêreld belemmer word, skemer die opvatting deur dat die kerk sover as moontlik volkskerk behoort te wees wat soveel moontlik mense moet insluit om soveel moontlik invloed te kan uitoefen. Soos wat die motiewe vir die instelling van die tug deur Christus onderling saamhang en wel onderskei, maar nie geskei kan word nie, so hang ook die veronderstellinge aangaande die wese van die kerk en die wyse waarop hy sy roeping die beste kan vervul, by hierdie bedenkinge innig met mekaar saam. Ons hoop om later daarop terug te kom. Hoofsaak is egter dat ons hier wil beklemtoon dat die besware wat teen die kerklike tug ingebring word, ook gesien kan word as besware wat opkom uit 'n bepaalde kerkbegrip of bepaalde elemente van kerkbegrippe, en dat geen mens hom by die behandeling van dié bedenkinge sal kan losmaak van 'n oorpeinsing van die vraag wat Christus

as die wese van die kerk voor oë gehad het toe Hy die tug vir Sy kerk verorden het nie.

*

Met die noem van hierdie twee hoofredes waarom die tug in die Reformatoriese kerke al meer verval het, het ons by die punt gekom waarvandaan ons in die volgende bladsye wil uitgaan. Ons is naamlik daarvan oortuig dat daar in ons tyd nie maar in algemene terme oor die wese en die doel van die tug gepraat behoort te word nie, maar dat ons die prinsipiële redes vir die verval van die tug eerlik onder die oë behoort te sien en in die lig van die Skrif daarop behoort in te gaan. Daarom is dit dat ons hierdie studie aangepak het, nie met die doel om opnuut 'n handboek te skrywe oor die tug waarin daar allerhande begripsbepalings en sistematiese uiteensettinge aangetref kan word nie, maar met die doel om 'n poging aan te wend om die prinsipiële redes vir die verval van die tug prinsipiël te benader en te vra wat die Woord van God van dit alles te sê het.

By ons behandeling gaan ons om verskillende praktiese redes die twee oorsake wat ons vir die verval van die tug genoem het, in omgekeerde volgorde benader. Dit beteken dat ons eers die verskillende bedenkinge teen die tug onder oë sal moet sien, en wel in omgekeerde volgorde, nl. só dat ons eers gaan handel oor die beswaar dat die tug mense van die kerk wegdrywe, daarna oor die beswaar dat die tug skynheiligheid in die hand werk, en ten slotte oor die beswaar dat die tug liefdeloos is. Ons neem nie die vierde beswaar wat as 'n moontlikheid genoem is, nl. dat die tug nie tot die eer van God kan strek nie, afsonderlik in behandeling nie, omdat dié beswaar net die samevatting van die ander drie besware is plus 'n gevolgtrekking daaruit met die oog op God. Wanneer ons die ander drie

besware behandel het, sal dit vanself onnodig wees om afsonderlike behandeling aan hierdie vierde moontlike beswaar te gee, en ons volstaan dan ook daarmee dat ons in die loop van ons behandeling van die ander drie besware telkens die vraag in gedagte hou of die resultate van die tug tot die eer van God kan wees of nie. Nadat ons dan in die volgende drie hoofstukke op die genoemde drie bedenkinge ingegaan het, sluit ons af met 'n laaste hoofstuk waarin ons die eerste rede, wat vir die verval van die tug genoem is, nl. die gebrek aan ware gemeenskap met mekaar en verantwoordelikheid vir mekaar in die kerk, in behandeling gaan neem.

Alhoewel ons nie bedoel om in hierdie studie in alle volledigheid 'n formele behandeling van die kerklike tug te gee nie, spreek dit egter vanself dat die behandeling van die besware teen die tug ons sal noodsaak om in te gaan op die karakter, sin en oorsake van die tug, sowel as die gesindheid wat noodsaaklik is by die uitoefening van die tug, terwyl ons behandeling van die gebrek aan gemeenskap in die kerk noodwendig sal meebring dat ons sal spreek oor die subjek en objek van die tug, sowel as oor die vraag na watter weg die Bybel ons voorskrywe vir ons onderhandeling met die sondige broeder.

*

Ons sluit hierdie inleidende hoofstuk af deur daarop te wys dat dit seker nie vir ons nodig is om verskoning daarvoor te maak dat ons in die volgende bladsye opnuut aandag gaan vra vir 'n besinning oor die kerklike tug nie. Ons kerk self het in sy beoordeling van die kritieke situasie waarin hy hom in ons dag bevind, al meer tot die ontdekking gekom dat hy, as hy kerk wil bly, tot die toepassing van die tug na die eis van Gods Woord moet terugkeer.

Reeds in 1943 het die Kommissie vir Aktuele Sake van die Raad van die Kerke 'n verslag opgestel oor “Kerklike Tug in die Gefedereerde Kerke” en daarop aangedring dat ringe en kerkrade tog kennis moet neem van die volstreekte noodsaaklikheid van 'n nougesetter toepassing van die tug. Daarna het twee sinodes van ons kerk - die Transvaalse (1944) en die Kaapse (1953) – hulle op 'n indringende wyse besig gehou met die hele aangeleentheid van die tug en die vraag na die redes waarom dit in so 'n mate in ons kerk verval het. In die rapporte wat voor die sinodes gedien het, word met ootmoedige eerlikheid en in diepe erns kennis geneem van die laksheid in ons kerk ten opsigte van die tugoefening, en daar word 'n noodkreet oor die toestand hoorbaar terwyl teweens gepleit word vir praktiese maatreëls om die tugtoepassing te bevorder.

Ook afgesien van wat in die hoogste kerklike vergaderings in die verband besluit is, is dit opmerklik hoeveel verskillende tydskrifartikels in die afgelope jare die aandag van die kerklike leserskring op die absolute noodsaaklikheid van tug vir 'n gesonde kerklike en geestelike lewe kom vestig het. Selfs in allerlei werkies oor die geestelike lewe wat in die jongste tyd verskyn het, word gepleit vir die herstel van die kerklike tug. Hoeseer die kerklike tug in die brandpunt van die belangstelling in ons kerk te staan gekom het, blyk onder meer daaruit dat dit die onderwerp vir bespreking op verskillende predikantekonferensies en ander byeenkomste geword het. Meer as een ring het dan ook besluit om sorg te dra daarvoor dat kerkrade in hulle resort beter ingelig word oor die noodsaaklikheid, wese en doel van die tug.

Wie aan dit alles dink, sal moet toestem dat ons kerk op die oomblik, meer as op enige ander tydstip van sy driehonderdjarige bestaan in hierdie land, ryp is vir besinning oor die tug. Daar is egter talle faktore wat die beoefening van die tug in ons kerk rem en

bemoelijk, en die drie prinsipiële besware teen die tug wat ons in hierdie volgende bladsye in behandeling gaan neem, is vir ons kerk van voor tot agter van die grootste belang, omdat die besware en hulle talle nuanseringe telkens weer opduik as van die tug gerep word.

Dit is ons innige begeerte dat die besinning oor die probleme rondom die tug wat ons hiermee die kerk wil aanbied, daartoe mag bydra om ons almal meer moed te gee om ook in hierdie opsig gehoorsaam te word aan die duidelike Woord van Christus!

HOOFSTUK II

KERKLIKE TUG EN DIE INVLOED VAN DIE KERK

I

Die eerste beswaar teen die kerklike tug wat ons hier in behandeling wil neem, is die beswaar dat die tug noodwendig mense van die kerk af wegjaag, en dus die invloed van die kerk in die wêreld ernstig moet benadeel.

Dit is 'n beswaar wat voor die hand liggend is, omdat feitlik elke meelewende lidmaat van die kerk gevalle sal kan opnoem waar die toepassing van die tug die gevolg gehad het dat die betrokke persoon of persone “uit die kerk bedank het” of hulle eenvoudig teruggetrek het van die kerklike lewe en nooit weer die eredienste bygewoon het nie. In meer as een geval byvoorbeeld het die onsimpatieke wyse waarop hardvotige kerk-mense op iemand wat “onder sensuur geplaas is”, neergesien het, en die geskinder wat 'n hele dorpie na 'n geval van kerklike tugoefening kon deurtrek, die slegte gevolg gehad dat die persoon eenvoudig net nie weer die vrymoedigheid gehad het om kerk toe te gaan nie, selfs nadat die sensuur opgehef is. Dikwels het dit voorgekom dat 'n gesin wat reeds in die diepte van smart en ellende gedompel is deur die sedelike val van 'n dogter of seun, naas die skande wat dit vir hulle op sosiale gebied meebring, ook nog die gevoel gehad het dat die kerk hulle verstoot en veroordeel. Dit kan so maklik gebeur dat mense wat onder tug geplaas word, ondanks die pogings wat die leraar en kerkraad miskien

aanwend om hulle vertrouwe te win en te behou, só 'n gevoel van afkeer vir die kerk ontwikkel dat hulle eenvoudig nooit weer die lus het om kerklik mee te lewe nie.

Hierdie beswaar word nog geweldig versterk deur die feit dat baie lidmate van die kerk eenvoudig nie skroom om van die kerk weg te breek en hulle by 'n ander „kerkgenootskap” of selfs by een of ander sekte te gaan voeg sodra daar kerklik teen hulle opgetree word nie, terwyl daar ook altyd weer kerkgenootskappe en sektes gevind word wat sodanige persone met ope arms sal ontvang sonder erkenning van die tug van die kerk. 'n Mens hoor meermale van hele families wat “na 'n ander kerk oorgegaan het”, net omdat daar tug op een van die lede toegepas is. In 'n sekere gemeente is byvoorbeeld teen 'n diaken opgetree omdat hy as getroude man aan 'n jong meisie die hof gemaak het. Nadat hy eers sonder vrug die kerkraad en die ring met sy prokureur gedreig het, het hy eenvoudig uit die kerk bedank en onmiddellik met sy hele familie na een van die sg. “susterkerke” oorgestap, wat hulle dadelik ontvang het sonder verdere navraag. In 'n ander gemeente het 'n leraar beswaard daaroor gevoel om 'n kindjie van sekere ouers tuis te gaan doop in plaas van tydens die erediens, en die ouers het eenvoudig na 'n sekte oorgegaan, wat maar te bly was om die kindjie tuis te kom doop! Sulke gevalle kan honderdvoudig vermeerder word. Gevolglik ontstaan die vraag watter nut die tug dan het as dit mense op so 'n wyse van die kerk vervreem! Is die tug nog in ons tyd 'n moontlikheid waar die kerklike besef so geweldig verflou het en waar die menigte kerke en sektes altyd weer 'n godsdienstige toevlug bied vir mense wat deur die kerk met die tug aangespreek word? Hoeveel gesinne is vandag aanhangers van sektes, bloot omdat hulle, toe hulle lidmate van ons kerk was, deur die tughandeling van die kerk afgeskrik is? En hoeveel mense

is vandag feitlik buitekerklik, eenvoudig omdat die kerk die roede teenoor hulle wou hanteer?

Hierdie beswaar word gewoonlik met groot klem geopper, omdat dit volle erns skyn te maak met die feit dat die kerk 'n roeping in die wêreld het. Die kerk bestaan tog nie doelloos in die wêreld nie, en veral bestaan die kerk tog ook nie om maar net 'n veilige tuiste te bied vir enkele persone wat meen dat hulle beter as ander is nie. Die kerk vind sy bestaansrede slegs daarin dat hy, self vrug van die feit dat God die wêreld in sy nood aansien en wil red, die beweging van Gods barmhartigheid in die wêreld voortsit (Kraemer). Die kerk het die roeping en opdrag om in die wêreld van Jesus Christus te getuig en die redding van siele na te strew. Hoe kan die kerk egter hierdie hoe roeping vervul as sy invloed in die wêreld verskraal word deur die feit dat die kerk met sy tugtoepassing mense eerder van die kerk (en daarmee van Christus self) wegdrywe as om hulle nader te trek? As dit waar is dat die toepassing van die tug mense van die kerk vervreem (en die praktyk skyn dit tog te bevestig dat dit so is), dan besef 'n mens tog dat die tug vir die kerk 'n duur saak is. Die kerk verloor sy invloed op daardie persone wat van die kerk weggedrywe word, en verloor daarmee saam ook die vertroue van 'n groot aantal mense wat in die kerk na liefde en ontferming soek, nie na bestraffing en afranseling nie, terwyl meer as een getroue lidmaat van die kerk geskok raak in sy kerk vanweë die feit dat die kerk toelaat dat mense van hom weggedrywe word deur die tug, in plaas daarvan om in liefde sulke persone aan te neem en te probeer win. Die kerk boet so langsamerhand sy invloed op die groot volksgeheel in, en as die kerk so sou voortgaan, sal daar 'n baie groter deel van die Afrikanervolk wees wat later net nie meer hulle geestelike tuiste in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (wat tog by uitnemendheid die kerk van die Afrikaner is) vind nie,

omdat hulle óf buitekerklikes óf sekte-volgelinges geword het. Daar is reeds vandag soveel antipatie teen die kerk, daar is ook reeds soveel faktore wat aanstoot gee in die kerk, dat die kerk tog maar liever nie nog deur die toepassing van die tug sy invloed moet kortwiek nie. Indien die kerk nooit die tug verwaarloos het nie, mag dit miskien nog moontlik gewees het om tot op ons dag tug toe te pas sonder merkbare skade vir die kerk, maar waar die kerk gedurende 'n baie lang tydperk van sy bestaan die tug laat verwaarloos het, is dit vandag 'n uiters gewaagde saak om weer met 'n strengere toepassing van die tug te begin. Die mens van ons dag sal eenvoudig net nie meer van die kerk verdra wat mense in vroeër eeue van die kerk verdra het nie, en veral waar hy ook van die kant van die kerk self stelselmatig gewoon gemaak is aan die idee dat die kerk nie meer tug toepas nie, sal 'n hernieude toepassing van die tug in ons tyd eenvoudig ramspoedige gevolge meebring. Dit sal die kerk verskeur en op so 'n wyse verdag maak dat sy invloed in hierdie land noodwendig moet taan. En hoe kan die kerk dán die lig van die wêreld en die sout van die aarde wees? Hoe kan die kerk dan vir ons volk beteken wat hy moet beteken? Hoe kan die Nederduitse Gereformeerde Kerk hom dan voor God verontskuldig oor die aanklag dat hy medeverantwoordelik is vir die ontkerkliking van die Afrikanervolk? Hoe kan 'n mens ooit, met dit alles voor oë, daaraan dink om weer oor 'n strengere toepassing van die tug te gaan spreek, veral aangesien hierdie dinge wat hier genoem is, tog seker in 'n baie groot mate aanleiding was tot die verval van die tug in haas alle Protestantse kerke, en met name in ons eie Nederduitse Gereformeerde Kerk?

*

Die oorweginge wat met hierdie beswaar teen die kerklike tug saamhang en dit dra, wek die indruk van innerlike erns te besit, omdat hulle skynbaar die kerk wil beskerm teen die agterdog en wantroue van die wêreld, en dit met name omdat hulle die roeping van die kerk in die wêreld só ernstig sien dat hulle enige faktor wat die invloed van die kerk in die wêreld kan benadeel, graag verwyder sal wil sien. Hoe mooi dit nou egter ook is dat daar nog persone is wat die roeping van die kerk in die wêreld in 'n ernstige lig sien, tog is dit duidelik dat iemand wat die bogenoemde oorweginge aanvoer met die oog op die uitvoering van die roeping van die kerk in die wêreld, oorweginge wat daarop bereken is om die kerklike tug geheel en al uit te skakel, *'n geweldige misverstand daarop nahou*. Die misverstand raak nie die feit dat die kerk 'n roeping in die wêreld het en wat die roeping is nie, maar *die weg waarlangs die kerk sy roeping in die wêreld die beste kan vervul*. Almal sal saamstem dat die kerk van Godsweë die opdrag het om in die wêreld van Jesus Christus te getuig en almal op te roep tot bekering, en almal sal saamstem dat die kerk dit alleen met welslae kan doen as hy die juiste omstandighede het waaronder sy invloed in die wêreld uitgeoefen kan word, maar die punt waar die verskil intree, is dáár waar die vraag beantwoord moet word wát die juiste omstandighede is waaronder die kerk die meeste invloed kan uitoefen. En nou is die misverstand van diegene wat die genoemde oorweginge ter bestryding van die kerklike tug aanvoer, dat hulle van mening is dat die kerk die grootste invloed in die wêreld kan uitoefen, wanneer hy *soveel lede as moontlik het en so min aanstoot as moontlik gee*.

Met die eerste oogopslag kan dit vreemd voorkom dat ons dit 'n misverstand noem, want die vraag kan tog opkom of dit nie waar is dat die kerk 'n groter invloed kan uitoefen in die wêreld as hy groot en sterk

is en baie lidmate het nie, en of die kerk nie só behoort te lewe en werk dat hy nie struikelblokke in die weg van sondaars lê om tot die geloof in Christus Jesus te kom nie. En dan sou 'n mens bra moeilik kan sê dat dit nie waar is nie. Ja, 'n mens sal selfs verder moet gaan en erken dat die kerk gedurig daarna moet strewe om sy lede te vermeerder en om só te lewe en te werk in die wêreld dat hy nie die oorsaak daarvan is dat mense van Christus weggehou word nie. Dit is tog so dat die Nuwe Testament vol is van die opdrag aan die kerk, dat hy moet uitbrei en steeds moet strewe om nuwe lede by sy geleedere te voeg. Christus stuur Sy dissipels die wêreld in met die opdrag om die evangelie te verkondig aan al die nasies en hulle langs die weg in te bring in Sy kerk (Matt. 28 : 19). Die apostels, en met name Paulus, gee hulle lewe daarvoor om die evangelie aan alle bereikbare mense te verkondig, sodat die kerk van Christus uitgebrei kan word. Christus self het Sy dissipels geleer om te bid vir die koms van Gods koninkryk, waarmee (na luid van die Heidelbergse Kategismus, antw. 123) óók bedoel word : “Vermeerder U kerk.” En net so het Christus Sy dissipels ook geleer om versigtig in hierdie wêreld te wandel en nie die oorsaak te wees van struikeling vir ander nie (Matt. 18 : 7) — 'n les wat Paulus aan die kerk van alle tye ook nagelaat het deur sy optrede in al sy gemeentes. Op sigself genome, klink dit dus volkome Bybels om te sê dat die kerk die meeste invloed kan uitoefen wanneer hy die meeste lede het en wanneer hy die minste aanstoot gee.

Maar — en dit is hier waar die gevaarlike angel van die bogenoemde oorweging inkom, sodat ons van 'n ernstige misverstand moet spreek — wanneer die kerk op so 'n wyse na 'n vermeerdering in lidmate gaan soek dat hy dit nie meer met die tug kan rym nie, maar die tug as hinderlik vir die vermeerdering van sy lidmatetal aanvoel; en wanneer die kerk só bang word

om aanstoot te gee dat hy maar liever besluit om die tug te laat vaar, dan dreig daar 'n geweldige gevaar, omdat die kerk dan die oogmerke om te vermeerder en die opdrag om geen struikelblok te wees nie, gans en al *misverstaan*. Dit beteken dan immers dat die kerk op so 'n wyse die uitbreiding van sy lidmatetal op die oog het, dat hy nie meer kan bekostig om die toets aan te lê of die lidmate werklik by die kerk hoort en in geestelike sin tuis is in die kerk nie. Dit beteken dan immers dat die kerk so geïnteresseerd geraak het in die kwantiteit dat hy nie meer durf waag om te vra na die kwaliteit van sy lidmate nie. Die tug is bedoel om 'n oog te hou op die kwaliteit van die kerk en gedurig aan individuele lede van die kerk die vraag te stel of hulle wel geestelik by die kerk hoort of nie, en daarom tree die tug as 't ware siftend in die kerk op, sodat dit noodwendig aanstoot moet gee aan diegene wat kwalitatief nie by die kerk hoort nie. Wie nou op so 'n wyse die oogmerk van die kerk om sy lidmatetal uit te brei, gaan verabsoluteer dat hy voel dat die kerk liever nie meer die vraag na die kwaliteit van sy lede behoort te stel nie, uit vrees dat die kerk aanstoot sal gee aan vele wat geestelik nie by die kerk hoort nie, met die gevolg dat hulle dan die kerk sal verlaat en die kerk dan as gevolg daarvan invloed sal verloor, by hom dreig die misverstand van te dink dat die kerk slegs dán invloed kan uitoefen, as hy onvoorwaardelik vir die mens aangenaam is. By hom dreig die misverstand van te dink dat dit nog betekenis kan hê om kwantitatief baie mense sogenaamd te beïnvloed, sonder om die vraag te stel na die *kwaliteit* van die invloed.

Hierdie misverstand dreig telkens weer dáár waar die kerk verstaan word as *volkskerk*. Dit is nogal moeilik om altyd presies te sê wat deur al die persone wat die term “volkskerk” gebruik, daaronder verstaan word. Tog kan ons sê dat dit hoofsaaklik wil aandui dat die kerk, vir sover dit enigsins moontlik is, moet probeer

om die volk waarbinne hy bestaan, in sy geheel in te sluit. Op die agtergrond van die volkskerk-gedagte lê die ideaal van een kerk vir een volk. Dit is dan ook opmerklik dat die volkskerk-gedagte veral daar tot ideaal verhef is, waar in 'n bepaalde land een of ander kerk in so 'n mate beslag gekry het dat dit by uitnemendheid die kerk van daardie spesifieke land en volk geword het, soos bv. die Evangelies-Lutherse Kerk in Duitsland, die Anglikaanse Kerk in Engeland en die Nederlandse Hervormde Kerk in Nederland. Die volkskerk wil dan alles in werking stel om beslag te lê op die *hele volk*, sodat die hele volk kan word tot 'n Christelike volk, 'n gedoopte volk.

As sodanig is dit 'n wonderlike ideaal. Die kerk moet sy oog gevestig hou op die volksgeheel en alles in werking stel om die hele volk te dien met die evangelie van verlossing. Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor die volk waarin dit gestel is, en moet dit as sy ideaal stel om eenmaal ook werklik elke lid van daardie volk vir Christus en Sy kerk te win. Die kerk het daarby ook nog die verantwoordelikheid om die volk met al die lae van sy bestaan vir Christus te bly behou en nie net kerk vir een of ander sosiale stand of sektor in die volkslewe te wees nie. In hierdie sin geneem, kan die ideaal van 'n volkskerk nie verkeerd wees nie; intendeel, dit is selfs noodsaaklik dat die kerk in daardie sin volkskerk moet wees. Die gevaar wat daar egter in die volkskerk-gedagte skuil, is dit, dat die ideaal om die volk in sy geheel in die kerk in te sluit, so maklik op so 'n wyse verabsoluteer kan word dat die kerk letterlik daardie ideaal *teen elke prys* nastreef. Dit het feitlik nog altyd so gegaan in die geskiedenis dat die volkskerk hierdie ideaal in so 'n mate verabsoluteer dat hy slegs nog oog gehad het vir die kwantiteit en nie meer vir die kwaliteit nie. En waar dit gebeur, moet die kerk noodwendig grootte en uitbreiding stel bo suiwerheid. Is dit egter die geval, dan

is die Nieu-Testamentiese voorstelling van die kerk losgelaat, en word die kerk 'n massa-kerk waaruit niemand meer uitgesluit wil word nie, selfs nie eens persone wat openlik in leer en lewe toon dat hulle nie weet wat die kerk eintlik is of waarom dit in die kerk gaan nie. Duisende wat vreemd is aan die gees van die kerk en geen verhouding hoegenaamd tot die Heer van die kerk het nie, word as lede van die volkskerk erken en geduld, net omdat die kerk nie die moed het om die vraag te stel of sulke persone wel by die kerk hoort of nie, uit vrees dat hulle daaraan aanstoot sal neem en die kerk sal verlaat - waardeur die kerk dan weer verder weg sou staan van sy ideaal om almal as sy lede te kan tel! Dit het feitlik nog altyd so gegaan dat die volkskerk feitlik alle voorwaardes vir lidmaatskap laat verval het en oor 'n wye doopspraktyk en slegte katkisasie heen soveel lidmate as moontlik vir die kerk probeer insamel het.

En dit alles geskied dan met die gedagte dat die kerk langs hierdie weg die meeste invloed in die wêreld kan uitoefen. Die motief agter die volkskerk-gedagte is om die hele volk te deursuur en te verchristelik. Die redenasie is dat dit wel waar mag wees dat almal wat deur die volkskerk ingesluit word, nie uit die staanspoor kwalitatief by die kerk hoort nie, omdat hulle Christus nie ken nie en vreemd is aan die gees van die kerk, maar sulke persone leef dan tog darem binne die *invloedsfeer* van die kerk. Solank hulle lidmate van die kerk is, het die kerk nog 'n sekere vat op hulle, 'n geleentheid om hulle aan te spreek en 'n moontlikheid om hulle op so 'n wyse te beïnvloed dat hulle later daartoe gelei mag word om op die regte pad te kom. Deur insluiting van al die lede van die volk, of soveel van hulle as moontlik, hoop die volkskerk om 'n groter vat op die geheel te kry en sodoende 'n beter getuienis in die wêreld te kan lewer. Die ideaal word gekoester om die volk wat op hierdie wyse by die kerk ingeskakel

is, op te voed en langsamerhand in te skakel in die lewe van die kerk, omdat die Gees van Christus wat in die kerk werksaam is, gaandeweg die geheel sal deursuur en die vreemde elemente wat daarin opgeneem is, sal verander. Daarom kan die volkskerk so dikwels ook in tel wees by talle sogenaamde “volksmanne” wat self Christus nie ken nie en miskien nooit daaraan sal dink om 'n erediens in die kerk by te woon nie, maar wat tog die kerk so graag as een van die pilare in die volkslewe wil beskrywe. In die monde van sulke mense word talle uitdrukkinge gevorm oor die kerk as die “erfenis van die volk” wat tog bewaar moet bly, omdat dit dien as 'n middel om goeie invloed uit te oefen in die volkslewe.

Die redenasie is dus volkome duidelik : terwille daarvan dat die kerk 'n roeping in die wêreld het en soveel invloed as moontlik moet probeer uitoefen, moet die kerk soveel lede as moontlik insluit. En die res van die redenasie is dus ook duidelik : omdat die tug mense afskrik en hulle in die verleentheid bring, moet die kerk die tug heeltmaal agterweë laat, anders is dit skadelik vir die uitbreiding van sy ledetal en gevolglik vir sy invloed in die wêreld. Die volkskerk-gedagte is eenvoudig nie te rym met die handhawing van die tug nie, en die geskiedenis leer dat daar geen enkele geval bestaan waar die kerk die ideaal van volkskerk te wees, gaan vertroetel het waar die tug gehandhaaf kon bly nie. As die tug gehandhaaf moet word, kan almal nie voor die voet gedoop en aangeneem word nie, kan almal nie sonder meer in die kerk geduld word, of hulle in sonde lewe of nie, en kan elkeen nie maar leer wat hy wil, of dit Bybels is of nie. En dit is nou juis die beswaar van die volkskerk teen die tug, dat dit daarop bereken is om die kerkdeure te sluit vir sommige mense, dat dit daarop bereken is om die sakramente te weier vir sommige mense, dat dit die voorreg om belydenis van geloof af te lê, kan terughou van sekere mense —

en dat dit dus geweldig aanstoot kan gee. As daar egter aanstoot gegee gaan word, gaan die invloed van die kerk in die wêreld noodwendig verminder en gaan baie mense wat nie by die kerk sonder meer die doop vir hulle kindertjies kan kry en wie se kinders nie sonder meer toegelaat gaan word om belydenis te doen nie, eenvoudig die kerk verlaat en hulle by die sektes of by 'n ander sogenaamde kerk voeg, terwyl ander wat onder die tug geplaas word, aanstoot kan neem en miskien selfs heeltemal buitekerklik kan word. Daarom doop die volkskerk maar almal wat na die doopvont gebring word, sonder navraag. Daarom trou die volkskerk maar almal wat daarvoor vra (om watter rede dan ook) in die kerk. Daarom laat die volkskerk maar almal toe tot die Heilige Awendmaal en nooi selfs by die tafel nog almal uit om aan te sit “as hulle die vrymoedigheid daartoe het”. Die volkskerk wil veral tog niemand “seermaak” nie, en daarom laat hy alles maar vir almal toe, met die gedagte dat hy daardeur telkens 'n “geleentheid” kry om mense te bearbei en so miskien 'n groter invloed uit te oefen. En so, kan ons afsluitend sê, staan die invloed en die tug van die kerk in die gedagtes van diegene wat die volkskerk-ideaal koester, lynreg teenoor mekaar en sluit mekaar uit, sodat daar 'n keuse tussen albei gedoen moet word — 'n keuse wat dan altyd maar weer ten gunste van die invloed van die kerk gedoen moet word, omdat dit uiteindelik daarin tog gaan om die redding van siele. *Dit is die fatale misverstand waarmee ons by hierdie bedenking teen die tug te doen het.*

II

Ons het in die voorafgaande bladsye telkens beweer dat daar 'n misverstand op die spel is as iemand meen dat die invloed van die kerk in die wêreld die grootste is wanneer die kerk soveel lede as moontlik het en so

min aanstoot as moontlik gee, en dat die kerk gevolglik liever maar die tug agterweë moet laat, omdat die tug aanstoot gee en mense van die kerk af wegdrywe. Ons wil nou graag nader daarop ingaan en aantoon hoe daardie redenasie 'n volslae vergissing is, en wel om dié rede dat *as die tug in die kerk verwaarloos word, die kerk nie meer ten volle kerk is soos die Nuwe Testament die kerk aan ons voorstel nie, en gevolglik ook nie die innerlike krag kan hê wat die Nuwe Testament aan die kerk toesê nie.*

Die verwaarlosing van die tug moet in enige kerk noodwendig afstuur op die verworping van die kerk, omdat die kerk dan 'n massakerk word wat eenvoudig geen plek vir enige dissipline meer het nie. Dit is die sekerste teken dat die kerk nie meer Nieu-Testamenties is nie, as hy geen plek vir die tug meer het nie. Die beeld wat die Nuwe Testament ons van die kerk gee, is nie denkbaar sonder tugoefening nie; en verre daarvandaan dat die tug skadelik sou wees vir die beste belange van die kerk in die Nieu-Testamentiese sin van die woord, is dit eerder een van sy noodsaaklike kenmerke.

Die Bybel leer ons immers dat die kerk nie maar 'n massa mense is wat deur 'n bepaalde kerknaam saamgebind word tot 'n groot volksorganisasie nie, maar dat die kerk die vergadering is van heel spesifieke persone. Die kerk bestaan volgens die Nuwe Testament alleen uit ware gelowiges, uit ware verlostes. Die Nederlandse Geloofsbelydenis vat die Skrifgegewens in verband met die kerk juis saam as hy bely : “Die kerk is die vergadering van ware gelowiges in Christus, wat hul hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees” (art. 27). Die Heidelbergse Kategismus praat selfs van die kerk as die gemeente van uitverkorenes (vr. 54). Die Nuwe Testament spreek dikwels oor die kerk as die liggaam van Christus (vgl. o.a. 1 Kor. 12; Rom. 12;

I Kor. 10; Ef. 4), en as ons gaan ondersoek wat daarmee bedoel word, dan vind ons dat in die eerste plaas daarmee bedoel word dat die kerk in sy geheel 'n baie innige verhouding met Christus het. Daar is 'n eenheid tussen Christus en die kerk op so 'n wyse, dat Christus die Hoof genoem word van Sy liggaam, die kerk (Ef. I : 22-23; 4 : 15; 5 : 23; Kol. 1 : 18; 2 : 19). Daar is 'n organiese eenheid tussen Christus en Sy liggaam, wat beteken dat dieselfde lewe wat in die Hoof is, ook in die liggaam is. Die liggaam kan slegs lewe in sy eenheid met sy Hoof en kan slegs gesond lewe onder die regering deur die Hoof. Elke lid van die liggaam het 'n lewensverband met die Hoof, anders is hy nie deel van die liggaam nie. Dit beteken dat elke lid van die kerk 'n persoon moet wees wat deel in die lewe van Christus, wat inniglik aan Hom verbonde is en deur Hom regeer word. Elke lid van die kerk moet persoonlik 'n lid van Christus wees, iemand wat deur die geloof in Christus ingeplant is. Duidelik praat die Bybel van *ons almal* en *elkeen van ons* as mense wat persoonlik lede van Christus is — en dáárom lede van Sy kerk is (Rom. 12 : 5; 1 Kor. 12 : 7, 11, 13; Ef. 4 : 6, 16, ens.). Die kerk bestaan uit diegene wat in gemeenskap met Christus verkeer en afgegrens is van diegene wat nie aan Hom behoort nie en dus nog “buite staan” (vgl. 1 Kor. 5 : 13). Wie buite en wie binne die geledere van die kerk gereken mag word, word uitsluitend bepaal deur die antwoord op die vraag of daar 'n persoonlike verhouding tot Christus is of nie. Slegs die gelowiges is lede van Christus en daarom van Sy kerk, want slegs hulle is “een gees met Hom” (1 Kor. 6 : 17). Hulle behoort nie meer aan hulleself nie, omdat hulle gekoop is en die prys vir hulle betaal is (1 Kor. 6 : 19, 20). Slegs diegene wat in Christus ingeënt is soos die loot in die wynstok (Joh. 15), kan ware lede van die kerk wees, want slegs hulle is kinders van God wat met Christus bekleed is (Gal. 3 : 26, 27, 29). Die

kerk moet 'n geestelike gebou wees wat opgebou is uit lewende stene (1 Pet. 2 : 5). Die kerk is 'n volk, ja, maar 'n volk wat die eiendom van Christus is; mense wat geroep is uit die duisternis tot die wonderbare lig (1 Pet. 2 : 9); mense verlos uit die mag van die duisternis en oorgebring in die ryk van die Seun van Gods liefde (Kol. 1 : 13); mense wat verseël is met die Heilige Gees as onderpand van hulle verlossing (Ef. I : 12, 13; 2 Kor. 5 : 5).

Hierdie dinge is tog baie duidelik die leer van die Heilige Skrif. Hoe en wanneer het dit dan gebeur dat die duidelike uitsprake van die Skrif vergeet geraak het, en dat mense toegelaat is om lidmate van die kerk te wees sonder dat dit vir 'n enkele oomblik wil sê dat hulle wedergebore kinders van God is wat deur die geloof in Christus ingeplant is en sekerheid het aangaande hulle verlossing? Wanneer 'n mens tog belydenis van jou geloof doen, verklaar jy voor God en Sy heilige gemeente dat jy Jesus Christus aangeneem het as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker; dat jy 'n hartlike begeerte het om God lief te hê en Hom alleen te dien, die wêreld te versaak en in 'n nuwe godsalige lewe te wandel. Hoe kan dit wees dat talle persone toegelaat word om hierdie verklaring plegtig af te lê sonder enige sekerheid van hulle saligheid, sodat hulle kort ná die belydenis van hulle geloof al weer aan die predikant op huisbesoek moet sê dat hulle geensins sal wil voorgee dat hulle kinders van God is nie, al doen hulle darem hulle bes om goed te lewe? Hoe en wanneer het dit moontlik geword dat mense toegelaat kan word om belydende lidmate van die kerk te wees sonder dat daar ooit 'n persoonlike gesprek met hulle plaasgevind het waarin van die kant van die kerk vasgestel is of daardie broeders en susters ooit verstaan dat hulle 'n verbond met God het en dat alle verbonde twee dele het, sodat die eis van bekering tot God aan hulle voorgehou kon word as hulle kant van die verbond?

Hoe en wanneer het dit moontlik geword dat dit as piëtisme en metodisme bestempel kan word om iemand te vra na sy bekering en om dan in alle liefde aan so 'n persoon voor te hou dat die kerk slegs daar is as liggaam van Christus, as versameling van bekeerde mense, en nie as vergadering van “besdoeners” nie? Hoe en wanneer het dit moontlik geword dat 'n mens 'n lidmaat van die kerk kan wees sonder om 'n lidmaat van Christus te wees, sonder om uit Hom te lewe en sonder om deur Hom alleen regeer te word?

Dit het gebeur van die oomblik af toe die kerk homself wysgemaak het dat hy, ter wille van sy invloed in die wêreld, liever nie mense aanstoot moet gee deur enige voorwaarde te stel vir lidmaatskap van die kerk nie. Van daardie oomblik af het die kerk geword tot 'n uiterlike, sosiale liggaam waaraan elkeen maar voor die voet kan behoort sonder dat dit iets sê aangaande sy verhouding tot Christus. Toe die kerk besluit het om niemand meer seer te maak nie, maar liever almal vir die kerk te probeer behou, toe het die kerk sy lidmaatskap oopgesit vir ryp en groen, suiwer en onsuiver, gelowige en ongelowige. Toe die kerk eers die ideaal begin koester het om die hele volk in te sluit (natuurlik met die loflike doel om die hele volk ten goede te beïnvloed), en daardie ideaal begin nastrewe het teen elke prys, sodat die tug nie meer met die kerk se begeertes te rym was nie, toe het dit gebeur dat lidmaatskap van die kerk en lidmaatskap aan Christus nie meer as dieselfde saak gesien is nie. Toe het die kerk vergeet dat dit onmoontlik is om Gods werk in hierdie wêreld te doen sonder om te vra na wat die wil van God vir die middel is wat Hy wil gebruik. Dit het toe nie meer saak gemaak dat die kerk nie meer beantwoord het aan die beeld van die kerk wat die Nuwe Testament vir ons gee nie. Toe het die kerk slegs nog oog gehad vir eie uitbreiding en grootte, en hy het vergeet dat die roeping van die kerk om uit te brei, nie

beklemtoon mag word *ten koste van* die eis dat elke lidmaat van die kerk 'n lidmaat van Christus moet wees nie. Die groot uitbreiding van die kerk op en ná Pinksterdag het slegs geskied deurdat die Here self daaglik by die gemeente diegene gevoeg het wat gered is (Hand. 2 : 47). 'n Mens mag nie by die kerk gevoeg word as die Here self hom nie by die kerk voeg nie, en die Here sal hom nie by die kerk voeg, as Hy nie eers deur Sy Heilige Gees in hom die aanvaarding van die verlossing bewerk het nie! Daarom is dit dat Paulus sy gemeentelede met vrymoedigheid kan aanspreek as “geheiliges in Christus Jesus” (1 Kor. 1 : 2), omdat hy aangaande hulle oortuig was dat hulle mense is aan wie die genade van God in Christus Jesus gegee is (1 Kor. 1 : 4), omdat hulle deur God geroep is tot die gemeenskap met Sy Seun, Jesus Christus (1 Kor. 1 : 9), en dus nou aan Christus behoort (1 Kor. 3 : 23), sodat hulle nou - al was hulle vroeër ook mense wat gelééf het in die sonde - afgewas, geregverdig en heilig is in die Naam van die Here Jesus Christus deur die Gees van God (1 Kor. 6 : 11). Slegs wanneer die kerk vrymoedigheid het om só oor mense te spreek, mag hulle by die kerk gevoeg word as lidmate, omdat dit dan duidelik is dat God self hulle by die kerk gevoeg het. Geen mens is bevoeg om iemand by die kerk te voeg om watter rede dan ook nie, en as hy dit tog sou doen om mense toe te laat om sonder die getuienis van die Gees van God in hulle binneste tot die kerk toegevoeg te word, dan bou hy met hout, hooi en stoppels 'n gebou wat die vuurtoets van God nie kan deurstaan nie (1 Kor. 3 : 9-15). Dit is egter presies wat die kerk gedoen het toe hy die ideaal van die volkskerk getroetel het en gebou het net om te kan bou, sonder om die vraag te stel na die kwaliteit van die boumateriaal.

En dit alles het geskied omdat die kerk graag 'n groot invloed in die wêreld wou uitoefen, graag die lig van die wêreld en die sout van die aarde wou wees!

Waar het Christus egter ooit gesê dat die kerk *groot* moet wees om die lig van die wêreld te kan wees? Waar het Christus ooit gesê dat die kerk tog maar versigtig moet wees om nie mense af te skrik deur eerlik met hulle te wees nie, sodat hulle nie van die kerk weggaan nie, maar daarby bly, sodat hulle deur die kerk beïnvloed kan word? Wee die kerk wat hom laat lei deur gedagtes wat lynreg in stryd is met die Woord van God en gevolglik weier om tug toe te pas, omdat dit moontlik mense van hom (en sy invloed) kan vervreem! Christus was nooit bang om mense van Hom te laat weggaan as hulle nie bereid was om Hom ten volle te volg nie. Hy laat die ryk jong man van Hom weggaan ondanks die feit dat hy skynbaar 'n ernstige en goeie jong man was, iemand wat Jesus selfs by die eerste aanblik liefgekry het. Hy laat hom weggaan, omdat hy nie kans gesien het om die keuse tussen Christus en sy geld te doen nie (vgl. Luk. 18 : 18-25). Selfs iemand wat verklaar dat hy Christus sal volg, waar Hy ook mag gaan, word feitlik deur Christus ontmoedig deurdat Hy hom wys op die prys wat dit sal kos (Luk. 9 : 57-58). Jesus het dit nooit so voorgestel asof dit maklik is om 'n kind van God en lidmaat van die kerk te wees nie. Jesus het nêrens aan die kerk opdrag gegee om minder profeties te wees, sodat die aanstoot wat die profetiese woord noodwendig moet gee, weggeneem kan word nie. Daarom mag die kerk ook nie bang wees om mense van hom te laat weggaan as hulle nie ware gelowiges is nie, as hulle nie bereid is om te verstaan wat dit beteken om Christus te volg nie. Hoeseer dit ook die kerk tot droefheid moet stem om van sy lede te verloor — wat nog te sê om te sien dat sy lede onder die tughandeling hulle verhard en hulle elders gaan voeg waar hulle vriendelik ontvang word — mag dit nooit 'n rede vir die kerk wees om die duidelike beeld wat die Skrif vir ons van die kerk teken, te veronagsaam en 'n massa-kerk te word nie. Hoe kan

die kerk verwag om deur God gebruik te word as hy onverskillig staan teenoor die voorwaardes wat God gestel het vir die kerk om gebruik te kan word?

Dit moet tog duidelik wees dat die kerk nie die lig van die wêreld en die sout van die aarde kan wees as hy nie 'n duidelike getuienis kan laat hoor in die wêreld nie. En hoe kan die kerk 'n duidelike getuienis laat hoor as hy met die wêreld vermeng is? Hoe kan die kerk getuig van die verlossing wat daar in Christus Jesus is, as die kerk nie meer omgee of sy eie lede daardie verlossing smaak nie? Grootte is nie sonder meer 'n voorwaarde daarvoor dat die kerk 'n groot invloed in die wêreld moet kan uitoefen nie. As die kerk groot en sterk sou wees, en al sy lede sou oortuigde kinders van God wees, dán spreek dit natuurlik vanself dat die kerk 'n magtige krag in hierdie wêreld sal kan wees. Maar as die kerk groot en lomp is, en sy lede is vir die grootste gedeelte onbekeerd en sonder 'n persoonlike getuienis van die verlossing wat daar in Christus Jesus is, dan is so 'n kerk swak en sy invloed is minimaal. Laat die kerk dan liever klein wees, maar suiwer. Hoe het die klein klompie Christene ná Pinksterdag nie die hele wêreld geskud nie, omdat hulle oortuig was van hulle saak en vervul was met die Gees van God. Maar hoe min neem die wêreld vandag kennis van die groot volkskerke wat so vermeng is met die wêreld dat hulle eintlik nie meer die karakter van kerk vertoon nie! Nee, as die kerk die lig van die wêreld en die sout van die aarde moet wees, dan moet hy naby aan Christus bly, dan moet hy erns maak met die vraag na sy kwaliteit. Dan moet die kerk tug beoefen. Dan moet die kerk 'n wag betrek by sy poorte en alles in sy vermoë doen om weer kerk te wees in die sin waarin die Nuwe Testament van die kerk spreek. Dan moet die kerk waak oor die leer en lewe van sy lidmate en hulle gedurig oproep om slegs op Christus alleen te vertrou en uit Sy genade alleen te lewe. Dan moet die kerk die

moed hê om profeties te wees en aanstoot te gee waar dit nodig is, sonder om ooit daaraan te dink om grootte en uitbreiding bo suiwerheid te stel. Ook in hierdie verband geld die woord van Christus dat elkeen wat sy lewe wil red, dit sal verloor, maar dat elkeen wat sy lewe om Christus en die evangelie ontwil verloor, dit sal vind (Mark. 8 : 35). As die kerk sy eie grootte en uitbreiding soek, met die gedagte om daardeur 'n groter invloed te kan uitoefen, sal hy feitlik geen invloed kan uitoefen vanweë sy gemengde karakter nie. Maar as die kerk ter wille van Christus en die waarheid van die evangelie eerder bereid is om mense van hom te laat weggaan, sal hy 'n magtige en ongekende invloed kan uitoefen. As die kerk nie tug beoefen nie, moet hy noodwendig verword tot 'n onbruikbare instrument vir sy Here, moet hy noodwendig sonder innerlike krag wees, moet hy noodwendig sy veel gesogte invloed op die lang duur verloor. Gelukkig die kerk wat dit verstaan en aan Christus gehoorsaam is!

III

Die opvatting dat die kerk die grootste moontlike invloed in die wêreld kan uitoefen wanneer hy die grootste moontlike aantal lede besit, en dat dit kerk dus teen elke prys daarna moet strewe om soveel lede as moontlik te bekom, sodat hulle almal onder die invloed van die kerk betrek kan word, ly egter ook nog aan 'n verdere misverstand, nl. *dat die invloed van die kerk na binne uitgeoefen moet word*, d.w.s. op sy lidmate, in plaas dat verstaan word *dat die kerk sy invloed na buite behoort uit te oefen*, d.w.s. op nie-lidmate van die kerk. Ons bedoel daarmee eenvoudig net dit, dat die kerk tog deur Christus geroep word om die lig van die wêreld en die soul van die aarde te wees. Die invloed van die kerk geld dus diegene wat buite die kerk is. Die lig van die kerk moet skyn in die donker

wêreld en gesien word deur diegene wat nie in die kerk is nie. Wanneer nou egter geredeneer word dat die kerk moet probeer om sy ledetal uit te brei sonder om te vra na die kwaliteit van die lede, met die bedoeling om dan diegene wat eintlik nie by die kerk hoort nie, maar tog lidmate van die kerk geword het, langamerhand te kan beïnvloed, dan beteken dit dat die kerk sy arbeidsterrein voortaan binne homself sal moet vind; dat die kerk voortaan die lig van die kerk en nie die lig van die wêreld sal wees nie; dat die kerk sy invloed nie meer ten opsigte van die wêreld hoef te laat geld nie, maar ten opsigte van sy sogenaamde lede; dat die oë van die kerk dus na binne gerig sal moet word in plaas van na buite. Die kerk volg dan direk die teenoorgestelde beleid as wat die Nuwe Testament voorskryf, en tree nie met 'n goddelike roeping die wêreld tegemoet nie, maar laat eers die wêreld in die kerk in en probeer dan daarna om die wêreld binne-in die kerk te bearbei.

Die ergste is dat hierdie toestand soms goedgepraat word deur die gebruikmaking van die eeue-oue en eg Reformatoriese onderskeiding tussen die *sigbare en die onsigbare* kerk. Wanneer hierdie onderskeiding reg hanteer word, dui dit aan dat die ware kerk van Christus, waaraan slegs die uitverkore verlostes behoort, vir die menslike oog “onsigbaar” is, omdat ons wel kan sien wie aan die sigbare kerk behoort (d.w.s. wie se name in die boeke van die aardse kerk staan), maar nooit kan sien wie van hulle ook werklik tot die uitverkore verlostes behoort nie. Dit is naamlik so dat die kerk op aarde selfs in sy allersuiwerste vorm nooit in staat is om al die huigelaars uit sy midde te weer nie. 'n Egte huigelaar is immers juis iemand wat bely dat hy in Christus glo en ook so lewe dat dit na die uiterlik volkome lyk asof hy 'n kind van God is, terwyl hy in werklikheid in die geheel nie glo nie en dus ook nie 'n kind van God kan wees nie. Die kerk is

nie in staat om sodanige persoon uit sy midde te weer nie, omdat die kerk nie in staat is om oor die innerlike van 'n persoon te oordeel nie. Die gevolg is egter dat die sigbare kerk, d.w.s. die kerk soos ons dit voor ons kan sien en wie se lidmate in die registers van die aardse kerk opgeskrywe staan, nooit presies saamval met die kerk in eintlike sin as die totaal van alle ware verlostes nie. Omdat niemand op aarde dus met sekerheid kan sê wie almal aan die eintlike kerk van ware verlostes behoort nie, omdat 'n mens alleen deur die geloof aangaande jou eie saligheid sekerheid kan hê, maar nooit van die van 'n ander nie, daarom word gesê dat die eintlike kerk, die totaal van ware verlostes, “onsigbaar” is. Só geneem, is die onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk uiters waardevol. Dit word egter soms op 'n bedenklike manier gebruik om die wenslikheid van die kerklike manier te weerspreek, en dit is waarteen ons dit op die oomblik het.

Uitgaande van die onderskeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk word naamlik gesê: die eintlike kerk, die gemeenskap van ware verlostes, is onsigbaar en slegs die Here alleen weet wie daaraan behoort. Die sigbare kerk daarenteen is nie die eintlike kerk nie, maar feitlik maar net die sigbare omhulsel van die eintlike kerk. Gevolglik is dit nie noodsaaklik of selfs wenslik om vir lidmaatskap aan die sigbare kerk die voorwaardes van 'n persoonlike verhouding tot Christus te stel nie. Die sigbare kerk is immers maar iets soos 'n ingangsportaal van die eintlike, onsigbare kerk, en daar hoef nie alte grote strengheid gehandhaaf te word by die toelating van persone tot hierdie voorportaal nie; intendeel, dit is goed dat mense aangemoedig word om hulle in die voorportaal te begewe, al het hulle nog geen bedoeling om in die eintlike, onsigbare kerk in te gaan nie, aangesien hulle daar in die voorportaal invloede kan ondergaan wat hulle daartoe kan beweeg om ook in te gaan in die onsigbare kerk. Die sigbare

kerk word dan gesien as 'n soort leerskool, 'n soort opvoedingsinrigting waaraan 'n persoon kan behoort met die doel om eendag sover gebring te word dat hy miskien 'n kind van God sal word, maar kinskap is nie 'n voorwaarde vir lidmaatskap aan die sigbare kerk nie.

Dit is nie moeilik om te sien hoe pragtig hierdie soort redenasie in die kraam van die volkskerk-gedagte pas nie. Want met hierdie soort redenasie kan die hele wanpraktyk en ontaarding van die volkskerk met sy tugloosheid goedgepraat word. Tot die sigbare kerk mag almal maar toegelaat word. Niemand moet uitgesluit word nie, dit sal te veel aanstoot gee. Doop maar voor die voet, trou maar voor die voet, laat maar voor die voet tot die belydenis toe, duld maar mense as lede van die kerk sonder dat hulle ooit op ander tye in die kerk kom as by die doop van hulle kindertjies - dit alles geld mos maar die sigbare kerk, en oor die onsigbare kerk beskik ons tog nie! En dan word daarby nog gesê dat die kerk op hierdie wyse sy invloed die beste kan uitoefen, want die kerk het 'n ideale geleentheid om deur sy bearbeiding die lede van die sigbare kerk te bereik en hulle te probeer beweeg om werklik die genade van God te aanvaar!

Wat is egter die skadelike gevolge hiervan? Ons hoef nie ver te gaan soek om die uiters nadelige gevolge van so 'n opvatting raak te sien nie. Die sigbare kerk word daardeur immers gedegradeer tot 'n *opvoedingsinrigting* of *preekinstituut* wat slegs daar is om deur sy prediking mense te beïnvloed en op te voed vir die goeie. Die kerk word dan nie gesien as die gemeenskap van gelowiges nie, maar as 'n organisasie wat moet probeer om soveel persone as moontlik by hom in te skakel met die doel om hulle te kan behou vir die goeie. As die kerk 'n opvoedings-inrigting is, dan moet hy ook maar liever nie tug toepas nie, want die tug lyk hard en liefdeloos en dryf mense eerder weg van die bron

van die goeie invloed. Al is groot dele van die kerk geheel en al vreemd aan die lewe van Christus, hulle moet volgens hierdie opvatting nie van die kerk afgesny of vervreem word nie, want solank hulle aan die kerk behoort, kan hulle nog ten minste soms in aanraking met die Woord gebring word. Die kerk gaan dan sy eie lidmate onderwerp aan 'n evangelisasie-aksie. Sy oë word dan gerig op sy eie onbekeerde lidmate. Die prediking van die kerk word dan verander in 'n nimmereindigende bekeringsprediking en die gebed van die kerk in 'n voortdurende gebed om herlewing. Die kerk is dan nie meer 'n leerbende van Christus wat opruk tot die stryd teen die magte van die duisternis in die wêreld nie, maar 'n hospitaal waarin die meeste mense pasiënte is wat gedurig verpleeg moet word, en in elk geval nie in staat is om te kan veg vir die uitbreiding van Gods koninkryk nie. Die kerk is dan nie meer 'n organisme wat in die wêreld bestaan en groei, en waarvan elke lid sy funksie het en meewerk om die lig van Christus in die wêreld te versprei nie, maar slegs 'n instituut, 'n organisasie, waarvan die ampsdraers die hele verantwoordelikheid dra en die enigste persone is van wie daar nog in eintlike sin “kerklike aktiwiteit” verwag word. Die kerk word dan 'n “domineeskerk” waarin die amp van die gelowige feitlik heeltemal verval. Die predikant is dan feitlik alles in die kerk. Van hom gaan alles uit. Hy speel die hoofrol. Die gemeente is dan maar net daar om gedoop, bepreek, gekatkiseer en georganiseer te word. Waar daar 'n dominee en 'n kerkraad is, daar is die kerk, want daar is die kerklike organisasie en daar is dus 'n plek waar mense opgevoed en beïnvloed kan word! Van die Bybelse siening dat die kerk daar is waar twee of drie gelowiges in die Naam van die Here saam is, kom dan niks meer tereg nie. Die organisme van die kerk word opgeoffer aan sy instituut. Die invloed van die kerk word beperk tot die invloed van sy predikante en hulle prediking. Die kerk

is dan nie meer die liggaam van Christus waarvan elke lid, deur sy verbondenheid aan die Hoof, 'n getuie vir Christus in die wêreld is nie, maar die kerk is dan 'n liggaam van mense wat nog die getuienis aangaande Christus self moet ontvang.

En dan word daar nog gesê dat die kerk langs die weg die meeste invloed kan uitoefen! Wat 'n leuen uit die mond van die Satan self is dit tog! Hoe goed weet hy dat hy daardeur die kerk feitlik kan lam lê! Hoe kan die kerk 'n krag in hierdie wêreld wees as elke lidmaat van die kerk nie 'n gespierde soldaat vir Christus is nie? Laat die kerk dan liever 'n klein Gideonsbende van lewenskragtige soldate wees as 'n magtige hospitaal met derduisende lidmate wat alleen maar na die kerk opsien as 'n bron van waar jy iets kan ontvang: die doop van jou kindjie, die getuigskrif van die dominee, die heildronktoespraakie met egte predikantegrappies en die lykrede met sy goedkoop saligsprekinge. Dit alles soek hulle by die kerk en eis hulle van die kerk, en dit alles moet die kerk maar aan hulle gee ter wille van die liewe vrede en ter wille van die verhoopte invloed, maar van die egte medisyne wat hierdie kerkpasiënte nodig het, durf die kerk niks uitdeel nie, want hulle sal daarvan stik, hulle bloeddruk sal daarvan styg, hulle koors sal daarvan bollemakiesie slaan - en hulle mag dalk sterwe! Nee, so 'n kerk is nie meer die naam van kerk werd nie. Hoe kan hy die wêreld beïnvloed? Die wêreld is 'n gevaar vir so 'n kerk, in plaas dat die kerk vir die wêreld 'n gevaar behoort te wees, want die wêreld is soos die Trojaanse perd binne-in die kerk ingelaat en veg nou van binne-uit teen alles wat nog kerk in die kerk is. Die wêreld klim selfs op die kansels van die tuglose kerk; hy neem sitting op sy sinodes; hy help met die proewe van sy offisiële organe; hy speel op die kerk se orrels; hy trek die kerk se swart manel en toga aan; hy staan agter die kateders van die kerk se kweekskole. Hoe sal die

kerk die wêreld ooit kan bedreig as die wêreld met 'n spotlag geleer het om vir die kerk die ballade van die Bose te sing :

*“Ek is in jou
gevleg, gerank
soos 'n wortel in
die donker bank,
en van voor die daeraad
se blank begin
straal ek by albei
jou oë in”?*

Nee, as die kerk sonder tug is, as ryp en groen maar in die kerk vermeng kan word, dan het die kerk geen krag nie. Hoe juis die onderskeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk ook al is, die gebruik wat daarvan gemaak word om wantoestande in 'n tuglose kerk goed te praat, is geheel en al onmoontlik. As ons Skriftuurlik oor die kerk wil dink, dan is dit seker nie verbode om van 'n sigbare en 'n onsigbare kerk te praat nie, maar dan mag ons tog nooit só daarvoor praat asof ons in die sigbare en die onsigbare kerk met twee verskillende kerke te doen het nie! Die sigbare kerk is die onsigbare kerk na sy uiterlike openbaring — sy dit dan ook dat hy dit nooit volkome kan wees nie, omdat daar altyd so iets as huigelaars sal bestaan. Die sigbare kerk moet egter voortdurend daarna strewe om so na as moontlik aan die onsigbare kerk te beantwoord, en dit kan hy alleen doen as hy tug uitoefen en gedurig die vraag stel na die kwaliteit van sy lede. Die kerk moet waak daarteen om nooit in 'n posisie te beland waar die wêreld binne-in hom is, sodat dit daar bestry moet word nie. Die kerk moet voortdurend dit as ideaal sien om as een verenigde front van Christusbelyers op elke terrein van die lewe op te ruk teen die vyand. As die kerk die wêreld moet oortuig van die verlossings-

krag van Christus, dan moet die kerk buite die wêreld wees en die wêreld buite die kerk, dan moet die kerk nie al sy aktiwiteite nodig hê vir die verpleging van sy eie siek en sterwende lede nie, maar sy hande moet vry wees om aan die werk te kan gaan in die wêreld.

In 'n gesonde kerk sal dit dan ook nooit so wees dat die instituut oorbeklemtoon hoef te word ten koste van die organisme van die kerk nie. Wanneer al die lede van die kerk gesonde en sterk lidmate van Christus is, het die kerk as organisme vanself 'n groot en kragtige invloed in die wêreld. Die instituut moet egter daar wees, en wel ter wille daarvan om voortdurend deur die verkondiging van die woord, die bediening van die sakramente en die toepassing van die tug te waak oor die geestelike gesondheid van die lede, hulle te versterk in die stryd en hulle te voed met onverganklike spys. Die instituut is daar ter wille van die opbouing van die gemeente in hulle allerheiligste geloof, tot die afrigting van die soldate van Jesus Christus. In die vervulling van hierdie taak van die instituut is die uitoefening van die tug geheel en al onontbeerlik. Slegs wanneer die tug uitgeoefen word, kan gesorg word vir die suiwere verkondiging van die evangelie en die suiwere bediening van die sakramente tot versterking van die geloof van die lidmate van Christus, en slegs wanneer die tug uitgeoefen word, kan gewaak word teen veragtering in die genade en die indring van slegte invloede in die gemeente, waardeur die slaankrag van die gemeente ondermyn sou kon word. Sonder tug sal die kerk op die lang duur sy invloed in die wêreld heeltemal verloor, watter mooi versinsels die Satan ook mag uitdink om ons die teendeel te laat glo !

IV

Nog is ons nie uitgepraat oor die misverstand wat begrepe is in die opvatting dat die kerk die grootste

moontlike invloed kan uitoefen wanneer hy die grootste moontlike aantal lede besit, sonder om te vra na die kwaliteit van die lede. Dit blyk immers dat hierdie misverstand nog 'n ander kant ook het, nl. *dat gedink word dat die wêreld erns sal maak met wat die kerk sê, as die kerk dit self nie doen nie.* As die kerk geen tug toepas nie, wek hy die indruk dat dit eintlik tog nie soveel saak maak of 'n mens na God luister of nie, dat dit eintlik nie so erg kan wees as wat die Bybel dit maak wanneer hy verkondig dat daar 'n hel is waar alle veragters van God in 'n ewige verdoemenis vergader sal word nie. As die kerk maar alle kindertjies voor die voet doop, dan wek hy die indruk dat dit nie soveel saak maak dat God in Sy Woord uitdruklik verklaar het dat hy Sy verbond slegs oprig met die gelowiges en hulle saad nie. As die kerk maar voor die voet almal toelaat om aan die tafel van die Here aan te sit, dan wek die kerk die indruk dat dit nie eintlik 'n werklikheid is dat 'n mens 'n oordeel oor jouself eet en drink as jy sonder die regte selfbeproeving tot die Awendmaal kom nie. As die kerk daarvan weet dat iemand 'n ergerlike lewe ly, en hy bly maar stil en weerhou so 'n persoon nie van die sakramente nie, dan wek die kerk noodwendig die indruk dat die sakramente ydele tekens is wat ewe goed gebruik kan word deur die veragters van God as deur Sy gelowiges. As die kerk maar voor die voet alle jong mense toelaat om belydenis van hulle geloof te doen, terwyl die kerk baie goed bewus is daarvan dat 'n groot gedeelte van hulle nie weet wat hulle doen nie, dan wek die kerk die indruk dat dit louter geklets is as sy belydenis verklaar dat die kerk die vergadering van ware Christus-gelowiges is. Deur al hierdie dinge tesame en in elkeen van hulle afsonderlik is die kerk besig om met groot klem aan die wêreld te sê dat hy tog maar liever die kerk nie ernstig moet opneem nie, want al die dinge is tog eintlik nie so ernstig as wat die belydenis van die

kerk en die Skrif dit maak nie; dit is eintlik maar 'n groot spel wat die kerk speel, dit is nie so dat die kerk met dinge te doen het wat vol ontsettende erns is nie!

Diegene wat beswaard voel teen die kerklike tug, voer so graag aan dat die kerk meer invloed in die wêreld kan uitoefen deur so min as moontlik aanstoot te gee, en dat die kerk, ter wille van die aanstoot wat die tug verwek, dit maar liever agterweë moet laat. Maar daardeur word aan die kerk die middel ontnem om aan die wêreld te wys dat dit hom erns is met alles wat hy sê en dat hy met groot profetiese krag kan betuig teenoor elkeen dat die Woord van God waar is en nie verontagsaam mag word nie. Juis die skynbare onverdraagsaamheid van die kerk wat in die tug tot uitdrukking kom, is daarop bereken om aan die wêreld in onmisverstaanbare taal te verkondig dat alles vir die kerk nie om 't ewe is nie, maar dat dit saak maak of 'n mens jou aan die Woord van God onderwerp of nie. Daardeur moet die wêreld noodwendig ontsag kry vir die geloof van die kerk en die erns daarvan waardeer. Wanneer dit eers sover gekom het, is die weg vir die kerk eerder oop om die wêreld te beïnvloed, as wanneer die wêreld sien dat die kerk sy gevoelens en sy geneigdheid om aanstoot te neem, meer in aanmerking neem as die Woord van God.

Christus het die tug dan ook vir Sy kerk ingestel met die bedoeling dat dit die kerk gedurig sal herinner aan die erns van die geloof as die keuse vir die lewe teen die dood en die erns van die geloof as die keuse vir die dood teen die lewe. Wanneer dit vir die kerk ten volle erns is, sal die wêreld dit sien en onder die indruk daarvan kom. Daarom het Christus die uitoefening van die tug in Sy Kerk verbind aan die sleutelmag wat Hy aan Sy kerk gegee het. As die kerk die sleutelmag wat aan hom toevertrou is, nie meer verstaan nie, is die weg na die uitoefening van die tug vir die kerk geslote en is die erns buitendien weg uit al

die aktiwiteit van die kerk. Daarenteen, as die kerk die sleutelmag verstaan en reg hanteer, sal die kerk al meer op 'n troosvolle wyse die belofte van Christus in vervulling sien gaan, naamlik dat die poorte van die doderyk Sy kerk nie sal oorweldig nie.

Daar is net twee plekke waar Christus volgens die Evangelies die woord *kerk* gebruik het, en dit is in Matt. 16: 18 en 18 : 17. Merkwaardig is nou egter die feit dat Christus in albei die gevalle die woord *kerk* of *gemeente* in direkte verband gebruik met Sy oorhandiging van die sleutelmag aan die apostels as verteenwoordigers van die kerk op aarde (vgl. Matt. 16 : 18 - 19 en 18 : 17 - 18). Kerk en sleutelmag hoort dus in die oog van Christus bymekaar, en ons kan rustig sê dat 'n kerk wat nie meer weet wat dit beteken dat die sleutelmag aan hom toevertrou is nie, ook nie meer ten volle weet wat dit is om kerk te wees nie. Wat hou die sleutelmag dan presies in?

In Matt. 16 : 19 sê Christus aan Petrus : “Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee: en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.” Wie die woord *sleutel* hoor, dink vanself aan oop- en toesluit. Só is dit ook in hierdie verband deur Christus bedoel. Die koninkryk van die hemel is naamlik 'n vas omlynde grootheid met definitiewe grense. Deur die sonde is die mens uit die koninkryk uitgesluit. Die weg na binne gaan alleen deur 'n poort. Die Skrif leer ons enersyds dat Christus self dié poort is (Joh. 10 : 9), andersyds dat Christus alleen die sleuteldraer van die poort is (Openb. 3 : 7). Slegs wie gewas is in die bloed van Christus, kan deur die poort ingaan in die koninkryk van die hemel. Wanneer Christus nou egter in die teks wat ons hierbo aangehaal het, aan Petrus sê dat Hy aan hom die sleutels van die hemelryk gee, dan gee Christus daarmee aan Petrus, en blykens Matt.

18 : 17-18 en Joh. 20 : 23 ook aan al die apostels en selfs aan die gemeente, die bevoegdheid om in Sy Naam as poortwagters op te tree en die sleutels te hanteer wat toegang verleen tot die koninkryk van die hemel of die weg daarheen toesluit. Die kerk wat deur sy ampsdraers optree, is dus met volle gesag beklee om in gehoorsaamheid aan die geopenbaarde Woord van Christus aan mense te verkondig dat daar vir hulle toegang tot die hemelryk is of dat die toegang vir hulle gesluit is. Hierdie sleutelmag wat aan die kerk verleen is en wat die kerk deur middel van sy ampsdraers uitoefen, laat ons enersyds die *gesag* van die amp sien : as die kerklike ampsdraer aan iemand in Naam van die Here verkondig dat hy op pad is na die verdoemenis as hy in sy sonde volhard, dan geld dit in die hemel; as hy aan hom verkondig dat sy sonde hom vergewe is as hy waarlik tot Christus vlug, dan geld ook dit in die hemel. Dit laat ons andersyds egter ook die *nederigheid* van die amp verstaan : geen ampsdraer mag op eie gesag of eiewillig die sleutels hanteer nie, maar die ampsdraer is geroepe om slegs die wil van Christus te proklameer en uit te voer, d.w.s. hy mag nooit iemand onder die indruk bring dat sy sondes hom vergewe kan wees sonder hartgrondige berou en bekering nie, sonder die afwassing in die bloed van die Lam nie, en hy mag nooit aan iemand verkondig dat die poort na die hemel vir hom gesluit is, tensy daar geen onsekerheid bestaan dat so 'n persoon God se genade weier en die dood bo die lewe kies nie. Die sleutelmag laat ons dan ook die *gewig* van die optrede van die kerklike ampsdraer sien : hy is nie maar net 'n geestelike leier, 'n voorganger, 'n organiseerder nie, maar iemand wat beklee is met die gesag van Christus om in Sy Naam te bepaal wat wel en wat nie in die koninkryk van die hemele kan ingaan nie. Met volle bevoegdheid mag hy en moet hy die sleutel vir sy medemens hanteer in gehoorsaamheid aan Christus.

Dit is gebruiklik om van twee sleutels te praat : die verkondiging van die Woord en die kerklike tug. Dat die verkondiging van die Woord 'n sleutel is waarmee die hemel vir meer as een oopgegaan het, sal vir almal duidelik wees. Wanneer in die prediking van die Woord aan almal verkondig word dat elkeen wat hom bekeer, deur die bloed van Christus toegang tot die Vader het, maar dat elkeen wat hom nie bekeer nie, sonder twyfel die ewige verdoemenis sal ingaan, dan word die sleutel in die slot van die poort van die hemelryk gedraai : vir die boetvaardiges word die deur geopen, vir die onboetvaardiges word die deur gesluit. Deur die sleutelmag wat aan die apostels toevertrou is, het hulle vir ons op 'n onfeilbare wyse en met volle gesag die Woord van God aangaande ons saligheid deurgegee, en deurdat ons hulle getuienis opneem en met die gesag van Christus verkondig, sluit en open ons tot vandag die deur vir onboetvaardiges en boetvaardiges. As die leraar op die preekstoel staan, moet hy daarvan bewus wees dat hy besig is om die sleutels te hanteer. Hy lewer dus geen godsdienstige toespraak of span hom in om interessante en boeiende dinge te sê nie. Hy kom nie met sy eie ervaringe of persoonlike opinies nie. Hy staan daar en draai die sleutel in die slot van die poort na die koninkryk van die hemel. Hy proklameer met die meeste denkbare gesag : So sê die Here. Hy moet daarvan bewus wees dat elke woord wat hy spreek, die Woord van God is, in volle harmonie met die hemel — anders moet hy liever stilbly. Dit is die erns van die sleutel van die verkondiging. Dit gaan om lewe en dood.

So is dit ook met die tweede sleutel, die kerklike tug. Ook hierdie sleutel moet die poortwagters met dodelike erns hanteer. Daar by die poort moet hulle waak dat niemand binnege laat word sonder die paspoort wat Christus self met Sy bloed gestempel het nie. En as daar soms 'n fout gemaak word - die mens is bedrieglik

en kan alles namaak, selfs bekering en geloof - dan moet die poorte weer geopen word om uit te laat wat per abuis ingelaat is. Miskien gebeur dit dat so 'n persoon wat op 'n valse manier ingelaat is, onder die indruk van die erns daarvan dat die sleutels in die slot begin rammel en die deur straks vir hom oopgesluit gaan word om uitgelaat te word op gesag van Christus, hom wend tot die Here self en in ootmoed en berou die regte paspoort gaan vra — wat nooit geweier sal word nie. Is daar egter geen berou nie, dan word aan hom met die meeste erns en op gesag van Christus self deur die hele tughandeling en veral deur die uiteindelijke uitbanning uit die gemeente gesê dat hy geen deel aan Christus of Sy koninkryk het nie, tensy hy hom bekeer. Die kerklike tug is 'n saak van dodelike erns. Dit is 'n saak wat direk met die koninkryk van die hemel, met die ewige wel en wee van siele te doen het. Dit plaas die Stempel van laaste erns op die prediking van die kerk en laat 'n mens besef dat dit in die kerk nie maar gaan om 'n sosiale liggaam waar alles toelaatbaar is nie. Wanneer die kerk nie meer sou besef dat hy in die verkondiging van die Woord en die toepassing van die tug nie met menslike dinge te doen het nie, maar met die hantering van die sleutels van die hemelryk, sou die kerk verword tot 'n blote menslike vereniging wie se lede uit vrye wil saamgesluit is, wie se prediking stigtelike toesprakies sonder finale erns is en wie se “tug” hoogstens gelyk kan staan aan die dissiplinêre bestuursreëls van enige menslike vereniging. Maar as die kerk nog weet dat hy met die koninkryk van die hemel te make het in al sy aktiwiteite en dat hy met gesag bekleed is om die sleutels van die hemelryk te hanteer, dan verander die hele situasie, omdat die kerk self sowel as sy prediking en sy tugoefening anders verstaan moet word. Hoewel kerk en koninkryk van die hemele nie saamval nie en ook nie dieselfde is nie, beteken toelating tot die lidmaatskap van die kerk dan

tog 'n gesagvolle toelating tot die koninkryk, en afsnyding van die kerk se niks minder nie as uitsluiting uit die koninkryk. Wanneer die kerk sy werksaamhede só verstaan, dan word alles vol dodelike erns.

Hoe belaglik lyk dit om in die lig van hierdie geweldige werklikheid van die sleutelmag wat aan die kerk toevertrou is, te gaan sê dat die kerk liever nie tug moet toepas nie, omdat mense dalk aanstoot daaraan kan neem! Wie so redeneer, kyk na die kerk op 'n menslike manier en sien hom as 'n blote vereniging wat daarna moet strewen om soveel lede as moontlik te win, en van die erns van die kerk se sleutelmag begryp hy in elk geval niks. As die kerk só sou redeneer, sal hy afstand doen van die hoogste bevoegdheid wat Christus aan hom toevertrou het, en terwyl hy met 'n valse skaamte sal weier om aan mense in volle erns die oordeel van God oor hulle ongehoorsaamheid aan te sê, sal hy die krag mis om aan die boetvaardiges met volle gesag die heerlike troos van die vergiffenis te verkondig. So 'n kerk is nie meer kerk nie. So 'n kerk het verword tot 'n vereniging. Geen wonder dan ook dat so 'n kerk so gevoelig is vir die argument dat as hy tug sou toepas, sy lede elders by ander “genootskappe” ’n geestelike tuiste sal gaan vind nie. Want 'n kerk wat so redeneer, het homself gestel op die standpunt van die vereniging wat met ander gelykwaardige verenigings wedywer om voorrang of die meeste lede, en hy het lankal vergeet dat dit hom suiwer en alleen om die koninkryk te doen is. Dit sal wel vir die kerk smartlik wees as sy lede hulle onder die tugoefening verhard en hulle elders gaan voeg waar hulle met ope arms ontvang kan word, want daardeur sou daardie “kerkgenootskap” wat hulle ontvang, blyke gee dat hy nie die hantering van die sleutelmag deur die kerk erken nie, ja, dat hy daarmee eintlik in die geheel nie die ordening van hierdie kerk se ampsdraers erken nie. Maar hoe smartlik dit ook mag wees, dit mag die

kerk nooit daarvan laat afsien om met volle bewustheid die sleutel van die kerklike tug te hanteer nie, want daardeur word enersyds aan sy eie lidmate en andersyds aan die wêreld verkondig dat die kerk ten volle erns maak met die Woord van God en dit as volkome betroubaar beskou, en dat dit in die kerk nie maar om 'n vrome tydverdryf gaan nie, maar om die dodelike erns van die keuse vir ewige wel of wee.

As alles wat ons tot dusver gesê het, waar is, dan beteken dit eenvoudig dat verwaarlosing van die tug in die kerk die aanduiding daarvan is dat die kerk nóg homself, nóg die Woord van God ernstig opneem. Hoe kan die kerk dan verwag dat die wêreld dit moet doen? Nee, laat ons dit nog eens met groot klem sê: Verre daarvandaan dat die handhawing van die tug die invloed van die kerk sal verminder, sal dit eerder die invloed van die kerk suiwer en dit juis daardeur versterk en vermeerder. Waar die tug daarenteen verwaarloos word, sal die invloed van die kerk op die lang duur noodwendig taan en oplaas verdwyn.

V

Ons het tot dusver dit nog steeds as 'n misverstand bestempel dat daar geredeneer kan word dat die kerk die meeste invloed het wanneer hy die meeste lede het, en dat hy dus teen elke prys daarna moet strewe om soveel lede as moontlik te bekom en te behou. Op grond daarvan het ons ook die volkskerk-gedagte, en met name die volkskerk-gedagte wat die uitbreiding en grootte van die kerk waardevoller as die suiwerheid van die kerk ag, van die hand gewys. Ons het beklemtoon dat die kerk volgens die Nuwe Testament die gemeenskap van gelowiges is. Die sigbare kerk, het ons gesê, moet so na as moontlik aan die onsigbare kerk beantwoord. Die kerk mag nie daarna strewe om al die lede van 'n bepaalde volk by hom ingeskakel te kry, sonder

om die vraag te stel na die egtheid van hulle belydenis dat Jesus Christus werklik hul persoonlike Verlosser en Saligmaker is nie. Maar nou kom, in verband daarmee, die vraag na vore of so 'n standpunt dan nie by voorbaat die kinderdoop onmoontlik maak nie. Immers, open die kinderdoop nie as vanself die poort vir baie persone om lidmate van die kerk te word, al is dit dan maar sogenaamde “dooplidmate”, sonder 'n persoonlike geloof nie? Open die kinderdoop nie noodwendig die poort na die volkskerk nie, waar mense by die kerk ingelyf kan word deur die doop, net omdat hulle nasate van kerklidmate is, en nie omdat hulle self gelowiges is nie? En as dit so is, is dit eintlik nie 'n groot vergissing dat die kerk enersyds die tug probeer handhaaf en die oog gevestig hou op die Nuwe Testament met sy voorstelling van die kerk as die gemeenskap van geroepe heiliges, maar andersyds tog die kinderdoop bly handhaaf waardeur aan die kerk 'n enorme uitbreiding gegee word in die vorm van persone wat by hom ingelyf word sonder 'n persoonlike beslissing, sonder die getuienis van die Heilige Gees in hulle harte nie? Moet ons nie eintlik, om konsekwent te wees, die kinderdoop as een van die middele sien waardeur die kerk meen om sy invloed in die wêreld te vermeerder, maar wat, in die lig van wat ons tot dusver in hierdie hoofstuk betoog het, 'n bedenklike middel is, omdat dit aan die kerk lidmate toevoeg wat nog nie die kwaliteit besit wat vir egte lidmate van die kerk vereis word nie? Moet iemand wat die noodsaaklikheid van die kerklike tug beklemtoon met die argumente wat ons hierbo gebruik het, nie eintlik ook die kinderdoop verwerp nie?

Ons het hier met 'n uiters belangwekkende vraag te doen, want dit is inderdaad so dat die voorstanders van die volkskerk-gedagte hulle altyd weer op die kinderdoop beroep. Hulle gaan uit van die verbondsleer wat vir ons as Gereformeerdes so na aan die hart lê, en

stel dan die saak min of meer soos volg : Die Skrif leer ons baie duidelik dat God Sy verbond sluit, nie net met enkelinge nie, maar met geslagte, met die mensheid as 'n organiese eenheid. God sluit Sy verbond met Abraham, egter nie met hom alleen nie, maar met hom en sy saad. Sonder veel betoog is dit verder duidelik dat daar ook in die Nuwe Testament sprake is van die feit dat God in die Nuwe Verbond nog dieselfde uitbreiding van Sy verbond bly handhaaf : ook vandag geld die verbond nog die *gelowiges en hulle saad*. Omdat die kinders van die gelowiges egter deel het aan die verbond, waardeur God aan hulle betuig dat Hy vir hulle 'n God is en hulle vir Hom kinders moet wees, word hulle gedoop en op die wyse openlik by die kerk ingelyf — ook al kan hulle op daardie tydstip nog nie bewustelik glo of belydenis van sodanige geloof doen nie. Nou dan, so gaan die voorstanders van die volkskerk-gedagte voort, God sluit Sy verbond op hierdie wyse dus met die geslagte, ja, selfs met *volkere*. Op grond van die verbond met Abraham was die hele volk Israel verbondsvolk, en presies so is dit in die Nuwe Bedeling nog 'n werklikheid dat God Sy verbond sluit met hele volke, bv. met die Nederlandse, die Engelse of die Afrikaanse volk. Christus sê: Gaan dan heen, maak dissipels van al die *nasies* en doop hulle ... (Matt. 28 : 19). Die voorstanders van die volkskerk-gedagte gaan van hierdie teks uit, trek 'n dubbele streep onder die woord *nasies*, en maak hieruit die gevolgtrekking dat God Sy verbond met elke sogenaamde “Christelike nasie” opgerig het, en dat kindertjies wat uit daardie Christelike nasie gebore word, reg het op die doop, omdat hulle gebore is binne die kring van die verbond, op die erf van die Christelike volk. Die gevolg hiervan is dat die voorstanders van die volkskerk-gedagte baie ruim is in hulle doopspraktyk. Oral waar die Christendom nog enige reste oorgelaat het — al is dit hoe gering, ja, al is dit maar

net dat die doop uit gewoonte of bygelowigheid nog vir die kindertjies begeer word — word die doop maar toegedien, omdat dié kindertjies op Christelike bodem die lig gesien het. Die kindertjies maak immers deel uit van 'n “gedoopte nasie” en mag dus self ook gedoop word. Is die kindertjies egter eenmaal gedoop, dan wil die volkskerk in sy grote mildheid (soms word gespreek van moederlike mildheid) hulle nie weer loslaat nie en probeer dan om hulle, sover dit enigsins moontlik is, selfs al moet dit oor 'n slordige katkisasie heen wees, tot volwasse lidmaatskap van die kerk te bring. Dat die grootste meerderheid van sulke gedoopte kinders miskien ook weer uit gewoonte of ter wille van die ordentlikheid kom katkiseer en belydenis doen op 'n minimum-ouderdom waarop daar van enige diepgaande beslissing vir Christus nog maar weinig sprake kan wees, ontstel die volkskerk glad nie. Nee, die volkskerk sal selfs nog daartoe oorgaan om die ouderdom waarop belydenis gedoen word, in so 'n mate te verlaag dat die belydenis in die meeste gevalle uitsluitend op aandrang van die ouer kan geskied, sonder enige persoonlike keuse van die kant van die kind (vgl. die konfirmasie op tienjarige leeftyd in sommige Engelse kerke). En die regverdiging vir dit alles is eenvoudig net dit : die kinders is ingelyf in die verbond, daarom word hulle ingelyf in die kerk — as hulle eers in die kerk is, sal hy opwekkingsdienste hou om hulle te probeer lei tot 'n persoonlike keuse vir Christus!

Die niters skadelike gevolge van hierdie soort redenasie sal vir elkeen duidelik wees. Van enige behoorlike kontrole en van tug rondom die bediening van die doop kan daar dan nie meer sprake wees nie. Kindertjies word dan voor die voet gedoop, dikwels sonder navraag of die ouers werklik lidmate van die kerk is, dikwels staan getuies sommer vir die doop van die kindertjies. Hoe die sakrament van die doop in so 'n praktyk heilig bewaar kan word, is eenvoudig nie

duidelik nie. Dit het al spreekwoordelik geword dat broeders leraars van sekere “kerkgenootskappe” sommer 'n doopbakkie in die studeerkamer of in die ingangsportaal van die pastorie reg hou vir die gebeurlikheid dat daar te eniger tyd 'n aansoek om die doop mag inkom. En daar word dan maar sommer voor die voet gedoop, of die aansoek nou kom van die kant van mense wat 'n grief het teen 'n leraar van die Hollands-Afrikaanse kerk waaraan hy behoort, en of hulle nou maar net met 'n smartlike storie aankom van hoe siek die kindjie is — almal word maklik en sonder verdere omhaal van woorde weggehelp met die doop, meestal net op 'n blote belofte dat die lidmaatsbewys “eendag” by daardie kerkgenootskap ingedien sal word — iets wat blykbaar maar selde gebeur! Veral in die stede vorm hierdie dinge 'n ontsaglike probleem. M^ôre, oorm^ôre word dan eenvoudig net die doopseel van 'n kind wat op daardie wyse gedoop is, by daardie genootskap aangevra en by die kerk ingedien, en die kerk is weer 'n lidmaat ryker! En so word daar geknoei rondom die heilige teken en seël van Gods genade deur mense wat van Gods genade, maar veral van Sy heiligheid, niks begryp nie, en hulle word daarin voorgedaan deur die pragtige teologiese redenasie van die voorstanders van die volkskerk! Maar op hierdie wyse word die poorte van die kerk wyd oopgegooi; alles word maar toegelaat, en Gods heilige Naam word onheilig en Sy kerk word 'n ordelose bende van mense wat op 'n tuglose wyse saamgeskraap is rondom die doopvont.

Waarlik, as ons die kinderdoop nie anders kon verstaan en anders in praktyk kon bring as wat die voorstanders van die volkskerk-gedagte dit doen nie, dan moes ons inderdaad maar liever die kinderdoop laat vaar het, want dan was dit so dat die kinderdoop die poort open tot die ontheiliging van die kerk en die versaking van die ware idee van wat die kerk is. As ons van die kinderdoop niks anders kan maak as wat die

volkskerk daarvan maak nie, dan moet ons dit liever vandag prysgee as een van die skadelikste praktyke wat die Christelike kerk ooit geken het, want so 'n bediening van die kinderdoop hol alle betekenis van die doop uit en is 'n spotterny met die heerlike werklikheid van die verbond. Goddank, daar is egter 'n ander opvatting van die kinderdoop as dié van die volkskerk. Daar is 'n ander praktyk vir die bediening van die kinderdoop as die wat ons so pas uiteengesit het. Maar dié ander opvatting en praktyk is slegs moontlik in 'n kerk wat die tug handhaaf. Sonder die kerklike tug word die kinderdoop op die lang duur 'n spotterny. Die kinderdoop is boordevol heerlike sin, maar dan slegs as die wag daarom betrek word, slegs as dit heilig bewaar word. Slegs dan is dit moontlik om die Nuwe Testament ten volle te hoor : in sy leer aangaande die kerk en in sy leer van die verbond waarop die kinderdoop gebaseer is.

Die leer van die verbond (en van die kinderdoop) beteken eenvoudig nie wat die voorstanders van die volkskerk-gedagte daarvan maak nie. Dit is waar : God sluit Sy verbond nie slegs met enkelinge nie (daarvan is die hele Skrif getuie!), maar ook met geslagte (Gen. 17 : 7; 1 Kor. 7 : 14). Let egter daarop dat die geslagte waarom dit hier gaan, nie maar geslagte sonder enige verdere kwalifikasie is nie. Dit gaan slegs om *gelowige* geslagte! God sluit Sy verbond met die *gelowiges en hulle kinders*. Die voorstanders van die volkskerk-gedagte spreek darem oor Gods verbond op 'n baie ongenormeerde wyse. Hulle wil die verbond ook nog daar gehandhaaf sien, waar van die geloof al lank nie meer sprake is nie. Dit is egter ten enemale onjuis! Slegs die kinders van gelowiges mag gesien word as ingeslote in die verbond en daarom as persone wat gedoop mag word. Daar is tog so iets dat die skakel van die gelowige geslagte êrens afgebreek kan word. Daar kan tog 'n Esausgeslag uit Abraham voortkom.

Die verbond kan deur 'n bepaalde geslag verbreek en verwerp word. Wanneer 'n gedoopte persoon wat self uit gelowige ouers gebore is, sy rug op God draai en Hom verwerp, dan breek hy van sy kant die verbond — en dus ook die verbondslyn. Hy is die skakel waardeur sy nasate in die verbond ingeskakel sou kon word, maar nou val hy as skakel weg. Die gevolg is dat sy kinders nie vanselfsprekend meer in die verbond is en gedoop mag word nie. Omdat hy homself buite die verbond stel, is sy kinders ook buite die verbond, *en hulle mag dus nie gedoop word nie*. As hulle nogtans deur God weer in die verbond ingevoeg word, dan moet dit eers blyk deurdat hulle, wanneer hulle opgroei, welbewus kies vir die verbond wat deur hulle vaders verwerp is.

Ons het hierbo gesê dat die kerk alleen mag bestaan uit mense wat persoonlik by Christus ingelyf is. Dit is waar, en dit word geensins deur die leer of die praktyk van die kinderdoop in die gedrang gebring nie. Op grond van wat die Skrif ons aangaande die verbond leer, glo ons tog dat die kindertjies van gelowige ouers daadwerklik deur God toegeëien is van die oomblik van hulle ontvangenis af, net soos hulle van daardie oomblik af deel in die sonde en vervloeking van die menslike geslag wat in Adam verdorwe geraak het (Ps. 22 : 11: 51 : 7). Hulle behoort dus aan God, en omdat hulle aan God behoort, skenk Hy aan hulle al die weldade van die verbond : die reiniging deur die bloed en die Gees van Christus; die heerlike versorging deur die Vader self; die inwoning van die Heilige Gees wat tot hulle eiendom maak wat hulle in Christus reeds besit deurdat Hy in hul hart die geloof werk. Dit alles is op grond van die feit dat hulle in die verbond ingesluit is en op grond van die feit dat hulle in Christus Jesus geheilig is (1 Kor. 7 : 14), reeds hulle deel en mag daarom deur die teken van die doop aan hulle bevestig en verseël word, al verstaan hulle dit nog nie. Hulle

is tog reeds deur Gods genade lidmate van die kerk (so behandel die Nuwe Testament hulle ook uitdruklik, vgl. Ef. 6 : 1; Kol. 3 : 20), en dit nie maar in 'n oppervlakkige sin, sodat byvoorbeeld gesê sou kon word dat hulle wel aan die sigbare kerk behoort, maar nie aan die onsigbare nie. Kragtens die toesegging van God is tog al die seëninge wat 'n mens lid van Gods kerk (sigbaar en onsigbaar) maak, hulle deel. As hulle opgroei, sal hulle daarvan blyke gee dat dit so is. Dan sal hulle tot die geloof kom en welbewus aanvaar wat God aan hulle reeds in die doop kragtens Sy verbond toegesê en bevestig het. Hulle sal belydenis van hulle geloof doen en tot die Awendmaal toetree. Hulle hóórt by die kerk, van die eerste oomblik van hulle bestaan af, nie in die sin dat hulle in 'n oneigenlike sin lidmate van die kerk is wat eers deur die beïnvloeding van die kerk tot ware lidmate sal word nie, maar in die mees eigenlike sin is hulle lidmate wat deur Gods toesegging self en kragtens die werking van die Heilige Gees by die kerk gevoeg is, al is hulle nog onbewus daarvan en al kan hulle by hulle doop nog nie getuig van persoonlike geloof nie. Gods Gees sal sorg dat hulle die getuienis later gee wanneer hulle opgegroeï het en bewus geword het van die geweldige dimensies waarin n verbondskind leef.

Daarmee is die poort na die volkskerk egter nie geopen nie, en wel om twee redes. Vereers geld alles wat ons hier gesê het, slegs van die kinders van *gelowiges*. As ouers deur hulle leer of lewe blyke gee dat hulle hulself buite Gods verbond stel, dan het die kerk geen reg om hulle kindertjies te doop nie. Die kerk sal deur die tug die wag moet betrek rondom die doop, anders tree hy buite sy bevoegdheid. Dit behoort egter nie so te wees dat die tug eers in werking moet tree wanneer ouers die doop vir hulle kindjie kom aanvra nie, maar dit behoort so te wees dat die kerk tug oefen oor sy lede wat die erediens en die Awendmaal

verwaarloos, 'n ongereelde lewe ly en dwaalleringe aanhang, lank voor hulle die doop vir 'n kindjie kom vra. Eers dan maak die kerk werklik erns met die verbond en nie wanneer hy onder die dekmantel van die verbondsleer ryp en groen maar rondom die doopvont versamel en die Naam van Christus smaadheid aandoen deur die bediening van de sakrament van die doop aan die kindertjies van mense wat die kerk net ken as daar weer 'n kindjie is wat gedoop moet word nie. Wanneer die kerk die wag betrek rondom die sakrament van die doop, dan is dit ook nie omdat hy nie graag baie lidmate wil hê of omdat die kerk graag baie Afrikaners kerkloos wil sien nie, maar omdat die kerk weet dat hy met God te doen het en dat dit vir hom dodelike erns moet wees om hom te hou aan Gods openbaring van wat Sy verbond is en wat nie. In die tweede plaas merk ons op dat die kinderdoop nie die poort na die volkskerk open as dit met die tug gepaard gaan nie, omdat die tug vanself ook die wag betrek rondom die belydenis van geloof en die Awendmaal. As dit in die lewe van 'n dooplidmaat van die kerk blyk dat hy nie erns maak met die verbond nie, dan spreek dit vanself dat hy nie toegelaat sal kan word om belydenis van sy geloof af te lê en aan die tafel van die Here aan te sit nie. En nie alleen dit nie, maar ook as dooplidmaat is hy onderworpe aan die afsnyding van die kerk as hy nie bereid is om sy kant van die verbond te aanvaar en uit Gods genade te lewe nie. Die kerk hou immers rekening met die moontlikheid dat daar sommige mag wees wat wel ingesluit is in die kring van die verbond, maar wat tog teen al die blyke van Gods genade in die keuse vir die dood doen. Die doop as sodanig is geen garansie dat die gedoopte persoon hom nie teen Gods genade sal verset nie. Agter die geopenbaarde weg van die middele wat die kerk mag begaan as 'n veilige en betroubare weg, staan nog altyd die diepe geheimenis van Gods uitverkiesing.

Daarom gebeur dit dat gedoopte mense weier om hulle aan God oor te gee en in 'n nuwe, godsalige lewe te wandel. Sulke mense hoort nie by die kerk nie. Hulle moet uit die kerk verwyder word as hulle teen alle vermaning in Gods verbondsgenade geringskat en verwerp. Daarom is dit so noodsaaklik dat die kerk nie die kinderdoop beoefen sonder die tug nie. Alleen as die tug in die kerk beoefen word, word die erns van die verbond gedurig voor oë gehou en is die weg na die ontaarding van elke kerk wat die kinderdoop beoefen, uitgesluit. In die verbygaan merk ons ook nog op dat die betekenis van die doop noodwendig vervlak moet word waar dit aan kindertjies bedien word in 'n tuglose kerk. Die kerk het dan immers nie meer die vrymoedigheid om die doop (ook aan die kindertjies) te verstaan as 'n sakrament wat vir die *gelowiges* bedoel is en aan hulle die versekering gee dat hulle net so seker van hulle sondes in die bloed van Christus gewas is as wat hulle uitwendig met die water gewas is nie (vgl. die onvoorwaardelike uitsprake van die Heidelbergse Kategismus in die verband, vr. 66 en 69), maar die kerk moet dan die betekenis van die doop gaan afplat tot 'n voorwaardelike versekering aan die gedoopte dat as hy glo, hy dan seker kan wees van Gods genade! So bring die een dwaling 'n ander met hom saam.

Afsluitend kan ons dus sê dat die kinderdoop, mits dit bedien word in 'n kerk waarin daar tug gehandhaaf word, nooit vir die kerk skadelik kan wees nie en ook nie noodwendig tot 'n volkskerk hoof te lei wat op 'n onheilige wyse na uitbreiding soek nie. Die lidmate wat deur die kinderdoop tot die kerk toegevoeg word, besit nie alleen die kwalifikasies wat vir lidmaatskap aan die kerk vereis word nie — d.w.s. as ons ten minste nog die beloftes van Gods Woord glo — maar hulle staan ook voortdurend onder die waaksame oog van die kerk, en indien dit blyk dat hulle teen alle genade van

God in tóg wegbreek van Sy verbond, word hulle lidmaatskap van die kerk beëindig. So gesien, kan die kinderdoop onmoontlik nie genoem word onder die bedenklike middele wat die kerk mag inspan om op 'n verkeerde wyse sy invloed in die wêreld te vermeerder nie.

*

Ons het in hierdie hoofstuk die vraag hoe die tug die invloed van die kerk in die wêreld beïnvloed, van verskillende kante probeer bekyk. Ons het probeer aantoon dat dit 'n misverstand is om te meen dat die toepassing van die tug vir die invloed van die kerk skadelik sou wees. Dit mag wel waar wees dat die toepassing van die tug baie mense van die kerk sal wegdrywe, maar dit het in die loop van ons betoog duidelik geblyk dat selfs dit vir die kerk voordelig sal wees, omdat die kerk dan suiwerder en sterker agter sal bly. Die invloed van die kerk lê nie in getalle nie, maar in geestelike krag. Geestelike krag kan egter slegs daar wees waar daar dissipline en gehoorsaamheid aan die wil van God is. God wil dat Sy kerk invloed in die wêreld sal hê, maar Hy het ook in Sy Woord duidelik geopenbaar hoedanig Hy wil hê dat Sy kerk moet wees as dit deur Hom gebruik moet word as 'n krag in hierdie wêreld. God soek 'n kerk waarvan die lidmate nie die hand aan die ploeg slaan en dan agtertoe kyk nie. Hy soek 'n kerk wat die geestelike krag besit om 'n oog uit te ruk en 'n hand af te kap as dit tot struikeling kan lei. Hy soek 'n gespierde kerk. Daarom het Hy tug vir Sy kerk verorden.

Per slot van rekening is die kerk nie in die wêreld ter wille van homself of in die eerste plaas ter wille van die wêreld nie, maar ter wille van God. Die eerste doel van die kerk moet wees om tot die eer van God in hierdie wêreld te bestaan. 'n Tuglose kerk waarvan talle lidmate sonder enige verhouding tot Christus is,

kan nie tot eer van God wees nie. 'n Kerk wat nie die duidelike program wat God vir hom ontwerp het, wil aanvaar nie, kan nie tot eer van God wees nie. 'n Kerk wat nie self erns maak met die wil en die woord van God nie, kan nie tot eer van God wees nie. 'n Kerk wat so vermeng is met die wêreld dat hy nie meer die lig van die wêreld kan wees nie, kan nie tot eer van God wees nie. 'n Kerk wat die tug verwaarloos, stuur daarop af dat die huis van God op die lang duur eerder 'n rowerspelonk word as 'n huis van gebed (Matt. 21 : 13), en dit kan nie tot die eer van God wees nie. Nie verniet het Christus die tempel gereinig nie, want die ywer vir die huis van God het Hom verteer (Joh. 2 : 17). Ook by die lidmate en die ampsdraers van die kerk moet die ywer vir die eer van God en die reinheid van Sy huis tot openbaring kom. Die Vader word daardeur verheerlik dat Sy kerk veel vrug dra en 'n magtige invloed in die wêreld uitoefen, maar die kerk kan geen invloed uitoefen en ware vrug dra as hy nie in Christus bly en Sy geboie bewaar nie (Joh. 15 : 4-10). As die kerk die eer van God soek en in gehoorsaamheid die program volg wat Hy vir Sy kerk ontwerp het, hoef hy hom nie te kwel oor sy invloed in die wêreld nie; daarvoor sal God self sorg.

HOOFSTUK III

KERKLIKE TUG EN HEILIGHEID

I

DIE vorige hoofstuk moet ons noodwendig voer tot die gedagte dat die kerk alleen dan aan sy roeping in hierdie wêreld sal kan beantwoord, as hy deur die toepassing van die tug daarna strewe om homself te suiwer van alle onegte elemente en kerk te wees in die sin waarin die Nuwe Testament van die kerk praat. Dit vestig dus ons aandag op die noodsaaklikheid van die tug vir die invloed van die kerk in die wêreld.

Daarmee is al die vrae rondom die toepassing van die tug egter nie gestil nie. Trouens, dit mag waar wees dat die toepassing van die tug in 'n ideële sin vir die invloed van die kerk noodsaaklik kan wees, maar dat die toepassing van die tug tog in die praktyk sulke ernstige probleme meebring dat dit eintlik vir die kerk 'n onmoontlikheid word om daarmee vol te hou. En al laat ons nou die praktiese probleme wat ontstaan deur die feit dat mense aanstoot aan die tug neem, buite rekening, omdat die vorige hoofstuk ons laat sien het dat dit vir die kerk belangriker is om gehoorsaam aan God te wees deur die toepassing van die tug as om vir die mens aangenaam te wees deur die verwaarlosing van die tug, dan staan ons nog voor ander gewigtige vrae wat tot in die kern van die vraag in die moontlikheid van die tug indring. So is dit met name die geval dat ons te staan kom voor 'n hele aantal vrae wat die saak van die heiligheid van die gemeente in verband met die toepassing van die tug aan die orde stel en dit onder ons aandag wil bring

dat die toepassing van die tug in die praktyk feitlik altyd lei tot *bevordering van skynheiligheid in die gemeente*, tot 'n *vervlakking van die sondebeseft* in die gemeente en tot *die kweek van 'n valse heiligheidsbegrip*.

Daar is baie lidmate van die kerk wat eenvoudig kriewelrig word as daar in hulle teenwoordigheid na die kerklike tug verwys word. Vir hulle gevoel is dit onmoontlik dat daar 'n geval van kerklike tugtoepassing kan wees waarin nie op een of ander wyse flagrante blyke van skynheiligheid in die gemeente aan die lig kom nie. Hulle kan meestal terugdink aan een of ander ongelukkige episode uit hulle jong dae toe op die plattelandse dorpie waarvandaan hulle afkomstig is, 'n arme gevalle meisie onder sensuur geplaas is. Hulle kan nog duidelik die geskinder van die hele dorpie onthou, en sien nog in die gees hoe genotvol talle lidmate van die kerk die hele aangeleentheid oor en oor bepraat het en dit eenvoudig geniet het dat die arme meisie, wat alreeds soveel gefolter is deur die pynlike gevolge van haar sonde, voor die swartspan moes verskyn, “om te boet vir haar vreeslike sonde”. Hulle onthou nog hoe die gemeentelide arme Sarie in haar nood vermy het soos iets wat aansteeklik is, en as sy in die straat verbyloop, aan mekaar gestamp het en mekaar se aandag op haar, die sondares van die dorpie, gevestig het. Hulle onthou nog soos gister hoe ou tant Sannie en tant Hannie, die eggenotes van die twee mees gesiene ouderlinge, so agter die rug van die hand langs voor die kerkdeur met nagmaalstyd die veel gesogte inligting oor die besonderhede van die geval fluisterend verstrekket het, met die nodige gemene opmerkinge daarby natuurlik, waarna hulle dan vroom in die voorste banke van die kerk kon gaan sit en hulle hande vou in 'n salige gebaar, die engele te heilig. Daar mag veel besonderhede in verband met die tugsak teen Sarie wees wat hulle in die loop van die jare sal vergeet, maar één ding

sal hulle nooit vergeet nie, en dit is dat die hele gemeente oor Sarie gepraat het asof sy die enigste sondige persoon in die gemeente was, asof hulle in elk geval nog nooit iets gedoen het wat in die eerste verte dieselfde sondige karakter het nie.

En dit is nou presies wat by meer as een die vraag laat opkom het of die tug nie meer wrange as gesonde vrugte afwerp nie, en hulle met die erns van hulle siel 'n vraagteken agter die kerklike tug laat plaas. Immers, is dit nie so nie dat die bogenoemde geval van die kerklike sensuur wat op Sarie toegepas is, eerder die hardvotige selfverheffing van die meeste kerklidmate aan die lig gebring het as meegevoel met Sarie en bekommerdheid oor haar geestelike welsyn? Is dit nie die indruk wat 'n mens noodwendig moet kry dat tant Sannie en tant Hannie en die hele groep “vroom” lidmate van die kerk Sarie so beskinder en vermy, omdat hulle geen besef het dat hulle self ook sonde het nie? Is tant Sannie en tant Hannie wat hulle so verlustig in die oorvertel van die hele saak en wat so bereid is om Sarie harteloos te veroordeel oor haar val, miskien minder sondig as Sarie self? Is dit dan net sonde as 'n mens die sewende gebod oortree en nie ook as jy, soos tant Sannie en tant Hannie, die negende gebod oortree wat eis dat ons geen kwaadsprekers mag wees en mekaar se goeie naam na ons beste vermoë moet verdedig en beskerm nie? Skuil daar nie 'n afgryslieke fariseïsme agter die vroomheid van meer as een kerklidmaat wat in die voorste kerkbanke gaan sit net nadat hy 'n ander op 'n liefdelose wyse veroordeel het, en meen dat hy die reg het om dit te doen, aangesien hy tog nie onder sensuur is nie? Is dit nie so dat die meeste kerklidmate wat hulle so oor arme Sarie verhef, se sonde maar net nie bekend is nie? Dink maar aan die kerkraad wat die saak van Sarie moes hanteer : hoeveel van die kerkraadslede sou miskien wat kon gee om nog die relatiewe “onskuld” van Sarie te besit –

al het sy dan in sonde geval deur 'n alte groot gloed van hartstog of deurdat sy geswig het voor die sataniese verleiding van 'n man met meer ervaring as sy? Is daar 'n enkele kerkraadslid wat nie self miskien besmet is met talle onrein gedagtes en begeertes nie? Wie van ons is sonder sonde? Wie kan met sy vinger na 'n ander wys? Is dit dan net openlike oortredinge wat sonde is, en nie ook die verborge sondes van die hart en die gedagtes nie?

Een ding moet tog duidelik wees, en dit is dat sonde voor God sonde is. Ons mense mag met ons morele gevoelens allerlei onderskeidinge tussen “growwer en ligter” sondes invoer - vir God is sonde eenvoudig sonde. Maar as daar tog van so iets as groter en kleiner sondes sprake moet wees, sal dit dan nie eerder so wees dat hardheid van hart, onbekeerlikheid, geveinsdheid en liefdeloosheid - almal dinge wat aardig verberg kan word vir die mens, maar wat God tog goed genoeg kan raaksien - voor God as die grootste sondes sal geld nie? Is enige uiterlike daad van sonde - soos byvoorbeeld die val van Sarie - nie maar net die vrug van onbekeerlikheid in een of ander vorm nie, en hoe kan die vrug dan sondiger wees as die boom waaraan dit groei? En is dit nou billik dat die kerk mense gaan veroordeel oor die uiterlike dinge, terwyl die kerk tog baie goed behoort te weet dat hy nie in staat is om die dieper liggende sondes van selfsug, liefdeloosheid, hardheid van hart en onbekeerlikheid raak te vat met die tug nie? Watter sin het die tug dan? Die kerk kan nie tant Sannie en tant Hannie so maklik onder sensuur plaas as vir Sarie nie, want haar daad is vir almal duidelik, maar hulle talle sondige dade en gesindhede is nie so opmerklik nie, en die talle slegte begeertes en onrein gedagtes in die harte van die kerkraadslede is in die geheel nie vasstelbaar nie. Sou die kerk dan nie beter gedoen het as hy liever sy onmag om werklik met die tug die sonde in die kerk raak te vat, erken het

nie, en liever nie net uiterlike sondes onder die tug gebring het nie? Die kerk wek nou tog die indruk dat net sekere growwe sondes in sy oog sonde is, maar dat die wêreld van duisternis in die harte van sy lidmate maar toelaatbaar is. So kweek die kerk 'n oppervlakkige sondebeseft by sy lidmate en bevorder die skynheiligheid van die lidmate wat nie onder tug geplaas kan word nie, omdat hulle dan meen dat hulle geen sonde het nie, of altans geen ernstige sonde nie. Hierdie besware rondom die kerklike tug dra 'n ernstige karakter, omdat daarin nie alleen die vinger gelê word op 'n ernstige misstand wat so maklik in die praktyk met die kerklike tugoefening gepaard kan gaan nie, maar omdat daarin inderdaad vroe gestel word wat 'n vraagteken plaas agter die moontlikheid van die tug as sodanig. Is kerklike tugoefening ooit moontlik en sinvol as dit tog nie daarin kan slaag om die vinger op die eintlike sondigheid van die gemeente te lê nie? Het dit wel sin om van die tug te praat as die middel waardeur gewaak word oor die suiwerheid van die kerk, as dit tog nie in staat is om die verborge sondigheid van die kerk ook uit te suiwer nie? Wat help dit om die muggie uit te sif en die kameel in te sluk? En is dit nie uit die staanspoor dus onvermydelik dat die kerklike tugoefening met sy onvermoë om dieper te tas as die uiterlike, growwe sondes, 'n oppervlakkige sonde-opvatting en 'n skynheilige selfoorskating by die lede van die kerk moet kweek nie?

Hierdie vroe en bedenkinge teen die kerklike tugoefening mond uiteindelik uit in die gedagte dat die tug met sy onmag om dieper te tas as die uiterlike, growwe sondes, kan meewerk aan die worming van 'n verkeerde heiligheidsbegrip. Dit kan naamlik sover kom in die kerk dat gedink word dat die kerk heilig is as alle growwe, uiterlike sondes uit die middel van die kerk geweer word. Dan verskyn die ideaal van 'n “heiligheidskerk”, 'n kerk sonder vlek of rimpel in

hierdie eeu, 'n kerk waaraan geen onheilige mag behoort nie, maar wat net mense sal insluit wat hulleself ware, geheiligde kindertjies van die Here noem en daarop aanspraak maak dat hulle 'n volslae oorwinning oor die sonde behaal het (al sien ander ook nog so duidelik die oue mens deur die flardes van hul selfgeweeftde heiligheidskleed gluur!). 'n Mens moet noodwendig skepties teenoor die tug staan as dit die idee van die tug sou wees om so 'n soort heiligheidsideaal te voed. 'n Mens se gedagtes gaan as vanself na die stigting van dergelike kerkies van heiliges in ons eie land nog geen twintig jaar gelede nie, en jy herinner jou hoe die tyd wat op die stigting van die kerkies gevolg het, op 'n jammerlike wyse geopenbaar het hoe treurig dit dikwels nog gesteld is in die lewe van mense wat hulleself in die genoemde oppervlakkige sin “heiliges” noem. Is die pleitbesorgers vir 'n hernieude verskerping van die tugtoepassing in ons kerk wel bewus van hierdie gevaar? - so word dan gevra.

Ons noem ten slotte nog enkele Skrifplekke wat dikwels aangehaal word om te bewys dat die tug, gesien as middel om die heiligheid van die gemeente te bewaar, deur en deur problematies is. Vereers word daar graag verwys na Joh. 8 waar Christus diegene wat die owerspelige vrou wou stenig, in die noute gebring het met die opmerking dat die een wat sonder sonde is, die eerste klip op haar moet gooi (v. 7). Is hierdie teks nie die algehele vernietiging van elke poging om kerklike tug toe te pas nie, aangesien daar tog niemand in die kerk is wat kan sê dat hy sonder sonde is en niemand dus die sanksie het om 'n ander te veroordeel en aan te sê dat hy geen plek meer in die kerk het nie? In die tweede plaas word graag verwys na Matt. 7 : 1 waar daar staan : “Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.” Hoe kan die kerk, word dan gevra, in die aanwesig van hierdie duidelike uitspraak van Christus, oor ander se geestelike lewe uitsprake

doen waarin daar tog altyd 'n oordeel oor die innerlike van die ander persone opgesluit lê, byvoorbeeld soos wanneer iemand van die Awendmaal weggehou word, dit tog die duidelike implikasie bevat dat hy, na die oordeel van die kerk, nie deel in die versoening van Christus nie, en dus ook nie in die ryk van God enige deel het nie? Daar is tog 'n ou spreekwoord wat sê: *De intimis ecclesia non iudicat* (die kerk oordeel nie oor die innerlike dinge nie). Word die waarheid nie noodwendig verkrag deur elke tugoefening nie? In die derde plaas word daar graag verwys na die twee gelykenisse van Christus oor die onkruid tussen die koring en die goeie en slegte visse in een net (Matt. 13 : 24-30, 47), waarin Christus uitdruklik die gemengde karakter van die koninkryk van God op aarde leer en dan daaraan toevoeg dat die skeiding tussen onkruid en koring, slegte en goeie visse eers in die voleinding sal plaasvind en nie reeds nou nie (Matt. 13 : 28-30, 48). Is dit, met die oog op hierdie twee gelykenisse, so word gevra, nie by voorbaat verkeerd om die suiwerheid van die kerk deur die tug te probeer bewerk nie, terwyl Christus tog juis deur middel van die gelykenisse ons verbied om in te gryp in die gemengde karakter van die ryk van God op aarde?

Daar is waarskynlik baie meer lidmate van die kerk wat met een of almal van hierdie verskillende vrae oor die tug en sy verband met die heiligheid van die gemeente rondloop, as wat ons geneig sou wees om aan te neem. Daarom is dit so uiters noodsaaklik dat ons daarop moet ingaan. Ons wil dit graag in die volgende bladsye doen.

II

Hoewel dit ons bedoeling is om op die bogenoemde besware in te gaan en die misverstand wat daar in elkeen aanwesig is, aan te toon, wil ons dit tog reeds

hier vooraf net baie duidelik stel, dat die besware wat uit die praktyk of wanpraktyk van die kerk teen die kerklike tug mag opkom, vir ons sekere gewig behoort te dra, maar nooit soveel gewig as die verordeninge van God self vir Sy kerk nie. As dit naamlik uit die Woord van God vir ons vasstaan dat God self die tug ingestel het as die juiste middel vir die bewaring van die heiligheid van die gemeente, dan moet dit ons uiters versigtig maak om die probleme wat in verband daarmee vir ons mag opkom, van soveel gewig te ag dat dit ons laat spreek van die “onmoontlikheid” van die kerklike tugoefening. As Skrifgelowiges gaan ons uit van die feit dat God in Sy wysheid beter geweet het wat die juiste middel sal wees vir die bewaring van die heiligheid van die gemeente as wat ons dit weet, en dat Hy dus self vir ons die middel in Sy Woord voorgeskrywe het. Hoe reël die gevaar van 'n ongewenste skynheiligheid, oppervlakkige sondebegrip en 'n verkeerde heiligheidsideaal ook al vir die kerk mag wees, dit mag ons nie daarvan weerhou om die tug toe te pas as God ons dit beveel het nie, want God weet net so goed as ons van al die gevare wat steeds die kerk van binne en buite bedreig. As God dan nogtans die tug geskik geag het om so 'n heerlike doel te dien as die bewaring van die heiligheid van die gemeente, dan behoort dit ons ernstig te laat besin oor die vraag of die gevare wat die kerk in die tugoefening bedreig, nie deur die genade van God vermy kan word, sodat die tugoefening vir die gemeente heerlike seëninge kan inhou nie. Buitendien kom die vraag ook by ons op of die kerk wat hom blind staar op die gevare van skynheiligheid, oppervlakkige sondebefes en 'n valse heiligheidsideaal wat moontlik vanuit die tugoefening kan dreig, enige plaasvervanger vir die tug aan die hand sal kan doen wat minder gevare vir die kerklike lewe besit, en of dit nie dalk daarop sal uitloop dat die kerk dan in die geheel hom nie soveel oor die heiligheid

van die gemeente bekommer nie, omdat hy so bewus is van die talle gevare wat daarin skuil om hom met die heiligheid van die gemeente konkreet besig te hou, dat hy maar liever in die geheel niks konkreet doen nie? Is die gevaar van passiwiteit vir die kerk nie net so groot as die gevaar van skynheiligheid nie? Mag die kerk ooit sover kom dat hy so bang is om *verkeerd* te werk te gaan, dat hy maar liever in die geheel nie iets doen aan die sonde wat gedurig weer in die lewe van sy lidmate na vore tree nie, terwyl God tog in Sy Woord duidelike opdragte gegee het oor hoe daar gehandel moet word “as die broeder sondig!”

Wanneer ons na die Woord van God gaan en daarna luister, dan vind ons in die eerste plaas dat God Homself geopenbaar het as *die heilige God wat in geen omstandighede gemeenskap wil hou met onreinheid en sonde nie*, en wat dus vanuit Sy heiligheid eis dat die mens wat met Hom in gemeenskap wil tree, self ook heilig moet wees. Die saak van die heiligheid van die gemeente is dus 'n lewenskwestie vir die kerk, en die kerk mag in geen omstandighede toelaat dat wat ook al - al is dit dan ook die geregverdigde vrees vir die gevare wat vir sondige mense in die tugoefening mag skuil - hom verlei tot passiwiteit met betrekking tot die taak om te waak oor die heiligheid van die gemeente nie. In die tweede plaas leer die Woord van God ons uitdruklik dat God *nie alleen self voortdurend besig is om aan die heiligheid van Sy gemeente te werk nie, maar dat Hy die kerklike tug as die aangewese middel verorden het vir die handhawing van die heiligheid van die gemeente*. Ons wil hierdie twee waarhede van Gods Woord eers nader toelig voordat ons daartoe oorgaan om aan te toon dat Gods Woord ons in die derde plaas so duidelik laat sien wat *die juiste bedoeling en betekenis van die tugoefening is en op watter wyse dit bereken is om die heiligheid van die gemeente te bewaar*, dat ons inderdaad sal besef dat die gevare wat

onder hierdie bogenoemde besware teen die tug genoem is, slegs dán vir die kerk 'n wesenlike bedreiging inhou wanneer die tugoefening in die gemeente misverstaan word, en nie wanneer dit deur Gods genade reg begryp word nie. Ons vertrou dat wanneer ons hierdie drie genoemde waarhede uit Gods Woord in die lig gestel het, die besware teen die tug wat hierbo na vore gebring is, vanself sal verdwyn.

*

Die Bybel leer ons God ken as die heilige God. Die woord wat in die Ou Testament vir *heilig* gebruik word, is afgelei van dieselfde stam as die Hebreeuse woord vir *afsny* of *afsonder*. Daaruit blyk vir ons baie duidelik wat die Bybel onder heiligheid verstaan, nl. *afgesonderdheid*. As die heilige God is God die afgesonderde - afgesonder enersyds van die geskapene, andersyds van die sonde.

Dat God as die heilige volstrek afgesonder is van alles wat geskape is, het vir ons 'n ryke betekenis. Dit beteken immers dat Hy die verhewe God is wat gans anders is as alles wat geskape is en dus nie-God is. Dit hou in dat God die enigste aanbidswaardige Persoon is, omdat Hy alleen verhewe is bo al wat geskape is en dus alleen God is. Dit hou in dat God alleen reg het op die aanbidding van die mens en dat Hy ook kragtens Sy Godheid die diens en aanbidding van die mens onvoorwaardelik opeis. Niemand en niks anders het reg daarop om deur die mens vereer en gedien en aanbid te word nie, behalwe die heilige God alleen. As die mens dit dus sou doen om iemand of iets anders te aanbid, sou hy hom nie alleen besig hou met iets wat vir hom niks goeds kan inhou omdat dit uit die aard van die saak sinloos is nie, maar hy sou God beledig, omdat hy dit wat alleen aan die heilige God toekom, neem en aan die geskapene gee. Hierdie

belediging van Sy heiligheid wil God nie duld nie, omdat dit beteken dat God nie as God erken en geëer word nie, wat vir die mens noodwendig moet beteken 'n verval in die sinlose en 'n verwerping van die verlustiging in die heerlikheid van die enigste ware God wat vir hom bedoel was. Daarom verbied God die mens om die eer wat aan Hom alleen toekom, aan 'n ander te gee, en Hy verklaar uitdruklik dat Hy dit ook nie sal toelaat dat die mens dit ongestraf kan doen nie. Hy stel Homself bekend as die *jaloerse* God (vgl. Ex. 20 : 5; 34 : 14) wat die aanbidding van die mens vir Homself begeer en opeis en alte seker nie sal duld dat Sy eer aan 'n ander gegee word nie. Daarom spreek die Skrif ook met ons van die *toorn van God* wat ontbrand teen elkeen wat die heilige God nie aanbid nie en wat God nie die eer gee waarop Hy alleen aanspraak het nie. God sal niemand ongestraf laat bly wat Hom van Sy eer beroof nie. Hy sal elkeen verdelg van voor Sy heilige aangesig wat Hom nie met sy ganse hart dien nie. God is nie bereid om saam met ander “gode” die liefde van die mens se hart te geniet nie: Hy wil .alleen die liefde van die mens se hele hart en siel besit. Gods heiligheid eis dus dat die mens Hom onvoorwaardelik moet dien en slegs met Hom gemeenskap moet hou.

By hierdie eerste betekenis van Gods heiligheid kom nou die tweede as 'n noodsaaklike toevoeging : God is alleen afgesonder van die geskapene as die enigste God wat aanbidding toekom nie. Hy is ook afgesonder van die *sonde*, wat niks anders is nie as 'n poging om God Sy eer te ontnem. Sonde is opstand teen God, haat teen God, verwerping van God in allerlei vorme. Met die sonde het God dus geen gemeenskap nie. Hy haat die sonde. Hy doen geen sonde nie, want in Hom is alles één heerlike harmonie van ewige verlustiging in Homself, en Hy duld geen sonde nie, omdat dit sou beteken die verwerping van die Hoogste Goed ter wille

van die verering van nietigheid. As die heilige is God dus ook volstrek verhewe bo en afgesonder van die sonde. Sonde beteken deurgaans 'n aantasting van Sy eer, 'n heenwending na die aanbidding en verering van iets wat nie-God is. Daarom haat en verbied God die sonde, toorn Hy daarteen en straf Hy dit. Wie hom met die sonde inlaat, moet weet dat hy te doen het met opstand teen die heilige God wat 'n verterende vuur is en in wie se hande dit vreeslik is om te val (Hebr. 10 : 31; 12 : 29).

As ons dus luister na wat die Bybel ons aangaande die heiligheid van God leer, dan merk ons twee dinge : Gods heiligheid stel die mens voor die eis om Hom en Hom alleen te aanbid; en : Gods heiligheid weer alles van Hom weg wat sondig is, haat alles wat onrein is en weier om daarmee enige kontak te hê, ja, dreig inteendeel om alles wat met sonde besmet is, te verdelg. Vir die sondige mens beteken dit dus dat Gods heiligheid hom enersyds voor die eis stel om Hom te aanbid, andersyds Hom van Sy aangesig wegdrywe omdat hy met sonde besmet is. God wil gemeenskap met die mens, want Hy wil as die Heilige erken en geëer word, maar Hy haat die sonde en weier dus alle gemeenskap met die sondige mens. Hy dreig die mens dus met vernietiging as hy Hom nie aanbid nie, maar Hy dreig die mens ook met vernietiging as hy Hom nader sonder dat die gruwel van sy sonde eers bedek is.

Waarby bring dit ons? Dit bring ons by die waarheid van Ps. 24 : 3-4: “Wie mag klim op die berg van die Here en wie mag staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is.” God wil dus die aanbidding en gemeenskap van die mens, maar slegs dán wanneer die mens self eers gereinig is, self eers *afgesonder is van sy sonde*, wanneer die mens self eers geheilig is. As die mens nie deur Gods toorn verteer moet word nie, kan hy nie voor God kom net soos hy is nie : sy sonde moet eers bedek word; hy moet eers

rein van hande en suiwer van hart gemaak word om Gods aangesig te kan sien; hy moet eers alles afsweer wat hy as voorwerpe van aanbidding en liefde besit het en God alleen as God erken. God is 'n jalouse God. Hy hou geen gemeenskap met die duisternis nie. Hy is 'n verterende vuur. *Daarom eis Sy heiligheid ook die heiligheid van diegene wat met Hom in gemeenskap moet verkeer.* Gods heiligheid eis dus die heiligheid van almal wat met Hom gemeenskap moet hou, d.i. van Sy volk, van die kerk. God het daarvoor vir ons in Sy Woord geen twyfel gelaat nie : dat die heiligheid van die kerk 'n lewenskwestie vir die kerk is, omdat God geen gemeenskap kan hou met mense wat nie self afgesonder is van die sondige wêreld nie.

Die hele Skrif is een getuienis van hierdie waarheid. Op talle maniere maak die openbaring ons daaraan indagtig dat al wat onrein is, voor Gods aangesig verdelf sal word. Hoe lieflik die gemeenskap tussen God en die eerste mensepaar in die paradys ook al was voor die sondeval, toe hulle sondig en dus Gods Woord in twyfel trek en die lojaliteit van hul hart nie meer onverdeelde aan Hom wou gee nie, het daar onmiddellik 'n muur van skeiding tussen God en hulle gekom. Hulle word onmiddellik van voor Sy aangesig uit die paradys verdrywe, die gemeenskap met God hou op, en 'n gerub, die engel wat vernaamlik tot taak het om te waak oor die heiligheid van God, word by die poort van die paradys geplaas om hul weg terug na Gods gemeenskap te versper. Dat God tog weer na Adam en Eva soek en weer Sy gemeenskap vir hulle aanbied, kom nie daaruit voort dat die sonde nie soveel saak vir God maak nie, maar dat Hy genadiglik die bedekking van hulle sonde deur die bloed van Christus wat eenmaal gestort sal word, reeds oor hulle laat geld, soos die feit, dat God aan hulle dadelik die sogenaamde moederbelofte (Gen. 3 : 15) gee, duidelik getuig.

In die moederbelofte laat God dit egter uitkom dat

die voorwaarde vir die voortbestaan van gemeenskap tussen Hom en die mens geleë is in die *vyandskap* wat daar moet heers tussen diegene wat saam met die slang teen God wil staan, en diegene wat teen die begeertes van die slang in vir God wil kies. God kan nie gemeenskap hou met diegene wat die slang tot 'n bondgenoot het nie, slegs met diegene wat hom as vyand behandel. God stel dus self die vyandskap in tussen die vrouesaad en die slangesaad, tussen geloof en ongeloof, tussen heilig en onheilig. God wil nie dat diegene wat lewe uit die verwagting van die heil wat die komende Messias sal bring, vermeng word met diegene wat God en Sy Messias haat nie. Daarom stel God die beginsel van afsondering vir Sy volk reeds daar in die paradys in. Die verdere verloop van die mensheid toon dan ook baie duidelik hoe God telkens self ingryp en die afsondering bewerk waar dit dreig om verlore te gaan. As die goddelose Kain sy sataniese vyandskap teen die diens van God tot uiting bring deur Abel te vermoor, dan sorg God daarvoor dat hy verwyder word uit die huis van Adam waar die godvresende Set die diens van God bewaar. Gaan egter ook die nageslag van Set hulle op so 'n wyse met die goddelose Kainiete vermeng dat die onderskeid nie meer duidelik blyk nie, dan sonder God self die vrome Noag met sy gesin af en verdelg die res van die mensheid deur die sondvloed. As ná die sondvloed die sonde maar weer onder die nageslag van Noag sy loop neem, dan roep God Abraham uit Ur van die Chaldeërs en sonder hom af van die res van sy familie om met hom in die besonder en met sy nageslag Sy verbond te maak. Met groot klem bepaal God vir Sy volk Israel dat hulle hul nie mag vermeng met die goddelose volkere rondom hulle nie, en Hy beveel daartoe selfs dat al die volkere wat gewoon het in die land Kanaän deur Israel uitgeroei moet word, sodat Israel hulle nie kon vermeng met die ander volkere en met hulle sondes besmet word

nie (vgl. Deut. 7 : 1-11, 20: 15-18, ens.). Waar Israel hierdie afsondering wat God geëis het, nie gehandhaaf het nie, het dit altyd vir hulle smartlike gevolge gehad (vgl. die boek Rigters en die geskiedenis van die ballingskap). Tot op die koms van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees het hierdie afsondering van Israel as volk bly voortbestaan. Op Pinksterdag vind egter die geboorte plaas van die kerk van die Nuwe Verbond waarin daar nie meer bepaalde volksgrense gehandhaaf hoef te word nie, want die kerk staan oop vir elkeen, van watter volk of stam of taal of nasie hy ook mag wees. Daarmee is die beginsel van afsondering egter nie opgehef nie. Hoewel die kerk van die Nuwe Verbond geen nasionale afsondering meer ken soos die kerk van die Ou Verbond nie, ken hy nog terdeë die afgrensing teenoor die wat ongelowig is. Die kerk moet hom afsonder van almal wat Jesus Christus verwerp (vgl. 2 Kor. 6 : 17-18). Ook vir die kerk van die Nuwe Bedeling geld die “vyandskap” van Gen. 3 : 15. As die kerk met God gemeenskap moet hê, dan mag hy geen gemeenskap hê met die duiwels nie (1 Kor. 10 : 20-21).

Die wil van God dat Sy volk van die wêreld afgesonder sal wees, blyk verder ook nog baie duidelik daaruit dat God selfs binne die kring van diegene wat gereken word tot die volk van God of die kring van die verbond, telkens siftend en skeidend optree, sodat diegene wat Hom met hulle ganse hart dien, nie vermeng mag word met diegene wat dit nie doen nie. So blyk dit byvoorbeeld dat Lot wel saam met Abraham uit Ur weggetrek het, maar tog uiteindelik van Abraham en sy geslag afgesonder word. Al is dit verder so dat God Sy verbond met Abraham en sy nageslag opgerig het, tree God tog ook *in* die nageslag van Abraham op met Sy beginsel van afsondering. Ismael, hoewel die vleeslike nasaat van Abraham, word afgeskei van die seun van die belofte, nl. Isak. Esau,

hoewel die vleeslike nasaat van Isak, word deur die onbegryplike verkiesende genade van God afgeskei van die kind van Gods liefde, Jakob. Telkens is daar binne die verbond, binne die kring van diegene wat Gods Naam dra, diegene wat uitgeskei moet word. God wil nie dat Sy volk mense sal insluit wat Hom verwerp nie. Daarom beveel God dat almal wat Sy verbond verbreek, van Sy volk afgeskei sal word. Op die woestynreis van Sy volk Israel op pad na Kanaän is dit nie alleen so dat enkele oortreders soos Korag, Datan en Abiram uit die volk uitgeroei moet word nie, maar gedurende die omswerwing in die woestyn sterwe selfs die hele volwasse geslag onder Gods toorn weg, omdat Hy aan hulle geen welgevalle gehad het nie, in weerwil daarvan dat hulle almal onder die wolk was en almal water uit die rots gedrink het en almal die manna in die woestyn geëet het (1 Kor. 10). In die tyd van die prediking van die profete word telkens Gods dreigement gehoor dat Hy Sy volk sal verwerp omdat hulle onheilig is en Sy verbond vertrap. So is dit selfs nodig dat Hosea sy volk moet aansê dat God Sy verbondsverhouding met hulle opgehef het, sodat hulle nie meer Sy volk is nie en Hy nie meer hulle God nie (Hos. I : 9). Die heiligheid van God kan die sondes van Sy volk nie meer verduur nie. Hy werp hulle gevolglik in die ballingskap, waarin verreweg die meeste in die vreemde sterwe, en slegs 'n “oorblyfsel”, die res, bly bewaar. In hierdie geval is dit werklik so dat die goddelike tug die ongehoorsame meerderheid moes afskei van die gehoorsame minderheid. As Paulus later oor hierdie dinge nadink, dan verklaar hy ronduit dat nie almal Israel is wat uit Israel is nie, en dat God noodwendig in Sy heiligheid diegene wat nie deur die geloof in Christus ingeplant is nie, moes verwerp, al was hulle ook uit die nageslag van Abraham (vgl. Rom. 9-11).

In die kerk van die Nuwe Verbond gaan dit nie

anders nie. Selfs te midde van die bloei van die Geesvervulde Pingstergemeente is daar 'n Ananias en Saffira wat deur 'n Goddelike strafgerig neergevel word as hulle die gemeente van God met hulle onheiligheid besmet (Hand, 5). Deur die siener Johannes laat God aan die gemeente in Thiatire weet dat Hy Isebel, wat haarself 'n profetes noem en vele in die midde van die gemeente op 'n dwaalspoor lei, self op 'n siekbed sal neerwerp, en diegene wat met haar owerspel bedryf, in groot verdrukking sal stort (Openb. 2 : 20-25). God wil nie hê dat in Sy kerk gelowiges en ongelowiges vermeng sal wees nie, want dit bedreig die heiligheid van die gemeente, wat 'n voorwaarde is vir sy gemeenskap met die kerk.

In al die gevalle wat ons tot dusver genoem het, sien ons God as 't ware self Sy gemeente deurwandel met die roede in Sy hand om Sy gemeente te suiwer van alles en almal wat nie by die gemeente pas nie. Sy beginsel dat diegene wat met Hom gemeenskap moet hou, afgesonder moet wees van die wêreld, is deur God in baie gevalle persoonlik in Sy kerk in beoefening gebring. Tog is dit nie alleen deur middel van hierdie direkte ingryping van God dat Hy die afsondering van Sy gemeente wil bewerkstellig en bewaar nie. God het reeds sedert die Ou Verbond baie duidelik tugmaatreëls vir Sy volk verorden. Deur hierdie tugmaatreëls van God te onderhou, sou die volk van God sy afsondering van die wêreld en die sonde kon handhaaf. God gryp nie maar net van buite af op Sy kerk in nie, nee, Hy maak die kerk self ook verantwoordelik vir sy eie afsondering en heiligheid. Die kerk mag nie maar passief bly wag daarop dat God self siftend die kaf van die koring afskei nie; die kerk staan onder die direkte bevel van God : “Wees heilig, want Ek is heilig!” (Lev. 11 : 29; 19 : 2; 20 : 7; 1 Pet. 1 : 16). God gee aan Israel baie duidelike voorskrifte oor hoe Hy wil hê dat hulle hulleself vir Hom sal reinig en

heilig, wette wat nie maar aan die individuele voorkeur oorgelaat word nie, maar waarvan die handhawing die verantwoordelikheid van die volk as geheel gemaak word. In Ex. 19 : 10 vv. lees ons hoe Moses die volk moes heilig voordat God aan hulle kon verskyn op die berg Sinai. Waar iemand onwillig was om hom aan die verordeninge van God wat hulle reiniging betref, te onderwerp, moes so 'n persoon uitgeroei word uit die volk (vgl. Ex. 12 : 15, 19; 19 : 12, 21, 22; Num. 19 : 13, 20; Lev. 22 : 3). Enige persoon wat nie die nodige eerbied vir Gods heiligheid betoon nie, moes uit die volk uitgeroei word, want : as die volk Gods gemeenskap deelagtig moet word, dan moet die volk heilig wees. Ons kan hierdie suiwing van die volk “tug oefening” in die Ou Verbond noem.

Een van die gewigtigste middele wat God vir die suiwing van die volk in die Ou Bedeling verorden het, was die *ban*. Deur die ban moes alles wat God oneer aandoen, vir goed uit die lewenskring van Gods volk verwyder word. Goedere wat deur die banvloek getref moes word, moes eenvoudig vernietig word sodat niemand dit meer kon gebruik nie, en persone wat deur die banvloek getref moes word, moes voor die voet omgebring word sonder enige verskoning (vgl. Ex. 22 : 20; Lev. 27 : 29; Deut. 17 : 2-7). Daardeur wou God aan Sy volk leer dat hulle verantwoordelikheid daarvoor moet dra dat alles wat onheilig is, uit Sy heilige vergadering verwyder moes word. Elke afgodedienaar (Ex. 22 : 20), elke godslasteraar (Lev. 24 : 11-16), towenaar (Ex. 22 : 18), duiwelskunstenaar (Lev. 20 : 27) of moordenaar moes omgebring word. In die toepassing van die banvloek op Agan en sy huis (Jos. 7) vind ons 'n duidelike voorbeeld van hoe konkreet God dit bedoel het dat elke gruwel van die sonde uit die midde van Sy volk uitgeroei moes word, indien Israel wou aanspraak maak op Gods genadige teenwoordigheid.

Waar ons reeds hierbo gesien het dat die afsonderings-beginsel wat God in die paradys vir Sy volk neergelê het sowel as die bemoeienis van God met die afsondering en heiliging van Sy volk nie net vir die Ou Verbond gegeld het nie, maar ook vir die kerk van die Nuwe Verbond, daar kan ons reeds verwag dat God ook in die Nuwe Verbond aan Sy kerk duidelike opdragte sou gee in verband met die handhawing van die tug as middel tot die handhawing van die heiligheid van die gemeente. En inderdaad is dit die geval. Nie alleen word die sin van die hele tug oefening van die Ou Verbond in die Nuwe Verbond oorgedra deur die herhaling van die opdrag : “Wees heilig, want Ek is heilig!” in 1 Pet. 1 : 16 nie, maar die Nuwe Testament bied ons 'n rykdom van gegewens oor die kerklike tug. Dit is selfs so, dat ons in die Nuwe Testament eintlik eers die ware wese van die kerklike tug volgens die instelling van God leer ken. Want al het ons in die Ou Testament die duidelike algemene beginsels wat op die tug betrekking het, was dit tog so dat die kerk in die Ou Verbond nog nie as 'n selfstandige organisasie bestaan het nie, maar in 'n onafskeidelike eenheid met die teokratiese staat verkeer het, en dit het meegebring dat die tug oefening in die Ou Testament noodwendig n ander karakter moes dra as in die Nuwe Testament. Hoewel kerk en staat in Israel nie vermeng is nie, is dit tog ook nie altyd van mekaar onderskei nie, en die gevolg was dat die toepassing van die beginsels van die tug in die Ou Verbond veel geskied het met die oog op die kerk, maar terselfdertyd die bestaan van Israel as volk geraak het. Vandaar dat ons in die Ou Testament die beginsel kry dat iemand wat deur die ban getref is, nie slegs uit die godsdienstige gemeenskap (kerk) uitgesluit is nie, maar ook uit die volk uitgeroei is deur doding. Toe Israel opgehou het om as teokratiese staat te bestaan en deur die ballingskap onder die heerskappy van vreemde volkere beland het,

moes dit noodwendig verander. Die gevolg is dat die ban reeds in die tyd na die ballingskap nie noodwendig meer uitroeïing deur die dood beteken het nie, maar uitsluiting uit die godsdienstige gemeenskap. In die tyd het die sinagoge al meer betekenis gekry in die godsdienstige lewe van Israel, en as die hoogste tugmaatreël van die sinagoge het gegeld die uitbanning uit die sinagoge (vgl. Luk. 6 : 22 en Joh. 9 : 22). In die Nuwe Testament vind ons 'n sterk mate van aansluiting by die sinagogale tug wat die vorm betref. Na sy wese is die tug wat ons in die Nuwe Testament teëkom, 'n uitwerking van die beginsels wat ons reeds in die Ou Testament gevind het, maar nou van toepassing gemaak op die kerk as selfstandige grootheid naas die staat, as selfstandige organisasie naas die volksgemeenskap. Daarom is dit dat ons kan sê dat ons in die Nuwe Testament eintlik eers die ware wese van die kerklike tug leer ken, sy dit dan ook dat die kerklike tug soos ons dit in die Nuwe Testament verorden vind, dieselfde doel beoog, nl. die bewaring van die heiligheid van die gemeente, en dat daarin dieselfde beginsel as in die tug van die Ou Testament oorheersend is, nl. die afsondering van die volk van God van die wêreld en die sonde, om aan Hom alleen te behoort.

Wanneer ons dan na die Nuwe Testament luister, dan hoor ons daarin nie slegs die uitdruklike bevel van Christus dat daar opgetree moet word wanneer die broeder sondig nie (Matt. 18, vgl. ons behandeling daarvan in Hoofstuk 1), en ook nie slegs die volmag om met die sondige broeder te onderhandel oor sy sonde nie (nl. die sleutelmag, vgl. ons vorige hoofstuk), maar ons vind daarin herhaaldelik die opdrag aan die kerk om deur die handhawing van die tug sy heilige karakter in hierdie wêreld te bewaar. Sonder om op al die gegewens in te gaan, noem ons slegs enkele van die belangrikste Skrifplekke.

Een van die vernaamste plekke in die Nuwe Testament

waar oor die tug gehandel word, is 1 Kor. 5. In die gemeente van Korinthe het daar 'n skandelige voorval plaasgevind, nl. dat een van die gemeentelede in ontug saam met sy stiefmoeder lewe. Deur hierdie ergerlike sonde word die heiligheid van die gemeente in die gedrang gebring. Selfs onder die heidene, sê Paulus, is so iets nie bekend nie — en die heidene van Paulus se dae was seker nogal met heelwat gruwelike onreinhede bekend! In 'n gemeente van Jesus Christus mag so iets hoegenaamd nie geduld word nie. Die Christelike gemeente is immers 'n heilige gemeenskap van mense wat afgesonder moet wees van die sonde en die wêreld met sy bese begerlikhede. Die gemeente, sê Paulus, is tog die tempel van God en die Gees van God woon in die gemeente (1 Kor. 3 : 16). As iemand die tempel van God skend (onheiligh), sal God hom skend, want — en dit se Paulus met groot klem — “die tempel van God is *heiligh*, en dit is julle!” (v. 17). Daarom, vanweë die feit dat die gemeente heilig moet wees, mag daar nie dergelike dinge onder die Korinthiërs voorkom nie, anders kom daar 'n ban in die gemeente en kan God nie meer met Sy gemeente gemeenskap hou nie. Daarom gelas Paulus onvoorwaardelik : “Verwyder tog die slegte mens onder julle uit!” (1 Kor. 5 : 13, vgl. v. 2). Paulus is bevrees dat die teenwoordigheid van onheiliges in die gemeente soos 'n suurdeeg sal deurwerk in die gemeente en almal sal besmet, net soos 'n klein bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak (1 Kor. 5 : 6). Gevolglik is dit noodsaaklik dat die ou suurdeeg van ondeug en boosheid uit die gemeente uitgesuiwer moet word (v. 8). Met klem roep Paulus dan die gemeente daartoe op om hulle hoegenaamd nie te vermeng met hoereerders of ander onheilige persone nie, ja, selfs nie eens met hulle saam te eet nie (v. 9-11).

Ook elders in die Nuwe Testament word die kerk daartoe opgeroep om sy heilige afsondering te bewaar.

Paulus vermaan die gelowiges in Korinthe om in geen omstandigheid saam met die ongelowiges in dieselfde juk te trek nie, aangesien die geregtigheid geen gemeenskap met die ongeregtigheid het nie, die lig geen gemeenskap met die duisternis nie, en ook die tempel van God geen ooreenkoms met die tempels van die afgode behoort te hê nie. En dan gaan Paulus voort : “Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het : Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. *Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here*; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige” (2 Kor. 6 : 16-18). In dieselfde tweede brief aan die Korinthiërs neem hy met dank kennis van die feit dat sy vorige brief, waarin hy die gemeente aangespoor het tot die uitoefening van die tug, so 'n gunstige uitwerking gehad het en hulle werklik beweeg het tot bestraffing van die ongeregtigheid in eie midde (2 Kor. 7 : 11). In sy briewe aan die Thessalonicense dring hy daarop aan dat onordelike broeders vermaan moet word (1 Thess. 5 : 14) en dat die gemeente hulle selfs moet onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van Paulus en die apostels ontvang het nie (2 Thess. 3 : 6). Ook in sy briewe aan Timotheüs gee Paulus opdrag tot bestraffing van diegene wat sondig, met name ook van ouderlinge wat sondig (1 Tim. 5 : 19-20), en net soos in die brief aan Titus gee hy bevel dat die gemeente hom aan die gemeenskap met sulke persone moet onttrek (2 Tim. 3 : 5; vgl. Tit. 1 : 9-14 en 3 : 10-11).

Daar sou nog heelwat meer tekste opgenoem kan word, maar ons volstaan hiermee, omdat daaruit reeds voldoende blyk dat ook die Nuwe Testament die tug nie as iets onbelangriks sien nie, maar as die juiste

middel wat God vir Sy gemeente verorden het om die heiligheid van die gemeente te bewaar. Dit is egter ook uit alles wat ons tot dusver gesê het duidelik dat die heiligheid van die gemeente slegs dan bewaar kan word, wanneer alles uit die gemeente verwyder word wat die eer van God aantast. Die tug waak dus oor die handhawing van die eer van God in Sy kerk. Wanneer die gemeente afgesonderd word van die wêreld en die sonde en aan God alleen al die aanbidding en die lof toebring, word die eer van God in die gemeente gesoek, word die gemeente geheilig, en wil die heilige God met die gemeente op die innigste wyse gemeenskap hou.

*

Kyk ons terug oor die weg wat ons afgelê het tot hiertoe, dan moet ons tot die samevattende gevolgtrekking kom dat die Bybel ons inderdaad leer dat God self die tug vir Sy kerk verorden het, omdat Hy as die heilige God geen gemeenskap met al wat onheilig is, wil hou nie, en daarom nie alleen self gedurig Sy hand aan die heiligheid van die gemeente hou nie, maar ook die gemeente verantwoordelik maak vir die handhawing van die tug as die juiste middel tot bewaring van sy heiligheid. In die oog van God is dit dus blykbaar nie so, dat die gevare wat die kerk vanuit die beoefening van die tug mag bedreig, van so 'n aard is dat die tug maar liever laat vaar moet word nie. God duld geen passiwiteit by Sy volk in hierdie opsig nie. Ons kan dus reeds hier al se dat dit fataal sou wees vir die kerk om enige oorweging vir hom swaarder te laat tel as die duidelike verordeninge van God. Dit is as sodanig dan ook reeds vir ons voldoende argument om die tug nogtans in die kerk te bly handhaaf, ondanks allerlei gevare wat vir sondige mense daaraan verbonde mag wees. Ter wille van die gewigtige aspekte wat egter in die verskillende besware hierbo aangeraak is, is dit

noodsaaklik dat ons nou nog verder op die besware sal ingaan met die doel om aan te toon dat *as ons die juiste insig het in die wyse waarop die handhawing van die tug die heiligheid van die gemeente bewaar, die besware daarteen vanself moet verval.*

III

Die kompleks van besware waarmee ons hier te doen het, gaan uit van die gedagte dat die handhawing van die tug sou lei tot 'n oppervlakkige verstaan van die sonde, omdat net sekere “growwe” sondes in aanmerking kom vir die uitoefening van die tug, waardeur maklik die indruk gewek kan word dat slegs sekere uiterlike sondes werklike “sonde” is, terwyl die hardnekkige innerlike sondes van die hart verskoon word en dus as minder ernstig aangevoel word. Word die algemene sondigheid van die gemeente nie daarmee uit die oog verloor nie? En, wat logies daaruit voortvloei, beteken dit dan nie dat die kerk die indruk wek dat die mens “heilig” is solank hy maar net nie in growwe uiterlike sondes val nie, 'n idee wat nie slegs skynheiligheid in die hand werk nie, maar ook daarop uit-loop dat die ideaal gekoester kan word van 'n kerk sonder vlek of rimpel reeds in hierdie bedeling - iets wat tog onbestaanbaar is? Van 'n ander kant gestel, kom dit daarop neer dat hierdie beswaar die vraag opper wat die aard van die heiligheid is wat deur middel van die tug in die gemeente gehandhaaf kan word. Is dit nie net 'n uiterlike soort heiligheid nie? En, indien dit nie slegs 'n uiterlike heiligheid is wat deur die tug nagestrewes word nie, hoe kan die tug, sonder dat die kerk oor die innerlike van mense gaan oordeel, die ware innerlike heiligheid van die gemeente bewaar?

Van watter kant die saak ook al gestel word, een ding is in elk geval duidelik : dit gaan by hierdie kompleks

van besware deurgaans om die vraag hoe die heiligheid van die gemeente verstaan moet word en hoe die tug in staat kan wees om die heiligheid te bewaak.

By die behandeling van die bedenkinge teen die tug wat hier aan die orde gestel is, is dit vir ons van die grootste belang om al dadelik vas te stel wat die *Bybel presies met die heiligheid van die gemeente bedoel*. Slegs wanneer ons begryp wat die Bybel onder heiligheid verstaan, sal ons kan probeer verstaan waarom God die tug kon verorden het as 'n geskikte middel vir die handhawing van die heiligheid.

Ons wil dan ook dadelik begin deur te sê dat die Bybel baie beslis met die woord *heilig* nie slegs 'n *uiterlike* heiligheid op die oog het nie, 'n heiligheid wat slegs daarin sou bestaan dat die volk van God maar net nie skuldig sou wees aan die doen van sekere growwe, uiterlike sondes nie. Die Bybel verstaan tog die heiligheid van die volk van God baie kennelik as die afgesonderdheid van die volk van God van die sonde en die wêreld in elke vorm - en dit sluit tog nie net die afgesonderdheid van enkele brutale sondes in nie. Aan die ander kant moet ons egter ook baie duidelik beklemtoon dat *die Bybel tog ook weer nie die begrip "heilig" van die kerk of die volk van God gebruik in die sin van "sonder sonde in homself" nie*. Hieraan moet ons baie goed vashou, want as ons (soos maar te dikwels die geval is met persone wat die bogenoemde besware teen die kerklike tug koester), die heiligheid van die gemeente verstaan as sondeloosheid, en enige sprake van heiligheid waar daar nie ook sprake van sondeloosheid kan wees nie, eenvoudig van die hand wys, dan sal ons nooit die heiligheid van die gemeente kan verstaan nie, en gevolglik sal die tug as middel tot die bewaring van die heiligheid van die gemeente vir ons tot 'n aanstoot moet wees.

Hoe moet ons dan presies die heiligheid van die

kerk opneem? Die heiligheid van die kerk is 'n *toegerekende heiligheid*. Op grond van die soenverdienste van Christus aan die kruis reken God aan elke gelowige die volkome geregtigheid en heiligheid van Christus self toe. Die heiligheid van die kerk is dus die heiligheid van Christus Jesus, ja, Hy is sonder meer die heiligheid van die kerk in eie persoon. Wanneer iemand in Christus glo, word hy onmiddellik en volkome met die geregtigheid en heiligheid van Christus oordek, so volkome, asof hy self nooit enige sonde geken of gedoen het nie. In Gods oog is hy op daardie oomblik reeds volkome afgesonder van alles wat onrein en onheilig is, is hy volkome heilig, sodat hy met vrymoedigheid 'n “heilige” genoem kan word. In hierdie sin spreek die Bybel oor die heiliges (vgl. 1 Kor. 1 : 2 en 6 : 11), en nie, soos die Rooms-Katolieke Kerk, in die sin, dat slegs *mense* wat moreel of geestelik hoër as ander staan en 'n minimum van wetsoortredinge begaan, die reg sou hê om heiliges te heet nie. Die heiligheid van die kerk is 'n heiligheid wat deur die kerk *in Christus* besit word, nie in homself nie, en as sodanig is dit dus 'n heiligheid wat aan die kerk geskenk is en waaraan die kerk deur eie prestasie niks kan of hoef toe te voeg nie.

Hierdie toegerekende heiligheid wat die kerk in Christus besit, beteken nou egter nie dat die kerk *in homself* ook geheel sonder sonde is nie. Nee, die gelowiges sondig nog daagliks en op velerlei wyse (vgl. Rom. 7 : 14-22 en 1 Joh. 1 : 8, 10). As die gelowiges reeds in hulleself volkome heilig en sonder enige sonde sou wees, sou die talle bevele van die Nuwe Testament, om die sonde te ontvlug en die wêreld te haat, onnodig gewees het. Dan sou al die oproepe om die heiligmaking na te jaag, oorbodig gewees het. Dan sou ook die vyfde bede van die Onse Vader - die gebed om die daaglikse vergewing van ons sondes - onvanpas gewees het. Die Nuwe Testament leer ons egter baie

duidelik dat die gelowige - en ook die kerk - in Christus wel volkome geheilig is, maar dat hy in homself nog onvolkome is, omdat die vlees nog in hom stryd voer teen die Gees. Die heiligheid van Christus is hom by voorbaat geskenk, maar dit is en bly vir hom 'n daaglikse stryd om in daardie heiligheid van Christus te bly en daaruit te lewe. Die ou natuur in hom bly hom tot sy dood by en strewe maar altyd weer na heerskappy. Die gevolg is dat die kind van God daaglik opnuut weer bekleed moet word met die heiligheid van Christus, daaglik moet stry om in te gaan in die doding van die self en die opstanding met Christus, sodat hy al meer gevorm kan word na die beeld van die Seun. Die kerk is reeds herskape na die beeld van Christus, maar dit bly 'n stryd om daardie beeld te vertoon. Die kerk is reeds in Christus volkome geheilig, maar dit bly maar deurgaans 'n stryd om in daardie heiligheid te bly. Die kerk moet voortdurend stry om te word wat hy in Christus reeds is.

Nou is dit dus so dat die Kerk, juis na die mate waarin hy nader aan die Here lewe, hierdie pynlike tweespalt in sy lewe met droefheid ervaar: aan die een kant is hy in Christus volkome geheilig, aan die ander kant is hy in homself nog besmet met talle onreinhede. Hy sien dat die Woord van God hom heilig noem, maar hy sien ook met smart die wet van die sonde wat in sy lede stryd voer. Hoe heerlik dit ook is om in die geloof God te dank vir die heiligheid wat ons in Christus geskenk is, dit bly pynlik om altyd weer in onself die opstand teen God te ervaar, die onreinheid en kragteloosheid te sien. Voortdurend moet die kerk ervaar dat die doodswê van die dwaling en die leuen, die vertrapping van Gods heiligheid en eer vir hom oopstaan as lokkende versoekinge en daarmee as dodelike bedreiginge.

Hoe word die heiligheid van die kerk nou bewaar in die aangesig van hierdie pynlike situasie van tweespalt

in die kerk tussen sy status in Christus en sy toestand in homself? Dit kan alleen bewaar word indien die kerk hoe langer hoe meer deur die ontwarring van sy eie sondigheid en onheiligheid daartoe gebring word om met smart al sy onheiligheid voor God te bely en in diepe berou daarvoor sy toevlug daagliks tot Christus te neem en met Sy heiligheid oordek te word. Die kerk bewaar sy heiligheid en afgesonderdheid van die sonde, wanneer hy voortdurend alle onreinheid waarvan hy in homself bewus word, na Christus neem en hom daarvan distansieer deur dit te bely as sonde, en terselfdertyd van harte daarmee breek as strydig met die eer en heiligheid van God. Die kerk bewaar sy heiligheid wanneer hy elke dag opnuut weer die afgesonderdheid van die sonde en die wêreld wat God hom in Christus geskenk het, aanvaar as sy lewensbeginsel en met sy ganse mag daarna strewe om slegs in daardie afgesonderdheid sy lewensklimaat te vind. Die verskil tussen die heilige en onheilige mens is nie soseer dat die een nie meer sonde doen nie, terwyl die ander nog in sy sonde lewe nie, maar die verskil bestaan daarin, dat, terwyl daar na die uiterlike miskien nie soveel verskil tussen hulle opgemerk kan word nie, die “heilige mens” met diepe smart bewus geword het van sy sondige opstand teen God en dit in ootmoed voor God bely en afgesweer het, sodat hy toegedek is onder die bloed van die Lam en dus in Christus geheilig is, terwyl die “onheilige mens” alleen sy eie ordentlikheid raaksien, van sy sonde geen besef het nie, geen behoefte het om iets voor God te bely nie, en dus ook nie gewas is in die bloed van die Lam en bekleed is met die heiligheid van Christus nie. Die ware heiligmaking bestaan daarin dat ons al meer ons sonde besef en daarmee tot Christus vlug om sodoende al meer met Sy heiligheid oordek te word. Toeneming in heiligmaking kan niks anders beteken nie as 'n groei in die besef dat ons in onself diep onwaardig is en alleen maar kan lewe uit

die daaglikse aanvaarding van die vergiffenis wat daar in Christus oor ons sonde is.

As ons daarmee die heiligheid van die gemeente verstaan soos die Bybel ons dit laat sien, dan kan ons nou daartoe oorgaan om te vra hoe die tug dan die middel kan wees om hierdie heiligheid van die gemeente te bewaak. Dit is immers bekend dat die kerk nie elke moontlike sonde onder die tug (in engere sin) kan bring nie, maar slegs sonde van 'n openbare, ergerlike en volhardende aard. As 'n mens nou die heiligheid van die kerk verstaan as “sondeloosheid”, dan spreek dit vanself dat die tug 'n belaglikheid moet word, omdat dit tog ten enemale nie by magte is om die kerk sondeloos te maak nie, tensy 'n mens natuurlik alleen growwe uiterlike sondes as 'n bedreiging vir die heiligheid van die gemeente beskou, of tensy die kerk hom die reg sou aanmatig om te oordeel oor die innerlike van sy lidmate en gevolglik ook sou probeer om alle moontlike sondes onder tug te bring en dus ook mense wat nie 'n ergerlike lewe ly nie, as onheiliges te bestempel en van die kerk af te sny. Die vraag is egter dan net wie onder sulke voorwaardes nog aan die gemeente sal kan bly behoort. Dit sal dan slegs diegene kan wees wat hulleself as heilig genoeg beoordeel, maar wat deur daardie gunstige oordeel oor hulleself juis hulle skynheiligheid openbaar. As die heiligheid van die kerk as sondeloosheid opgevat word, kom ons noodwendig in baie groot moeilikheid met die toepassing van die tug. *Maar, sodra ons die heiligheid van die kerk reg verstaan soos dit hierbo uiteengesit is, verander die posisie meteens geweldig.*

Dit verander met name in die opsig, dat die tug dus nie langer gesien hoef te word as 'n middel wat elke moontlike sonde in die gemeente aan die kaak moet stel en bestraf nie - iets wat tog, met die oog op die algemene en blywende sondigheid van die gemeente, uit die aard van die saak onmoontlik is – maar dat die

tug gesien kan word as *'n middel waardeur die gemeente gedurig vermaan word om in berou oor eie sondigheid ootmoedig te vlug na die troon van genade en daar toegedek te word onder die heiligheid van die Lam.*

Die posisie is inderdaad dus gans en al anders as wat die kompleks van bedenkinge teen die tug wat ons hierbo genoem het, veronderstel. Al is dit so dat die kerk nie enige sonde as tugwaardig beskou nie, maar slegs sondes van openbare ergerlike aard waarin daar volhard word, beteken dit tog nie dat die kerk van 'n oppervlakkige sondebegrip uitgaan en slegs die uiterlike dinge as sonde reken nie. Nee, die kerk weet tog dat ons almal daaglik struikel en dat ons volgens die Woord van God almal skuldig staan voor God, sodat ons daaglik weer met Paulus die klag moet uitsug dat ons ellendige mense is wat begeer om verlos te word van die liggaam van hierdie dood, omdat ons die goeie wat ons wil, nie doen nie, en die kwade wat ons juis haat, telkens weer doen (Rom. 7 : 15. 24). Tog beskou die kerk hierdie algemene en blywende sondigheid van die gemeente nie as tugwaardig in engere sin nie. En dit nie omdat die kerk die verborge en dikwels so hardnekkige sondes van die hart nie as ernstig genoeg beskou, of as “vergeeflike sondes” waarmee nie rekening gehou hoef te word nie, maar omdat die kerk op grond van die Woord van God voor twee waarhede staan wat die tug oefening oor dergelike sondes onmoontlik maak.

(a) In die eerste plaas het die kerk geen reg om te oordeel oor die innerlike van die mens nie - daarin gee ons diegene wat in hierdie verband vir ons Matt. 7 : 1 hierbo aangehaal het, volkome gelyk. Die kerk mis eenvoudig die orgaan om 'n oordeel uit te spreek oor die verborge sondes wat daar in die lewe van sy lidmate mag wees, soos bv. skynheiligheid, hardheid van hart, onbekeerlikheid, ens. Intussen is die sondes egter voor God nie minder sondig nie, en die kerk weet

dit en leer dit voortdurend, maar solank as wat die sondes verborge bly en in die heimlikheid getroetel word, kan die kerk dit nie vasstel nie en gevolglik ook nie tug daarvoor uitoefen nie.

(b) In die tweede plaas weet die kerk wel van die algemene en blywende sondigheid van die gemeente, maar hy weet ook daarvan dat die gemeente voortdurend besig is om te stry teen die swakheid en sonde wat nog teen sy wil in hom oorgebly het. Die kerk gaan gevolglik uit van die gedagte dat die talle vorme van verborge sondes wat daar in die lewe van die gelowiges is, en selfs die talle sondes soos slegte humeur, kleingelowigheid, vleeslikheid en ander tekortkominge wat ons die een by die ander kan opmerk, nie voorwerp van die kerklike tug is nie, omdat dit sondes is wat nog teen sy wil in die gelowige oorgebly het, sondes waarteen hy stry en waaroor hy berou het; sondes wat gevolglik in die proses van groei in die heiligmaking deur die werking van die Gees in hom oorwin sal word. Omdat die kerk deur die oordeel van die liefde glo dat daar by sy lidmate met betrekking tot dergelike dinge 'n daaglikse vlug tot God is, en gevolglik 'n daaglikse bekleding met die heiligheid van Christus, bring hy dergelike dinge nie onder die tug in engere sin nie.

Dit beteken natuurlik nie dat dergelike dinge maar welig kan tier op die akker van die kerk sonder dat daar enige tug hoegenaamd oor uitgeoefen word nie. Daaroor word ook tug uitgeoefen, maar nie tug in die engere sin van die woord nie. Die leser sal wel opgemerk het dat ons nou al verskillende kere gepraat het van tug “in engere sin”. Daarmee bedoel ons die tug as amptelike handeling van die kerk waardeur daar met een spesifieke persoon of met 'n groep persone konkreet onderhandel word oor sy (hulle) sonde, en hierdie amptelike tug loop van die vermaning wat aan sodanige spesifieke persoon of persone gerig word, oor al die

stappe van die tug, tot by die afsnyding van die gemeente of die ban wat die uiterste is waartoe die tug in engere sin kan gaan. Naas die tug in engere sin is daar nou egter in die kerk ook die tug *in breëre sin*, waaronder vernaamlik verstaan moet word die algemene tug wat op die gemeente in sy geheel uitgeoefen word deur die verkondiging van die Woord, of dit nou van die kansel, by huisbesoek of in die katkisasieklas is. Die verkondigde Woord oefen voortdurend tug op die gemeente uit, omdat daarin die verborge sondes van die hart blootgelê en aan die kaak gestel word, terwyl daar dringend opgeroep word tot die aflegging van alle kwaad en die vlug tot Christus en Sy barmhartigheid. Hierdie tug in breë sin geskied altyd in algemene terme, en stel heel in die algemeen aan die gemeente as sodanig die eis van bekering van die sondes wat daar nog in die gemeente oorgebly het, sonder om persoonlik te word en byvoorbeeld name te noem (soos die geval is by die tug in engere sin). Die Heilige Gees wat egter in en deur die verkondigde Woord werksaam is, pas die woord toe en bring die individuele lede van die gemeente voor die werklikheid van die toorn van God oor alles wat sondig is in elkeen se lewe. Die Heilige Gees ontdek aan elke individuele lid van die gemeente sy eie sondigheid, sy selfsug en geveinsdheid, sy liefdeloosheid en ontrou, sy wêreld-gelykvormigheid en hardheid van hart - dinge wat miskien (grotendeels) vir die oog van die mens verborge is. En dikwels word daar dan in die verborgenheid van die binnekamer deur Christus self tug uitgeoefen, word die harte van klip verbrysel en word harte van vlees in die plek daarvan gegee (Eseg. 36), sodat daar nuwe gesindhede gebore kan word. In die werking van die Heilige Gees deur die gepredikte Woord van God het ons die magtigste faktor tot bewaring van die heiligheid van die gemeente.

Maar hoewel die kerk voortdurend rekening hou met

hierdie tug in breë sin en vertrou dat dit deur die krag van die Heilige Gees, suiwerend op die gemeente sal bly werk, ontslaan dit hom tog nie van sy roeping om ook die tug in engere sin te beoefen nie. Dit gebeur immers dat iemand sy ore sluit vir die gepredikte Woord en sy hart vir die werking van die Gees, en sonder enige teken van droefheid oor sy sondigheid voortgaan op die pad van verses teen die genade van God. Solank sy sonde verborge bly, weet die kerk dit nie en kan die kerk, kragtens die feit dat hy nie kan oordeel oor die innerlike van sy lidmate nie, nie tug in engere sin op hom toepas nie. En al sou daar ook enkele spore van hardheid van hart of liefdeloosheid in sy lewe na vore tree, maar sy gesindheid daarteenoor is dat hy berou oor dergelike dinge het en daarteen stry, kan die kerk nog nie tug in engere sin op hom toepas nie, omdat die kerk dan uitgaan van die standpunt dat hy met daardie sonde van hom voortdurend tot Christus vlug en dus toegedek word onder die bloed van die Lam. Sodra sy sonde egter 'n openbare aard aanneem, is dit noodsaaklik dat die kerk hom daarvan vergewis of die broeder wel weet dat hy sondig en of hy wel in berou oor sy sonde bewoë is en tot Christus vlug. Is dit wel die geval, dan hoef die kerk nie verder te gaan met enige tugoefening teen die broeder nie, want waar daar berou oor die sonde is, daar is ook vergiffenis en daar is die bedekking met die heiligheid van Christus. As sy sonde miskien van so 'n gerugmakende of ergerlike aard is, dat dit kan dien tot lastering van Gods heilige Naam deur die ongelowiges, dan is dit noodsaaklik dat die kerk aan die broeder, in weerwil daarvan dat hy berou oor sy sonde het, tog nog die geleentheid moet gee om sy berou te toon, byvoorbeeld deurdat hy hom 'n tyd lank van die gebruik van die sakramente onthou. Dan het ons eintlik nie soseer meer te doen met tug nie, want die tug hou in eintlike sin op die oomblik as die persoon verklaar dat hy berou oor sy sonde het, maar ons het

dan te doen met 'n openbare betoning van berou oor die begane kwaad, sodat almal kan sien dat die persoon wat hom op so 'n openbare wyse aan die eer van God vergryp het, op 'n openbare manier wil bevestig dat hy omgedraai het van die verkeerde weg en opnuut tot God gevlug het. Gebeur dit egter dat iemand se sonde van 'n openbare aard is, en die kerk moet tot die ontdekking kom dat die broeder nie bereid is om in berou oor sy sonde tot God te vlug en met sy sonde te breek nie, maar inteendeel daarin volhard, dan is die kerk verplig om tug in eintlike sin op die broeder toe te pas. Dan is dit noodsaaklik dat die kerk deur middel van die verskillende stappe van die tug tot aan die afsnyding toe aan die broeder duidelik en onmisverstaanbaar se dat hy geen deel in die ryk van God kan hê solank hy onberoulik in die sonde volhard nie. Die tug is nie daar om die sondes in die kerk te straf nie, is ook nie daar om iemand wat berou oor sy sonde het en sy toevlug tot Christus geneem het, verder te belas met veroordeling en tugging nie. Die tug is slegs daar om vas te stel of die lidmate van die kerk werklik berou het oor die sondes wat daar nog in hul lewe is, en, ingeval dit mag blyk dat die berou nie daar is nie, op 'n kragtige wyse die persoon wat in sonde lewe, op te roep om tog nie in die sonde te volhard nie, maar tot Christus te vlug en te lewe. Die beslissende punt waarom dit in die kerklike tug oefening gaan, *is dus nie of sekere sondes erger sonde as ander is nie, maar of daar berou oor sonde is dan wel volharding in die sonde.*

Dat die kerk slegs openbare sondes onder die tug in engere sin bring, vloei nie voort uit die gedagte dat verborge sondes nie ook sonde is nie, maar vloei slegs daaruit voort dat die kerk, nog afgesien daarvan dat hy die verborge sondes nie kan vasstel nie, daardie sondes toevertrou aan die tug van die Woord in die krag van die Gees, met die verstandhouding dat dit

sondes is wat nog teen die wil van die gelowiges in hulle oorgebly het en daagliks deur hulle met berou bely word voor God. Daar is in die geheel by die tugoefening van die kerk geen sprake van *ligter* of *swaarder* sondes nie, asof openbare sondes nou juis erger sou wees as verborge sondes en dus onder die tug behoort te kom. Nee, ook al geld dit openbare sondes, dan is die beginsel waarvolgens die tug toegepas word, nie of dit 'n kleiner of 'n groter sonde is wat begaan is nie. Alle sonde is tog voor God ewe sondig, omdat alle sonde presies dieselfde doen : Gods eer vertrap. Die vraag waarom dit in die kerklike tugoefening gaan, is die vraag of daar in die sonde *volhard* word of nie. Die idee daaragter is tog volkome duidelik : solank die persoon sonder enige berou in sy sonde volhard, kan daar geen sprake van vergiffenis van daardie sonde wees nie, kan daar geen sprake van wees dat die persoon gewas is in die bloed van die Lam en dus in Christus geheilig is nie. Daarom bly sy sonde 'n smet op homself en op die heiligheid van die gemeente. Sy daad bly onverkort gehandhaaf as 'n belediging van God. Daarenteen : sodra die persoon sy sonde beset en in berou tot God vlug, hou die tug op : dit maak nie saak hoe groot of hoe klein sy sonde in die oog van die mens mag lyk nie. Hierin het ons 'n suiwer Skriftuurlike beginsel. Dit is immers nie die grootheid van die mens se sonde wat hom verlore sal laat gaan nie, maar die feit dat hy geweier het om met daardie sonde van hom tot Christus te vlug. Die mens sal nie verlore gaan omdat hy 'n moordenaar of 'n egbreker of 'n hoereerder is nie, maar omdat hy dit is en tog nie na Christus gevlug het in berou, sodat sy sonde van hom weggenem kon word nie. Die moordenaar aan die kruis is gered op die oomblik toe hy hom tot Christus gewend het, maar duisende ander moordenaars, en selfs miljoene ander ordentlike mense, is die ewige verdoemenis in, omdat

hulle geweier het om tot Christus te gaan met hul duister harte. Wanneer die tug dus in die kerk gehandhaaf word, dan geskied dit met geen ander doel nie, as om die gemeente voortdurend daartoe op te roep om in berou oor sy eie sondigheid te vlug tot die troon van genade. Daarom lê die tug sy vinger op die sondes waarin daar volhard word. Daarin gaan dit dus nie om 'n oppervlakkige verstaan van die sonde nie, maar om die lê van die vinger op die eintlike kern van die sonde : *die onbewoë, hardnekkige verset teen Gods genade*. Op die wyse laat die tug ons die sonde in sy werklike naaktheid sien. En omdat die tug die bedoeling het om die vinger te lê op hierdie dodelike kern van die sonde, daarom is dit die mees geskikte middel wat God ken instel vir die bewaring van die heiligheid van die gemeente, omdat dit die gemeente voortdurend heenwys na die kruis van Golgota waar vir ons volkome versoening verkry is, omdat dit die gemeente voortdurend opwek om slegs uit Christus te lewe en uit die genade wat daar in Hom vir ons is.

Dit moet uit alles wat ons tot dusver gesê het, nou ook duidelik wees dat die tug dus nie berus op 'n oordeel oor die innerlike van 'n persoon nie, maar, om dit by wyse van kontras so te stel: dit berus op 'n oordeel oor die *uiterlike*. Wanneer iemand sy geloof bely, aanvaar die kerk dit en reken met die belydenis as eg en betroubaar. Die kerk eien hom nie die reg toe - soos sommige heiligheidskerkies dit probeer doen - om te sê of die belydenis eg is of nie, of 'n persoon werklik gered is of nie. Die kerk hou vas aan die belydenis van die persoon self. Selfs al is daar in sy lewe nog dinge wat in stryd met sy belydenis is, sal die kerk nie anders oor sy innerlike gaan oordeel as wat hy self bely het nie, mits maar dat hy voortdurend blyke gee dat dié dinge teen sy wil in hom oorgebly het en met bewoënheid deur hom afgesweer en bestry word. Kom daar egter in sy lewe dinge voor wat in stryd met sy

belydenis is, en dit word openbaar as dinge waarin hy volhard sonder berou, dan spreek die kerk hom aan deur die tug, nie om hom te oordeel nie, maar om hom daarop te wys dat sy lewe in stryd is met sy belydenis, en om hom aan te raai om terug te draai van die verkeerde weg. 'n Tugwaardige daad is 'n daad van doelbewuste verloëning van wat die lidmaat op grond van sy belydenis is. Die tug is nou bedoel om aan hom te sê: Word tog wat jy is! Daarin is die tug in diepe harmonie met al die vermaninge tot heiliging in die Nuwe Testament, al word dit ook op 'n konkrete persoon toegepas. Gaan so 'n persoon egter teen alle vermaninge in volhardend voort op sy weg van sonde, dan moet die kerk vasstel dat hierdie persoon se belydenis vir hom nie meer erns kan wees nie, want dan sou hy óf gebreek het met sy sonde, óf ten minste in diepe ootmoed bely het dat hy te swak is vir die versoeking wat na hom kom, en verklaar het dat hy met al sy krag begeer om van die sonde verlos te word. Om op hierdie wyse oor die *uiterlike* te oordeel, is die kerk ten volle bevoeg. Christus het tog self gesê dat elke boom aan sy vrugte geken sal kan word (Matt. 7 : 16-23; Luk. 6 : 43-45). Dit is tog totaal onmoontlik dat 'n mens in wie se hart daar 'n werking van die Gees van God is, teen alles in blywend in sy opstand teen God kan volhard! Buitendien het die Meester self aan Sy gemeente die sleutelmag toevertrou, waardeur aan die gemeente die bevoegdheid gegee is om op gesagvolle wyse met die sondige broeder te onderhandel en hom in die Naam van Christus aan te sê dat sy sonde nie vergewe kan wees, as hy nie in berou daarvoor tot Christus vlug nie. Deur die besit van die sleutelmag is die kerk bevoeg om in gehoorsaamheid aan die Woord van Christus uit te maak hoe Christus self oor so 'n sondige broeder se volharding in die sonde sou geoordeel het. Daarom is dit dat die kerk met Paulus sonder skroom kan verkondig, en dit in die tug ook

konkreet aan 'n bepaalde persoon kan verkondig, dat geen hoereerder of afgodedienaar of egbreker of wellusteling, ens. (I Kor. 6 : 10) deel het in die koninkryk van God nie, tensy hy hom bekeer.

Uit alles wat ons tot dusver oor die heiligheid van die gemeente gesê het, moet dit intussen ook duidelik wees dat die tug nie verantwoordelik gehou kan word as daar 'n *valse heiligheidsideaal* in die kerk gekoester word, asof die kerk reeds hier op aarde 'n heiligheidskerk kan wees wat sonder vlek of rimpel is nie. Dit het ons tog baie duidelik gestel, dat daar ook by die uitoefening van die kerklike tug uitgegaan word van die feit dat die heiligheid van die kerk Jesus Christus is, en dat die heiligheid van die kerk iets bly wat slegs in Christus betrag en verstaan kan word. Dit is 'n feit wat vergeet mag word deur allerlei heiligheidsgroepies wat beweer dat hulle deur die “second blessing” in 'n toestand van volmaakte heiligheid verplaas is en dat hulle dus 'n toestand van sondeloosheid bereik het, maar dit word nie vergeet deur die kerklike tugoefening nie. Die kerk spreek nooit en nêrens oor sy eie sondeloosheid nie, hoe sou hy dit in die tug probeer doen? Die kerk weet dat dit vir hom van lewensbelang is om slegs te lewe uit die genade wat daar in Christus is. Die tug is dan ook nie bedoel om die heiligheid van die kerk te laat sien as iets wat hy in homself besit nie, maar as iets wat voortdurend in Christus gesoek moet word. Die tug is bedoel om aan te toon dat die kerk in vrees en bewing moet wandel met die doel om tog nie te vergeet nie dat Christus alleen sy ganse, heiligheid is. Daarom lê die kerk deur die tug die vinger op dae waaruit die onberoulike verset teen die genade van God spreek, sodat die kerk bewaar kan word van alles waardeur die Satan dit mag regkry om die kerk uit iets anders te laat lewe as uit die genade van Jesus Christus alleen. Dit is dus allermins die bedoeling van die tug om vooruit te gryp op die voleinding en 'n kerk te

probeer kweek wat in homself volkome heilig is en nie meer vanuit diepe swakheid gedurig die oog op Christus as ons ganse heiligheid gevestig hoof te hou nie.

Toe ons aan die begin van hierdie hoofstuk die verskillende besware wat daar in verband met die heiligheid van die gemeente teen die kerklike tug ingebring kan word, opgenoem het, het ons onder andere daarop gewys dat daar meermale verwys word na die gelykenisse van Christus oor die gemengde karakter van die koninkryk van God in hierdie wêreld, met die opmerking dat die kerk dus ook in hierdie bedeling altyd van gemengde aard sal wees en dat die tug 'n poging is tot 'n vergryp teen hierdie waarheid wat Christus self uitgespreek het. Enige poging tot tugoefening sou dan 'n poging wees om vooruit te gryp op die voleinding, wanneer eers, na die Woord van Christus, die slegte en goeie visse en die onkruid en die koring van mekaar afgeskei sal word. Ook in hierdie opsig sou die tug dan meewerk aan 'n verkeerde heilighedsideaal vir die kerk. Ons wil egter daarop wys dat die gelykenisse van Christus oor die onkruid tussen die koring en die goeie en slegte visse in een net, nie betrekking op die *kerk* het nie, maar op die *koninkryk van God*. Dit maak nogal 'n verskil. Matt. 13 handel van begin tot einde oor die koninkryk van God. Die koninkryk van God tree in in hierdie wêreld en die aanbod van die heil van die koninkryk gaan uit tot alle mense. Die akker waarop in die gelykenis van die onkruid en die koring deur God en die Satan gesaai word, is die *wêreld* (v. 33), nie die kerk nie, en omdat die mense verskillend reageer op die aanbod van die heil van die Godsryk, ontstaan die toestand dat gelowiges en ongelowiges in die wêreld (weer eens : nie in die kerk nie), deurmekaar sal verkeer tot aan die voleinding. So is die bestaan van die koninkryk van God in hierdie wêreld, maar só is die kerk nie. Aan

die kerk mag alleen diegene behoort wat deur 'n ware geloof in Christus Jesus ingeplant is. Die tug is daar om, sover dit enigszins moontlik is, daarvoor sorg te dra dat al die lede van die kerk mense is wat 'n diepe berou oor hulle sonde het en daarmee tot die troon van genade gevlug het. Die heiligheid van die kerk eis dit. Die kerk mag nie daarmee genoeë neem dat daar in sy midde onkruid tussen die koring voorkom nie. Die kerk moet hom deur die tug afgrens van die wêreld en die sonde en alleen vir God lewe. Dat daar in sy midde altyd die huigelaars sal wees wat nie deur die kerklike tug uitgesuiwer sal kan word nie (juis omdat hulle huigelaars is), spreek vanself. Maar dit mag die kerk nie laat afsien van sy verantwoordelikheid om te waak oor sy heilige karakter nie. Die bewaring van sy heilige karakter het egter niks te make met 'n vooruitgryp op die voleinding nie, omdat die heilige karakter van die kerk nie daarin gesoek word dat die kerk in homself sonder enige sonde is nie, maar daarin dat die kerk moet bly onder die bedekking deur die bloed van Christus. Nie 'n heiligheidskerk is dus die ideaal van die kerk wanneer hy die tug toepas nie, maar 'n kerk wat slegs wil lewe uit die genade wat daar in Christus Jesus is. Die gelykenisse van die onkruid in die akker en die slegte visse saam met die goeie in een net, spreek dus in die geheel nie oor die tug nie, en as daaruit vir die tug iets afgelei sou moet word, dan mag seker nie daaruit afgelei word dat die tug maar liever agterweë gelaat behoort te word nie, maar dat die kerk in sy tugoefening nie sover mag gaan dat hy almal uit die wêreld wil uitroei of onder die tug stel, omdat hulle nie tot die geloof gekom het nie. Die ongelowige wêreldling mag rustig tot aan die voleinding aan Gods oordeel oorgelaat word : dit is nie die taak van die kerk om diegene wat buite is, te oordeel nie. Meer mag uit hierdie gelykenisse nie vir die kerklike tugoefening afgelei word nie, en allermens bevat hulle 'n verbod

vir alle tugoefening, omdat dit 'n valse heiligheidsideaal vir die kerk sou meebring.

Ten slotte wil ons nog daarop wys dat die toepassing van die tug nie noodwendig skynheiligheid in die kerk aanmoedig nie, maar dat dit eintlik bedoel is om die teenoorgestelde effek te hê, naamlik die aankweek van 'n gesindheid van diepe ootmoed. Hoe waar dit ook mag wees dat die tug dikwels daartoe mag lei dat diegene wat die tug nie verstaan nie, hulle daarvoor sal verhef dat hulle nie onder tug is nie, en dus neersien op diegene wat wel onder die tug geplaas moes word - die bedoeling van die tug is dit tog nie. Hoe sou dit tog die bedoeling van die tug kon wees, waar ons hierbo herhaaldelik daarop gewys het dat die tug juis daarop bereken is om die kerk bewus te hou van sy eie sondigheid en om hom aan te spoor om in diepe ootmoed na Christus te vlug? Wanneer die kerk tug op 'n bepaalde persoon toepas, word daarmee tog nie gesê : Hierdie persoon alleen is skuldig, en ons is sonder sonde nie. Dit sou inderdaad skynheiligheid wees! As die kerk egter tug toepas op 'n bepaalde persoon, dan word dit gedoen in die diepe besef dat ons almal daaglik en in velerlei opsig struikel, ja, dat na die regverdige oordeel van God gemeet, ons almal net so skuldig is as die persoon wat onder tug geplaas word. Die tug word immers op hom toegepas, nie omdat hy sonder as ons is nie, maar omdat hy in sy sonde volhard, omdat hy nie met die heiligheid van Christus bedek wil wees nie, terwyl ons wat nie onder die tug gestel word nie, met ons sonde in diepe ootmoed na Christus vlug en van Hom vergiffenis ontvang. Hier het ons die allergewigtigste punt waarom dit in die kerklike tugoefening gaan. Die kerk ontleen die reg om die tug op mense toe te pas, nie aan sy eie heiligheid nie (dit sou skynheiligheid wees), maar aan die opdrag van Christus dat die gemeente aan elke

dwalende broeder moet sê dat die weg van volharding in die kwaad nie die weg van heil is nie. Die ampsdraers, wat in die eerste plaas daarmee belas is om dit aan die sondige broeder te laat verstaan, doen dit dan ook nie in hulle persoonlike hoedanigheid nie, en ook nie onder die pretensie dat hulle self sonder sonde is nie, want wie sou dit dan durf waag het om dit te doen? Hulle doen dit suiwer en alleen in opdrag van Christus en kragtens hulle amp. As die ampsdraers tug moes uitoefen op grond van hulle eie sondeloosheid, sou die woord van Christus in Joh. 8 : 7 - dat die een wat sonder sonde is, die eerste klip op die sondige persoon moet werp - inderdaad alle moontlikheid van tugoefening afsny. Die kerklike tug veronderstel egter geensins dat die lede van die kerk wat die ander onder tug plaas, sonder sonde is nie. Wel kan van hulle gesê word dat hulle in Christus geheilig is, omdat hulle in berou hulle sondes deur Hom laat toedek het, en dat hierdie heiligheid in Christus noodsaaklik is vir die kerk as hy tug wil toepas op iemand wat die heiligheid verwerp, maar daar kan geen sprake wees dat die lede van die kerk, wat ander vanweë hulle onberoulike volharding in die kwaad onder tug bring, hulleself kan verhef oor hulle eie heiligheid nie.

Die kerklike tug is alleen sinvol wanneer die kerk dit uitoefen in diepe ootmoed en onder die besef van eie skuldigheid voor God. Dit is dan ook die gesindheid wat spreek uit die formulier vir die ban of afsnyding van die gemeente wat deur ons kerk geërf is uit die bloeityd van die Reformasie. As 'n mens ooit iets wil lees waarin die hele wese van die kerktug raakgevat is, dan moet hy hierdie formulier lees. Herhaaldelik word daarin beklemtoon dat hierdie persoon wat vandag van die gemeente afgesny word, alleen sover gekom het omdat hy hardnekkig voort bly gaan het op die weg van sonde, sonder enige teken van boetvaardigheid. Die gemeentelede word daartoe opgewek om elkeen

berou te toon oor sy eie sonde, sodat hulle nie ook op dieselfde weg van onberoulike verset teen Gods genade gevoer mag word nie. In die gebed wat aan die formulier toegevoeg word, kom dit nog mooier uit dat hier nie 'n groep selftevrede mense in 'n sondige selfverheffing oor hulle eie gewaande heiligheid besig is om iemand anders te veroordeel nie, maar dat die gemeente in diepe droefheid en ootmoed besig is om 'n smartlike daad uit nooddwang te verrig. So lui dit : “O regverdige God, barmhartige Vader, ons klaag onself aan vanweë ons sondes voor U hoë majesteit en erken dat ons terdeë verdien het die droefheid en smart wat ons aangedoen is in die afsnyding van hierdie gewese mede-lidmaat van ons; *ja, ons verdien dit almal om van U afgesny en verstoot te word vanweë ons groot oortreding*, as U met ons in die gerig wil gaan. Maar, o Here, wees ons genadig om Christus wil; vergeef ons ons misdade, *want ons het van harte berou daaroor ...*” Hierin kan 'n mens tog niks vind van skynheilige selfverheffing nie. Hierin is alleen te vinde wat ook in die Awendmaalsformulier voorkom, dat terwyl almal wat in ergerlike sondes *volhard*, vermaan word om hulle van die tafel van die Here te onthou, omdat hulle geen deel in die ryk van Christus het nie, diegene wat “verslae van hart” is, tog uitgenooi word om aan die tafel van die Here aan te sit, omdat hulle met hul sondes na Christus gevlug het. Die verskil tussen diegene wat onder tug geplaas word en diegene wat onder tug plaas, is nie dat die een baie sonde het en die ander niks nie, maar dat die een onberoulik in sy sonde volhard, terwyl die ander berou het oor sy sonde en daarmee na Christus wil gaan. Hoe diep skep ons Gereformeerde kerk hier uit die waarheid van die evangelie! Die kerk, die Awendmaal, die hemel is bedoel vir die tollenaar wat ver bly staan en in diepe besef van eie onwaardigheid homself voor God veroordeel, maar vir diegene wat meen dat hulle

darem nie die genade van God nodig het nie, is daar geen plek in die gemeenskap van die heiliges nie. Die siekes vind in Christus hulle geneesheer, nie diegene wat dink dat hulle gesond is nie. Die bronne van Gods lewende water is bedoel vir diegene wat dors is, nie vir diegene wat geen behoefte aan water het nie. Die kerklike tug is die middel wat God self verorden het om aan die lidmate van Sy kerk te verkondig dat hulle krank is, dat hulle behoefte aan Sy lewende water het, dat hulle sondaars is. As hulle dit erken, is daar vir hulle genesing en versadiging, word die heiligheid van die gemeente bewaar en word die eer van God gehandhaaf. Die kerklike tug is dus daarop bereken om die gemeente te bring tot 'n diepe ootmoed oor sy eie sondigheid, en nie om die gemeente onder die valse indruk te bring dat slegs growwe uiterlike dinge sonde is, of dat diegene wat nie onder tug verkeer, sonder sonde is nie. Wie sulke dinge dink, verstaan die kerklike tug ten enemale nie.

Ons het in hierdie hoofstuk probeer om die besware teen die tug wat uitgaan van die gedagte dat die kerklike tug skynheiligheid in die hand werk, 'n oppervlakkige sondebeseft kweek en 'n valse heiligheidsideaal laat ontstaan, probeer beantwoord deur daarop te wys dat die kerklike tug na sy wese juis bedoel om nie skynheiligheid nie, maar ootmoed in die gemeente te kweek; nie 'n oppervlakkige sondebeseft nie, maar 'n beset van wat die eintlike kern van die sonde is; nie 'n valse heiligheidsideaal nie, maar 'n juiste waardering van die heiligheid van die gemeente as suiwer en alleen verborge in Christus Jesus. Ons vertrou dat ons daarmee ook aangetoon het dat daar geen enkele rede bestaan om die vraag te stel of die kerklike tug in die geheel moontlik is nie, omdat die vraag slegs dán

opkom wanneer die sin van die tug misverstaan word. Ons vertrou ook dat ons daarmee beter kon laat sien dat die feit dat God die kerklike tug verorden het, teen alle, moontlike gevare in, 'n blyk is van Sy diepe begrip van die sondige selfverheffing van die menslike hart en nie 'n misrekening daarmee nie. Mag dit ons help om al meer Sy diepe wysheid in die instelling van die kerklike tug te eer !

KERKLIKE TUG EN LIEFDE

I

DIE derde kompleks van besware teen die kerklike tug waarmee ons te doen kry, gaan uit van die gedagte dat die *tug liefdeloos* is, en dus noodwendig ongewens en selfs skadelik vir die kerk moet wees.

Dit is uit die staanspoor duidelik dat hierdie beswaar ingebed lê in die ander twee komplekse van besware wat ons reeds in behandeling geneem het. In die eerste plaas tog is onder ons aandag gebring dat die tug ongewens is met die oog op die invloed van die kerk in hierdie wêreld, omdat die tug mense van die kerk wegdrywe en noodwendig aanstoot moet gee. En as ons nou vra na die rede waarom die tug dan soveel aanstoot gee, dan word gesê : Omdat die tug onsimpatiek en liefdeloos is en nie die kuns verstaan om iemand met sagtheid en geduld te beweeg om hom van sy verkeerde pad af te wend nie, maar hard is en net weet van veroordeel en straf. Die tug krenk die mens noodwendig, is gevolglik reeds uit 'n taktiese standpunt gesien, ten enemale ondoeltreffend. Veral in die moderne tyd, so word dan gesê, werk die tug net nie meer nie, omdat die moderne mens hom nie meer sal laat gesê deur die kerk, sal laat afrandsel en krenk nie. Veel eerder sal hy hom van die kerk afwend, waarmee dan aan die kerk verder die moontlikheid ontnem word om vir die moderne mens iets positiefs te kan beteken. In die tweede plaas is in die vorige hoofstuk die kompleks van besware na vore gebring waarin daar uitgegaan word van die gedagte dat die

tug skynheiligheid kweek, waarmee altyd noodwendig liefdelose veroordeling gepaard gaan. En selfs al sou die kerk nie hierdie liefdelose veroordeling stimuleer of goedpraat nie, dan bly dit tog nog 'n feit dat feitlik almal wat onder die kerklike tugoefening deurgeloop het, die gevoel kry dat daar baie lidmate van die kerk is wat hulle genotvol verlustig in 'n liefdelose geskinder oor die aangeleentheid. Meer as een voel eenvoudig dat die tugoefening daartoe meewerk dat diegene wat in sonde geval het, deur baie lidmate van die kerk vermy word en as 'n besmetting bejeën word. Dit kan nie anders nie, of sulke persone moet van die kerk weggedrywe word.

Ons kan seker met gerustheid sê dat hierdie besware- kompleks die meeste gehoor word van alle besware wat teen die tug ingebring word. Dit ontleen sy skynbare erns daaraan dat dit kan wys op die liefde van God vir die sondaar en op die noodsaaklikheid dat die kerk in liefde bewoë sal wees oor die lot van die sondige broeder, en dus alles in sy vermoë behoort te doen om die broeder vir Christus en die kerk te behou. Dit ontleen sy skynbare erns ook daaraan dat uitgegaan word van die gedagte dat die kerk 'n plek van liefde behoort te wees, 'n plek waar daar begrip is vir die swakhede van die sondige broeder en waar daar met groot geduld met hom omgegaan moet word.

As God selfs bereid was om Sy eniggebore Seun, ja, Homself te gee uit liefde vir die wêreld, word daar gesê met die oog op Joh. 3 : 16 en ander plekke : Moet die kerk nie ook bereid wees om onvoorwaardelik liefde te betoon teenoor die swakkeres nie? As die Seun van God bereid was om Sy hemelse heerlikheid prys te gee en Homself te ontledig en te verneder tot die dood van die kruis toe, soos Fil. 2 : 6-8 ons leer, behoort die kerk dan nie ook bereid te wees om homself te gee vir die swakkere broeder en om alles te verdra en alles oor te hê vir die redding van 'n siel nie? Is dit nie ten

enemale 'n verkeerde gesindheid wat uit die tughandeling spreek as dit gemotiveer word deur te sê dat al wat onheilig is, uit die vergadering van die Here verwyder moet word nie, wat tog seker die indruk wek dat daar 'n stadium kom waarop die kerk hom liever van die sondaar wil distansieer en die omgang met die sondaar wil afbreek, in plaas dat die kerk die sondaar tot die laaste toe behoort te agtervolg met sy liefdevolle pleitstem om tog om te draai na die bron van die lewe? Behoort die kerk nie liever die liefde en genade van God aan die sondaar te verkondig tot die allerlaaste uur van sy bestaan nie, as om op 'n bepaalde tydstip die gemeenskap met hom af te breek en hom deur die tug van die kerk af te sny? Behoort die kerk nie liever alles in sy vermoë te doen om die massas te evangeliseer as om met die tug te peuter nie? Sou dit nie beter wees as die kerk liever die groot aantal van sy lidmate wat nooit meer in die kerk kom en nooit meer aan die Awendmaalstafel aansit nie, met groot ywer deur spesiale pogings probeer evangeliseer, in plaas van hulle met die tug te dreig nie? Wat sê die tug buitendien vir sulke mense, meer as net dat die kerk nou besluit het dat hy hulle nie meer nodig het nie en dat hy nie meer oor hulle bekommerd is nie? Dit sal alleen help om sulke mense te sterk in hulle kritiek teen die kerk, maar of daar al ooit 'n enkele siel deur die tugtoefening van die kerk gered is, val ten enemaal te betwyfel!

Die kerk moet buitendien, so word daar ook dikwels geredeneer, nie strenger probeer wees as God self nie. In Sy liefde verdra God die arme sondaar met groot geduld. By Hom is daar veel vergewing. Moet die kerk nie ook hierdie houding teenoor die sondaar aankweek, en liever soos Christus vir die oortreders bid en die kwaad nie toereken nie (1 Kor. 13 : 5), as om naarstiglik die sondes aan die kaak te stel nie? Het Christus dan nie beveel dat die broeder sewentig maal

sewe keer vergewe moet word nie? As die kerk liever in geduld en met vergewende liefde met mense omgaan, sal ook diegene wat aanvanklik afsydig teenoor die kerk staan en miskien selfs 'n vyandige houding openbaar, en selfs ander wat 'n roekelose lewe lei en met die kerk glad niks te doen wil hê nie, op die lange duur daardeur gewin word. Veronderstel dat die kerk die doop van hulle kindertjies van sulke mense terughou of hulle nie tot die Awendmaal toelaat nie, of miskien weier om hulle kerklik in die huwelik te bevestig, dan verloor die kerk sy geleentheid om aan daardie mense liefde te betoon en hulle harte te vermurwe op 'n mooi manier. Wat die kerk hulle weier, gaan hulle dan net elders soek en vind, en die kerk het sy geleentheid om sy liefde vir die onsterflike siele van daardie persone te toon, verspeel. Christus het tog self saam met die tollenaars en sondaars geëet en gedrink. Aan die preutsheid van die Fariseërs het Hy Hom niks gesteur nie, omdat Hy op soek was na die verlore skape van die huis van Israel. Paulus self het homself aan almal diensbaar gemaak, om soveel van hulle as moontlik te win. Vir die Jode het hy soos 'n Jood geword om die Jode te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win. Vir almal het hy alles geword om in alle geval sommige te red (1 Kor. 9 : 19-22). Kennelik kon hy dit doen omdat die liefde van Christus hom gedring het (2 Kor. 5 : 14). Behoort die kerk nie ook só deur die liefde van Christus gedring te word dat die kerk in geduld vir almal alles kan word nie? Juis in die beoefening van groot geduld met die swakheid van die sondaars en onverskilliges sal die kerk kan bereik wat hy andersins nooit kon bereik het nie.

Die kerklike tug, so word dikwels gevoel, wek eerder die indruk van vervolgsugtigheid as van liefde. As God in Sy liefde bereid was om Sy eniggebore Seun te gee om ons sondes te dra, en Hy nou nie meer ons

sondes wil straf nie, waarom moet die kerk dan nog daarop aandrang dat begane sondes bestraf moet word en dat daarvoor openbaarlik geboet moet word? Is dit nie genoeg dat elke lidmaat van die kerk die saak tussen hom en die Here regmaak nie? Waarom moet die kerk officieel hom gaan bemoei met 'n persoon wat sê dat hy vergiffenis van sy misdade van die Here ontvang het? As Christus gesê het : Gaan heen en sondig nie meer nie (Joh. 8 : 11), sonder dat Hy enige prosedure in verband met die owerspelige vrou noodsaaklik geag het, waarom moet die kerk dan nog tugsake maak van die sondes van sy lidmate? Is dit nie genoeg dat die kerk in sy prediking op 'n algemene vlak oproep tot skuldbelydenis en die soek van Gods vergiffenis nie?

Agter hierdie bedenkinge teen die kerklik tug staan dikwels 'n bepaalde opvatting van die wese van die kerk. Die kerk word gesien as 'n liefdesgemeenskap, nie 'n regsgemeenskap, 'n organisasie nie. Die kerk is 'n organiese gemeenskap van mense wat enkel en alleen deur die Gees van liefde beheers en bestuur word, en alle menslike wette en regspraak en organisasie is aan die wese van die kerk vreemd. In die vorige eeu was dit selfs die heersende voorstelling van die kerk in die hoogste teologiese kringe. Volgens die leidende teoloë van die vorige eeu sou Christus nooit 'n georganiseerde kerk met ampte en kerkreg en kerk tug beplan het nie. Vir Christus sou die kerk die gemeenskap van mense wees in wie Sy Gees woon, wat die koms van die Seun van die mens elke dag verwag het en dus in elk geval geen behoefte sou hê aan kerkregering en dergelike dinge, wat alleen betekenis kan hê vir 'n kerk wat nie meer lewe uit die brandende verwagting dat die Seun van die mens elke oomblik kom nie, maar wat hom inrig om in hierdie wêreld 'n georganiseerde en beplande bestaan te voer wat die eeue kan trotseer. Dit was eers, so is daar dikwels betoog, toe die kerk sien dat Christus nie so spoedig kom as wat Hy aan Sy apostels

gesê het nie, dat die kerk homself begin inrig het in die vorm van 'n organisasie. Dit het vir die kerk ontaarding beteken, want toe het die magsvraagstuk aan die orde begin kom : Wie sou die vernaamste in die kerk wees en wie is in staat om die Skrif op die regte wyse te interpreteer en uit te maak wie kettters is en wie nie? Toe hierdie vrae aan die orde gekom het, toe was dit noodsaaklik dat die posisie van die ampsdraers vas omskrywe moes word, dat daar 'n stelsel van kerkreg ontwerp moes word, dat die tug ingevoer moes word om die kettters en ander sondaars uit die kerk te kan ban. Al hierdie dinge is egter vreemd aan die wese van die kerk. Skrifplekke wat skynbaar die kerkreg en die kerktug veronderstel, moet volgens hierdie opvattinge eenvoudig latere invoeginge en vervalsinge wees. Met name is Matt. 16 : 18-19, waarin gespreek word oor die sleutelmag wat Christus aan Petrus en aan die ander apostels oorhandig, as 'n invoeging gesien uit die tyd toe die kerk begin ontwikkel het tot die Katolieke Kerk en toe daar dus Skriftuurlike sanksie nodig was vir die bestending van die pouslike primaat en die Roomse kanonieke reg.

Hoewel hierdie idees uit die kring van die wetenskaplike teologie as sodanig nie aan die meeste lidmate van die kerk bekend is nie, en ook nie in die vorm uit hulle mond gehoor sal word nie, lê die konsekwensie daarvan, nl. dat die tug dus in stryd met die wese van die kerk is en eerder op die terrein van die wêreld tuis hoort as op die terrein van die kerk, tog agter die meeste besware wat in die verband uit die mond van ons lidmate gehoor word. Baie lidmate voel dat die liefde die kerklike tug uitsluit, omdat die kerklike tug mense wil dwing, en dit is iets wat tuis hoort op die terrein van die wêreld met sy regspraak en nie op die terrein van die kerk waar die liefde behoort te heers nie. Vir hulle is hierdie besware ingebed in 'n liberale soort kerkopvatting, waarvolgens die kerk deur die liefde in so 'n

mate beheers moet word dat hy geen kontrole behoort uit te oefen oor allerlei dinge soos die doop en die Awendmaal nie. Dit is alles te ongeestelik. Die kerk behoort gedurig maar almal uit te nooi om tot Christus te kom en om te kom geniet van alles wat daar in die kerk aangebied word, sonder om sy ampsdraers soos polisie na mense se lidmaatskapsertifikate en attestate, na mense se kerkbesoek en lewenswandel te laat ondersoek instel. As die Woord van die Here sê: “O, almal wat dors het, kom na die waters!” (Jes. 55 : 1), is dit dan reg dat die kerk allerlei kwalifikasies mag toevoeg vir 'n mens wie sê dat hy dors het? Die kerk moet met ope arms altyd bereid wees om elke sondaar te verwelkom. Waar kom die kerk dan aan die reg om mense daarvan terug te hou om belydenis van hulle geloof te doen as hulle verklaar dat hulle dit graag wil doen? Hoe kan die kerk byvoorbeeld iemand daarvan terughou om belydenis van sy geloof te doen, net omdat die persoon nie genoeg verstandskennis van die Bybelgeskiedenis en die kerkleer besit nie? Kan die kerk ooit weer die skade herstel wat aangerig word daardeur dat hy sulke persone seermaak en afskrik, in plaas van aan hulle liefde te betoon en te redeneer dat hulle wel later sal verstaan wat hulle nou nog nie verstaan nie, en dat hulle dus nou maar toegelaat behoort te word om belydenis van geloof te doen? Is dit reg dat die kerk mense wat hy terughou van die genot van die kerklike voorregte, daardeur probeer dwing om te doen wat hulle nie vanself en uit eie vrye keuse doen nie? Kan dit byvoorbeeld enige waarde voor God hê om iemand deur die weiering van kerklike voorregte te dwing om kerk toe te kom as sy hart in opstand is teen die feit dat hy daar in die kerk moet wees? Moet die kerk nie liever meer vertoon van 'n moederlike karakter en meer die objektiewe waarhede van die geloof vir almal verkondig, meer op die regverdiging deur die bloed van Christus wys, as om op 'n sektariese wyse te probeer

indring in die verborge dinge van 'n ander mens se siel en alles af te trek in die subjektiewe nie? Dit moet tog seker die ideaal van die kerk wees om soos n moeder te wees teenoor sy lidmate, 'n moeder wat bid vir haar roekelose kinders, wat hulle nie nog gaan staan as hulle, verwond deur die sonde, eindelik huis toe kom nie, maar hulle eerder aan haar boesem toevou en vertrous en die smartlike verlede deur die liefde van n begrypende hart bedek!

Omdat hierdie kompleks van besware al soveel keer opgeduik het waar daar 'n poging aangewend is om erns te maak met die kerklike tug, en waar hierdie besware selfs in die hart van meer as een kerkraadslid op so 'n wyse heerskappy gaan voer het dat hy maar liever altyd pleit dat daar nie tug toegepas behoort te word nie, is dit uiters belangrik dat ons daarop sal ingaan. Waar hierdie besware telkens 'n beroep doen op die liefde en geduld van God as werklikhede wat eintlik die tug behoort uit te sluit, omdat die kerk eerder 'n afskynsel van Gods reddende liefde moet vertoon as om deur die tug mense tot verantwoording te roep vir hulle dade van swakheid en sonde, is dit noodsaaklik dat ons eers sal moet luister na wat die Skrif ons aangaande die liefde en geduld van God leer, met die doel om vas te stel of Gods liefde inderdaad alle reg en tug uitsluit. Daarna sal ons daartoe moet oorgaan om vas te stel of die karakter van die tug oefening en die gesindheid waarin die tug oefening moet geskied, in stryd met die liefde is, en of dit nie juis so is dat die ware liefde die tug oefening noodsaaklik maak, sodat die juiste tug oefening die hoogste betoning van liefde en verantwoordelikheid teenoor die sondige broeder is nie.

II

Die Bybel leer ons God ken as 'n God van liefde. Die Bybel spreek selfs soveel oor die liefde van God,

dat ook mense wat origens maar min van die Woord van God weet, tog weet te vertel dat die Bybel van Gods liefde praat. En as 'n mens tog maar die liefde van God reg begryp in sy volheid, dan was dit ook al genoeg om van die Woord van God te weet, want dit is tog eintlik so dat die hele openbaring van God daar is om ons van Sy liefde vir die verlore sondaar te vertel, en die vleesgeworde Woord het tog ook gekom om die liefdevolle hart van God vir ons bloot te lê. Wie die liefde van God leer ken het, het God self leer ken, want die liefde is nie maar iets wat God het nie. Hy is self liefde (1 Joh. 4 : 8 en 16). Daarom is dit ook so dat die skepsel op aarde maar nog 'n klein deeltjie begryp van die werklike diepte van Gods liefde. Ja, die hemel sal daarvoor nodig wees om verlore sondaars te laat verstaan wat die lengte en die breedte en die diepte en die hoogte van Gods liefde in Christus Jesus is (Ef. 3 : 18, 19).

Die probleem is nou egter dat ons so maklik oor Gods liefde kan dink en praat vanuit ons idee van wat liefde is, en dat ons dan vir ons 'n voorstelling van Gods liefde maak wat gans en al strydig is met wat die openbaring van God aangaande die liefde van God leer. 'n Mens kan so maklik 'n eensydige of 'n oppervlakkige voorstelling van Gods liefde maak. So was dit in die teologie van die vorige eeu, toe daar 'n sterk liberalistiese gees soos 'n veldbrand deur die teologiese denke getrek het en alles vervlak het. Ook oor Gods liefde is daar toe op 'n wyse gepraat wat wel gesteun is deur 'n beroep op verskillende tekste uit die Bybel, soos o.a. die genoemde tekste uit die eerste sendbrief van Johannes, maar waarin die diepere verbande waarin dié tekste staan, misgekyk is.

Gods liefde is toe verstaan as 'n soort matelose “goedaardigheid” wat maar bereid is om alles te verdra en toe te laat. Gods liefde is toe op 'n “gesuiwerde” manier verstaan, gesuiwer van alle elemente wat vir die

negentiende eeu se mentaliteit in stryd geskyn het met die blanke idee van liefde wat bereid is om alles te gee en niks te vra nie. Dat God ook die heilige God is wat toorn oor die aanranding van Sy eer en nie verdra dat Sy eer aan 'n ander gegee word nie - dit kon die negentiende eeu nie verwerk nie. Geriefshalwe is Gods heiligheid toe onskadelik gemaak deur dit op te vat as die hoogste waarborg daarvoor dat God die volmaak-goeie God is wat nie toornig kan word nie en nie daaraan sal dink om iets so “onheiligs” te doen as om die mens te straf vir sy sonde nie! Die heiligheid van God is toe uitsluitend verstaan as 'n morele volmaaktheid op grond waarvan daar in Gods wese niks kan wees wat Hom sou toelaat om ooit hardhandig teenoor die mens op te tree of Sy eie eer te handhaaf nie. Die toorn van God waarvan die Skrif so dikwels spreek, is as 'n aanstootlike mensvormige spreekwyse oor God van die hand gewys, en daar is selfs sover gegaan dat gesê is dat dit maar 'n wandenkebeeld is wat die mens met sy skuldige gewete daarop nahou. God toorn nie werklik nie, Hy kan volgens hierdie opvatting nie toorn nie, dit is maar die mens wat om bloot sielkundige redes homself inbeeld dat God toornig op hom is. Dit is maar solank as wat die mens nie leef in die liefde tot God nie, dat hy dié wandenkebeeld koester, maar sodra hy werklik uitkom by die genade-aanbod van Gods liefde, verstaan hy dat dit alles maar sy eie versinsels was. God toorn volgens hierdie opvatting in die geheel nie oor die sonde nie, want sonde is maar dwaling as gevolg van 'n gebrek aan insig, sonde is eintlik maar 'n laer trap van ontwikkeling wat later vergroei sal word. God dink dus nie daaraan om die sondaar te straf nie; Hy het alleen maar medelye met hom en wil hom in liefde daartoe beweeg om te verstaan dat hy met iets minderwaardigs besig is en liever hom aan God behoort toe te wy. Die hele Ou Testament met sy geskiedenis van die toorn van God oor die sonde, met sy verhale

van die uitroeiing van die heidene op Gods bevel, met sy heenwysing na die verdelging van Sodom en Gomorra vanweë hulle sonde. met sy profetiese getuienisse aan-gaande Gods wraak oor die sonde van Sy volk – dit alles is in hierdie gedagteklimaat hoogs aanstootlik. Dergelike dinge kan nie ingepas word by die oppervlakkige voorstelling van Gods liefde wat deur die negentiende eeu gekoester is nie, en daarom is daarvoor meermale die oordeel uitgespreek dat dit alles pas in die kader van 'n primitiewe voorstelling van God, waarin Hy gedink word as 'n soort onredelike despoot, 'n soort demoniese wese wat haat en wraak en toorn ken as deel van Sy bestaan. Daarom het meer as een in die vorige eeu ook gevoel dat hy hom liever wil losmaak van die God van die Ou Testament wat ontstaan tot die stryd teen al Sy vyande en haters (Ps. 68) en wat in geregtigheid sit om die volkere te oordeel, en hom liever wil wend tot die God van Jesus, die God van liefde en genade, die God van die gelykenis van die verlore Seun en die God van 1 Joh. 4 : 8.

Hoef ons te sê dat ons vrees dat iets van hierdie denkbeelde uit die vergetelheid van die negentiende eeu oorgewaaï het tot in ons tyd en dat meer as een lidmaat van ons kerk ook nog - sy dit dan sonder enige poging om te wil beweer dat hy dit wetenskaplik of logies kan verdedig - met hierdie idees oor die liefde van God behep is? Is dit nie waar dat baie van ons mense hulle eenvoudig nie kan verlustig in die Ou Testament met sy vloekpsalms en oordeelsprediking nie? Is dit nie so nie dat baie van ons mense heimlik aanstoot neem aan groot gedeeltes van die Bybel waar oor die haat en die wraak en die toorn van God gehandel word, en dat hulle alleen maar 'n behae het in die gedeeltes uit die Woord waar oënskynlik alleen maar van Gods matelose liefde sprake is? Is dit nie byvoorbeeld simptome dat 'n lidmaat van die kerk teenoor sy leraar erken dat dit vir hom 'n groot probleem is hoe Pred. 3 : 8 kan

sê dat daar 'n tyd is om lief te hê, maar ook 'n tyd om te *haat* nie? Dit is veral lidmate van ons kerk wat graag 'n “breë kyk” op die lewe daarop wil nahou, wat graag 'n bietjie “groter perspektiewe” as ander wil sien, wat intens lief is vir hierdie soort opvatting van Gods liefde. Hulle vra dan ook van die kerk om tog nie oor die hel en die toorn van God te preek nie, maar oor die liefde van God alleen. Ook onder leraars kan daar natuurlik sulke “verligte persoonlikhede” voorkom wat daarop kan roem dat hulle gedurende hulle ganse bediening dit nooit nodig geag het om Gods oordeel te verkondig nie, omdat hulle elke preek wou gebruik as 'n geleentheid om oor Gods matelose liefde te praat.

Hoef ons te sê dat dit hierdie soort opvatting oor Gods liefde is wat agter die protes teen die kerklike tug skuil? Dit is hierdie soort opvatting wat 'n aartsvyand van alle tug is, die tug so maklik met straf en wraak in verband bring en as hoogste ideaal wil neerlê 'n kerk wat in geduld alles van sy lidmate verdra en nooit daartoe oorgaan om hulle streng aan te spreek nie.

In elk geval, hierdie opvatting van Gods liefde is geheel en al in stryd met die openbaring van God self aangaande Sy liefde. Die Bybel weet nie van so iets as dat die liefde van God in stryd sou wees met Sy heiligheid, Sy geregtigheid, Sy toorn en oordeel nie. Die verdedigers van bogenoemde idee van Gods liefde beweer wel dat dergelike begrippe nie by die wese van God pas nie, omdat dit van God 'n soort demoniese despoot sou maak, maar wanneer ons dergelike begrippe nie meer met die wese van God in verband kan bring nie, het ons ook nie meer met die Bybelse God te doen nie. As God nie kan toorn nie, as Hy in Sy heiligheid nie kan waak oor Sy eer nie, as begrippe soos geregtigheid en oordeel nie meer op God van toepassing gemaak mag word nie, dan bly daar net 'n onbybelse

Godsbegrip oor waarin God nie meer geëer word as waarlik die God van hemel en aarde nie, maar waarin God gedegradeer word tot 'n swakkeling, tot 'n goedige oupatjie wat te goedig en te swak is om sy eer te handhaaf, om op te staan vir reg en geregtigheid, wat maar alles verdra en nie meer protesteer teen die vertrapping van alles wat nie vertrap mag word nie - en dit alles in naam van die liefde! En van so 'n voorstelling word dan gesê, dat dit die God van Jesus is! Asof Jesus nie met duidelike woorde gespreek het oor die toorn van God nie (Joh. 3 : 36), asof Jesus nie die oordeel van God oor die sonde sonder enige versagting verkondig het nie (vgl. onder andere maar net Matt. 24 : 51; 25 : 12, 30, 41, 46; Luk. 13 : 5; 16 : 23, 31, ens.)! Asof die God van die gelykenis van die verlore seun nie ook dieselfde God is wat in Sy geregtigheid geëis het dat die Seun van die mens oorgelewer en gekruisig moet word ter wille van die sonde van daardie verlore seun, sodat hy met ope arms tuis ontvang kan word nie!

Nee, die Bybel laat ons sien dat God in Sy liefde ook die heilige God is. Hy verdra nie dat Sy heerlike Goddelikheid geminag word nie, en Hy toorn oor die aanranding van Sy eer. God is liefde, ja, maar dit beteken nie dat God alles voor die voet liefhet nie : God *háát die kwaad*. Ook by God is daar 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat (Pred. 3 : 8), want God kan die sonde nie maar duld nie, Hy haat die sonde. Die oordele van God wat in die Ou Testament (en in die Nuwe!) verkondig word, degradeer Hom nie tot 'n demoniese despoot nie, maar laat ons verstaan dat Hy waarlik God is en dat Hy Sy wil staande sal hou teen alle verdraaiing deur die mens in. As dit nie so was nie, sou Hy nie God wees nie. As dit nie so was nie, sou Gods liefde ook geen suiwer liefde gewees het nie. Dan sou onreg en onheiligheid ewe goed 'n plek naas reg en heiligheid en reinheid kon hê. 'n

God wat nie kan vervloek nie, sou nie 'n God kon wees wat waarlik kan sien nie.

Gods liefde en heiligheid ontmoet mekaar daarin, dat Hy die jaloerse God is. God is jaloers op die liefde en aanbidding van die mens se hart, enersyds, omdat God in Sy heiligheid dit nie kan verdra dat die mens, Sy skepsel, Sy Goddelikheid moet minag nie; andersyds omdat God nie kan verdra dat die mens, wat voorwerp van Sy liefde is, sy hoogste saligheid moet mis deur buitekant Gods gemeenskap gesluit te word nie. As God nie 'n jaloerse, heilige liefde vir die mens gehad het nie, sou Hy dit nie werklik ernstig met die mens bedoel het nie, want dan sou Hy, in naam van die liefde, kon toesien dat die mens in besit geneem word deur allerlei wat sinloos en minderwaardig is, sonder om daarvoor ontroerd, sonder om daarvoor toornig, sonder om daarvoor jaloers te word !

Die Bybel laat ons baie duidelik sien dat Gods liefde nie swakheid is nie; Sy liefde is 'n heilige, sterk, regverdige liefde. Daarom was die kruis nodig. Omdat God die heilige God is, wou Hy nie, kon Hy nie gemeenskap hou met die onheilige mens sonder dat sy onheiligheid bedek is nie. God het die mens lief met n ewige liefde en begeer dat die mens gered sal word, maar solank die mens se sonde hom aankleef, solank die mens onversoend voor God staan, kan hy nie in Gods gemeenskap deel nie, maar is hy voorwerp van Gods heilige toorn. As die regverdige God wil Hy nie die sonde ongestraf laat bly nie. Geen enkele sonde wat ooit op aarde gedoen word, sal ongestraf bly nie, omdat dit opstand teen Gods allerhoogste majesteit is. Daarom was die kruis nodig. Die mens kon nie self sy vergryp teen Gods heiligheid goed maak nie. Daar was vir die mens dus maar één weg oop : die weg na die verdoemenis. Maar toe het God self ingegryp. Hy het Sy Seun gegee om die sonde van die mensheid te dra. Hy het nie die sonde sonder meer ongestraf laat bly

nie. Hy het die sonde gestraf tot die uiterste toe. Maar Sy liefde kom daarin uit, dat Hy die sonde nie aan die mens gestraf het nie, maar aan Sy eie Seun, aan Homself.

Hoe wonderlik is die diepte van Gods liefde daarin vir ons geopenbaar! Gods liefde is nooit in stryd met Sy heiligheid of geregtigheid nie. Sy liefde verwaarloos nie die eis van Sy majesteit nie. Sy liefde is suiwer en sterk. Sy liefde is geen oppervlakkige goedigheid nie. Die karakter van Gods liefde sien ons ook uitkom in die hele boodskap van die evangelie. Want alhoewel die evangelie ons die vreugdeklanke laat hoor van die sonde wat versoen is en die skuld wat betaal is, stel Gods liefde, óók in die evangelie, nog sy eis : Laat jou was in die bloed van die Lain! God wil geen gemeenskap met die mens hou voordat sy sonde bedek is nie - die waarheid bly onveranderd. Al is dit ook so dat Christus die versoening bewerk het, geld dus nog die eis dat niemand wat nie met die soenbloed van Christus bedek is nie, met God gemeenskap kan hê nie. Wie nie in Christus is nie, bly nog onder die toorn van God. Daarom stel die liefde van God in die evangelie die eis van geloof. Wie glo in die Here Jesus Christus, het vrye toegang tot die troon van genade, word nie meer veroordeel nie, maar is in besit van die ewige lewe. Wie egter nie glo nie en nie bedek is met die bloed van die Lam nie, is alreeds veroordeel (Joh. 3 : 18). God haat die sonde, en tensy dat iemand se sonde van hom wegeneem is deur die vergiffenis wat daar deur die geloof in Christus Jesus is, kan hy die lewe nie sien nie : Gods liefde is geen onvoorwaardelike liefde nie, Gods liefde stel 'n eis. Die eis is deur Gods genade nie dat die mens self moet sorg dat hy van sy sonde gereinig word voordat God met hom gemeenskap kan hou nie, maar die eis is alleen maar dat die mens hom deur die heiligheid van Christus moet laat bedek.

Wat het dit alles nou met die kerklike tug te doen? Dit het met die tug min of meer alles te doen. Dit is tog immers só dat die kerk die roeping het om aan sondaars die liefde van God te verkondig. En nou is die vraag : Hoe moet die liefde verkondig word? Mag die kerk dit maar verkondig as 'n soort liefde wat onvoorwaardelik aangebied word, sonder die eis dat die mens bereid moet wees om die liefde te ontvang, sonder die eis dat die mens, om in die liefde van God te deel, afstand sal doen van sy opstand teen God en hom moet laat was in die bloed van die Lam? Mag die kerk die liefde van God verkondig as 'n liefde wat nie sterk genoeg is om die sondaar wat hardnekkig op sy weg voortgaan, oor te gee aan die ewige verdoemenis nie? Mag die kerk die liefde van God verkondig sonder die feit daarby dat God toorn oor alle ongeregtheid en dat Hy “omgee” of die sondaar die aanbod van Sy genade aanvaar of nie?

As die kerk Gods liefde só sou verkondig, sou hy ontrou pleeg teenoor die ganse Woord van God. O ja, dis waar, Gods liefde roep tot elkeen, dit maak nie saak wie hy is of hoe groot sy sonde is nie. Die kerk moet aan elkeen in Naam van die Here die uitnodiging van Jes. 55 laat hoor : “O, almal wat dors het, kom na die waters!” Die kerk moet al die registers van sy prediking laat weerklink met die heilsboodskap van Gods liefde wat selfs nie ontsien het om die hoogste offer te bring nie. Die kerk mag nooit moeg word om uit te gaan op die strate en in die gangetjies en selfs voortdurend mense te dwing om in te kom na die feesmaal van die Lam nie. Die kerk moet geen steen onaangeroerd laat om teenoor alle mense te getuig van die wonderbare liefde van God wat by die mens bly aandring nie : “Kom nou en laat ons die saak uitmaak, se die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol” (Jes. 1 : 18). Voortdurend moet

die roep van Christus tot alle mense uitgaan : As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink ! (Joh.. 7 : 37.) Gedurig moet alle mense deur die mond van die kerk die stem van die Heiland hoor : “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (Matt. 11 : 28). God wil in Sy liefde dat elke sondaar sal weet : “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My” (Openb. 3 : 20). Waar is daar 'n heerliker aanbod van Gods gemeenskap as dit? Die kerk is daartoe geroepe om tot elke mens te kom met hierdie boodskap, sodat elkeen wat dors het, kan kom en die water van die lewe neem, verniet (Openb. 22 : 17).

Dit is dus waar : die kerk moet van Gods heerlike, matelose liefde getuig, en die oproep om tot Gods heil te kom, tot almal laat uitgaan. *Maar* – het u opgelet? – die aanbod van heil, die boodskap van Gods liefde is nooit sonder 'n eis nie. God bied Sy liefde nie onvoorwaardelik aan nie. En as die kerk die liefde van God sou verkondig sonder om die eis duidelik daarmee saam te verkondig, sou die kerk Gods Woord vervals.

Wat is die eis? Die eis is : Wees tog bereid om Gods liefde te ontvang! Wees tog dors, wees tog vuil, wees tog arm en beklaenswaardig, naak en blind; wees tog vermoeid en belas, wees tog bereid om die deur oop te maak en saam met God maaltyd te hou! Die eis is : Sien tog u sonde, ken tog u ellende en word gewillig om die soendood van Christus oor u te laat geld! Die eis is : Draai tog om van u weg van opstand teen God en Sy liefde. Gods liefde roep u wég van die sonde na die heerlikheid van die lewe. Keer dan tog u rug op wat tot dusver u lewe was en ontvang Sy gemeenskap en die ewige lewe. Die eis is : Glo in

die Here Jesus Christus, word bedek met Sy bloed —anders kan u die aangesig van God nie sien nie!

Ons weet uit die Woord van God dat ons nooit uit onself aan die eis kan voldoen nie. Ons kan ons eie sonde nooit vanself leer ken nie, ons kan nooit uit eie krag van ons sondepad wegdraai nie. Ook dit werk God in Sy liefde deur die Heilige Gees in ons hart. Maar al werk die Heilige Gees die vervulling van die eis in ons hart uit, aan die eis moet voldoen word. Dit is Gods voorwaarde. As die mens gered moet word, moet hy glo, anders sal hy die ewige verdoemenis ingaan. Dit is wel nie die geloof wat hom red nie, dit is die liefde van God, maar Gods liefde red hom nie anders nie as langs die weg van wedergeboorte, geloof en bekering. Die liefde van God word alleen deur diegene gesmaak wat dit wil ontvang, wat behoefte in hul lewe het aan die genade van God.

Dit alles is van beslissende betekenis vir die kerk. Die kerk is naamlik die gemeenskap van mense wat die liefde ontvang het, wat hulle ellende gesien het en die saak met Christus uitgemaak het, wat die deur oop-gemaak het en nou saam met die Lam maaltyd hou. En nou is dit die roeping van die kerk om aan almal onmisverstaanbaar duidelik te verkondig dat niemand by die kerk gevoeg mag word nie, tensy hy eers sy ellende gesien het en die saak met God uitgemaak het. Dit is die eis van Gods liefde. Maar as dit die eis van Gods liefde is, dan beteken dit dat Gods liefde die kerklike tug eenvoudig eis. Die kerk moet so duidelik as wat moontlik is, aan alle mense verkondig dat Gods liefde nie 'n onskadelike goedigheid is wat maar alles duld nie, maar 'n liefde wat sterk genoeg is om die hardnekkige oor te lewer in 'n ewige verderf, en dat Gods liefde dus alleen gesmaak kan word deur die boetvaardige en die arme van gees. En as die kerk dit so duidelik as moontlik moet verkondig, dan sal hy dit nie alleen deur die gepredikte woord kan verkondig

nie, maar hy sal dit deur middel van die toepassing van die tug moet verkondig aan diegene wat aan die gepredikte woord geen gehoor wil gee nie. Die kerk moet die sondige broeder laat verstaan dat dit die eis van Gods liefde is dat hy hom van sy sondige weg moet bekeer, en dat hy geen reg het om te hoop op die liefde en genade van God as hy hom nie bekeer nie. Die kerk moet deur middel van die tug dit aan die verstand van sy dwalende lede bring dat die liefde van God nie daarin bestaan dat Hy nie kan toorn nie en dat alles maar vir Hom toelaatbaar is nie, maar daarin dat Hy Sy Seun gegee het om ons sonde te dra, en dat elkeen wat tot Hom vlug, sonder twyfel nie verlore sal gaan nie.

As die kerk dit nie sou doen nie, sou hy sy lidmate onder 'n verkeerde indruk bring. Hy sou hulle onder die indruk bring dat God nie nog dieselfde God van Ps. 68 is wat sal opstaan tot die stryd en sy haters ver en wyd sal laat wegvlug voor Sy oë nie. Hy sou hulle onder die indruk bring dat Gods liefde nie 'n jaloerse liefde is wat nie kan verdra dat Gods volk die liefde van hulle harte aan ander gee nie. Hy sou hulle onder die indruk bring dat die vloekpsalms en die oordeelsprediking van die Bybel nie meer aktueel is nie, maar behoort tot 'n laer stadium van godsdienstige ontwikkeling. Hy sou hulle onder die indruk bring dat sonde nie werklik in Gods oog sonde is nie, dat sonde swakheid is of die gevolg van onkunde, maar nie werklik doemwaardige vergrype teen die majesteit en eer van die allerhoogste God nie. Gevolglik sou hy hulle nie meer die diepe donkerheid van Golgota as noodsaaklik kan laat sien nie. Hy sal beswaard moet voel om duidelik te spreek oor die Skriftuurlike uitsprake aangaande die ewige verdoemenis. Dit sal naderhand vir die kerk op hierdie weg noodsaaklik word om te begin koketteer met die eeue-oue dwaalleer van die universalisme of die leer dat alle mense salig sal word,

omdat dit 'n onmoontlikheid is om in weerwil van Gods liefde tog verlore te kan gaan.

'n Kerk wat die liefde van God misverstaan, verstaan nie meer die noodsaaklikheid van die tug nie, en 'n kerk wat nie meer die noodsaaklikheid van die tug kan insien nie, begryp nie meer die liefde van God nie. 'n Kerk wat die liefde van God en die tug nie meer met mekaar kan rym nie, verstaan nie meer die evangelie nie.

As die kerk egter verstaan dat Gods liefde 'n heilige liefde is, sal hy die tug beoefen. Hy sal dit dan waag om aan mense duidelik en profeties te laat hoor dat daar geen lafenis uit die lewenstromen van God is, sonder dat daar behoefte aan lafenis is nie. Hy sal hulle laat verstaan dat Gods liefde 'n eis stel. Hy sal hulle laat verstaan dat dit 'n gekwalifiseerde uitnodiging is wat die Skrif tot almal rig om tot God te kom — dit gaan alleen aan diegene wat honger en dors na die geregtigheid, aan diegene wat vermoeid en belas is, aan diegene wat begeer om die saak met God uit te maak.

Daarom sal die kerk moet waak by die toelating tot die openbare belydenis en almal duidelik moet laat verstaan dat dit 'n ernstige saak is om met God te doen te hê. Gestrengheid in verband met die toelating tot openbare belydenis is wel nie tugoefening in enger sin nie, maar dit is tog 'n vorm van tug in breër sin, omdat dit direk gemoeid is met die heiligheid van die sakramente en die suiwerheid van die kerk. 'n Kerk wat nie met nougesetheid waak by die toelating tot die openbare belydenis en homself op die hoogte stel of diegene wat as belydende lidmate getel word, die erns daarvan beset om met God te doen te hê nie, sal op die lange duur nie meer die suiwerheid van die sakramentsbediening kan verseker nie. Daar is wel hierbo by die formulering van die besware teen die tug opgemerk dat die Woord van die Here eenvoudig uitnooi : “Almal wat dors het, kom na die waters,” en dat dit

vreemd is dat die kerk hom dan die reg kan toeëien om allerlei kwalifikasies daaraan toe te voeg vir iemand wie sê dat hy dors het, en mense daarvan kan terughou om belydenis van geloof te doen as hulle byvoorbeeld nie genoeg kennis het nie. Ons wil daarop slegs antwoord dat die kerk met sy katkisasie en sy voorwaardes vir die toelating tot die openbare belydenis nie besig is om kwalifikasies toe te voeg aan die kwalifikasies wat die Woord van God stel, naamlik dat die een wat wil kom, dors moet hê nie. Al wat die kerk in hierdie verband wil doen, is om hom daarvan te verseker dat diegene wat kom, verstaan wat dit beteken om dors te hê en te kom. Die kennis wat die kerk as voorwaarde stel, is nie blote verstandskennis nie, maar hartekennis van ons ellende, van Gods verlossingsplan en van Gods wil vir ons lewe as Christene (vgl. die drie dele van die Heidelbergse Kategismus). En hoe kan 'n mens se dat hy van hierdie dinge 'n hartekennis het, as hy nie in staat is om homself daarvan verstandelik rekenskap te gee nie, al is dit dan ook op die mees eenvoudige wyse? Hoe kan 'n mens sê dat hy werklik honger en dors na die geregtigheid, as hy geen liefde vir die Woord van God openbaar nie? Nee, die kerk is nie daarop uit om mense van die kerk weg te stuur as hulle werklik tot God wil kom nie, maar die kerk is ten minste verplig om ter wille van die eer van God by die poort van die kerk wag te hou, en van elkeen wat wil inkom, te vra of hy Christus werklik liefhet. Hy sal moet waak oor die gebruik van die sakramente en die gemeente daardeur daaraan herinner dat 'n mens nie die beker van die Here kan drink en ook die beker van die duiwels nie (1 Kor. 10 : 21); dat 'n mens nie die merkteken van die heilige doop en ook die merkteken van die dier uit die aarde kan dra nie (vgl. Openb. 13 : 16-17). Hy sal die gemeente daaraan moet herinner dat daar so iets is dat 'n mens 'n oordeel oor jouself kan eet en drink en die ywer van die Here kan

opwek (1 Kor. 10 : 22; 11 : 29), en dat dit vreeslik is om te val in die hande van die lewende God (Hebr. 10 : 31). Die kerk sal sy lidmate deur die tug daartoe moet oproep om al hulle sondes te bely en hulle te laat was in die kosbare bloed van die Lam.

*

Die tug is egter nie slegs vir die kerk noodsaaklik, omdat die kerk die liefde van God reg moet verkondig nie, maar ook omdat die kerk daartoe geroepe is om 'n afskynsel te vertoon van die liefde van God. Gods liefde wat bereid was om die hoogste offer te bring vir die redding van sondaars, moet in die kerk sy weerspieëling daarin vind dat die kerk ook alles oor moet hê vir die heil van die wat aan die sorg van die kerk toevertrou is. Die hart van die kerk moet van liefde gloei vir diegene wat op weg na die dood is, en elke middel wat God in sy hand gestel het, moet die kerk ten volle benut om dié wat na die slagbank wankel, terug te probeer hou. Juis daarom mag die kerk nooit nalaat om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy sondige lede nie. Hy moet hul saak opneem en, uit liefde vir die ewige heil van hul siele, hulle so dringend as wat werklik moontlik is, oproep om tog die saak met God uit te maak. Dit is eenvoudig die eis van die liefde dat die kerk nie sy dwalende lidmate onder 'n wanindruk sal laat nie, maar aan hulle in die prediking van die Woord soveel as in die toepassing van die tug sal laat verstaan dat niemand die koninkryk van God kan beërwe, sonder dat sy sonde deur die bloed van Christus bedek is nie. Die kerk behoort bereid te wees om alles oor te hê vir die redding van 'n siel — óók populariteit, óók verlies van enkele lidmate, óók die onaangenaamheid wat daar maar altyd aan elke tughandeling kleef. Wat 'n oppervlakkige liefde sou die kerk vir sy lidmate daarop nagehou het as hy maar bereid sou wees om

hulle sienderoë verdwaal te laat raak, en dan te sê: Ek het julle te lief om julle terug te roep. Ek is bang om julle seer te maak, ek kan julle eenvoudig nie reghelp nie! Watter soort moederliefde sou dit wees wat bereid is om 'n blinde kind na 'n af grond te sien stap, en dan te se : O, kind, Moeder het jou te lief om jou seer te maak deur vir jou te sê dat jy in 'n verkeerde rigting loop! En die kerk? Verstaan die kerk dan nie meer wat dit beteken om vir ewig verlore te gaan nie? Is die kerk nie meer bevrees vir die oordele van God nie? Hoe kan die kerk dan maar sy lidmate toelaat om op hulle dwaalweë te swerwe, weg van die redding en die genade, sonder om met alle krag en geweld halt te roep? Wat moet 'n mens dink van die liefde van die kerk vir siele as die kerk maar rustig toesien dat sy lidmate nie hul deel van die verbond met God meer ernstig opneem nie, nie meer nougeset gebruik maak van die genademiddele nie, nie meer versigtig genoeg is vir die verleidende lokstemme van die sondige wêreld nie? Is dit werklik liefde as die kerk nie ingryp in die gang van sy lidmate op hulle dwaalweë nie, maar hulle maar laat begaan totdat hulle miskien eendag self sal terugkeer, verwond en mishandel deur die sonde? Liefde maak tog nie so nie — swakheid maak so. Die kerk maak so wanneer hy te bang geword het om lidmate te verloor, om aanstoot te gee, om sy populariteit te beskadig. Die kerk maak so wanneer hy die mens meer in ag neem as die Woord van God; wanneer hy vir die toorn van mense meer ontsag het as vir die toorn van God; wanneer hy sy eie prestige liever het as die heil van onsterflike siele! 'n Kerk waarin daar liefde woon, sal ook 'n kerk wees waar daar genoeg geestelike krag is om die tug toe te pas. So min as wat Gods liefde te swak is om heilig te wees, so min moet ook die kerk swak wees in sy liefde. Die ware liefde sal nie kan duld dat die broeder hom te pletter loop op sy sondaarspad nie, en daarom sal die ware liefde

bereid wees om moeite te doen vir die broeder deur met hom die moeisame gang van die tug te gaan.

Dit sou buitendien 'n teken van die grootste ontrou van die kerk teenoor sy lidmate wees, as hy nie meer die tug wil of kan handhaaf nie. By die openbare belydenis onderwerp die lidmate hulle aan die kerklike opsig en tug. Dit is nie maar net iets wat gedoen word, sodat die kerk voortaan 'n vrye hand kan hê om tug toe te pas as hy wil nie; nee, dit is 'n kontrak wat aangegaan word tussen die kerk en sy lidmaat. Die lidmaat sal hom onderwerp, en die kerk onderneem dat hy *sal* tug as dit nodig is. Die lidmaat rig daarmee as 't ware aan die kerk die versoek om hom tog nie alleen te laat as hy in sy blindheid mag afdwaal nie, maar om hom dan tog voor te keer en sy liefde en trou teenoor hom daarin te bewys, dat hy hom waarsku, selfs met 'n harde stem, teen afval van die lewende God. As die kerk dit verwaarloos, is hy ontrou en liefdeloos, en stel hy hom bloot aan die verwyte van die wat eenmaal lidmate van die kerk op aarde was, maar afgedwaal het en die ewige verdoemenis ingegaan het.

Hoe dwaas is dit dan tog om altyd maar weer te sê dat die tug hard en liefdeloos is! Dit mag waar wees dat die tug soms in die praktyk hard en liefdeloos toegepas mag word, en dat die gesindheid by die tugoefening nie altyd is wat dit moet wees nie - daarop kom ons later weer terug - maar die tug as sodanig is na sy wese nie 'n liefdelose bedrywigheid van die kerk nie, en dit is geen harde saak dat daar in die kerk tug gehandhaaf moet word nie - dit is 'n saak van die hoogste liefde. Ook God kasty diegene wat Hy liefhet, en al lyk elke tugtiging op die oomblik waarop dit toegedien word, nie na 'n saak van vreugde nie, maar van droefheid, dit lewer later tog 'n vreugdevolle vrug van geregtigheid vir dié wat daardeur geoefen is (Hebr. 12 : 6, 11). Die tug is nie liefdeloos nie

en die tug is nie hard nie, maar die tug kyk verder as die hede na die toekoms wanneer die vrug van ons aardse wandel openbaar sal word. Die tug moet optree met die oog daarop dat dit dan mag blyk dat ons in Christus Jesus is, en nie een van diegene wat van Hom die harde woord sal hoor nie: Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk, want Ek het julle nooit geken nie!

Wanneer die kerk tug toepas op sy lede wat afdwaal, is dit geen saak van gebrek aan liefde en 'n begeerte om strenger te wees as God nie. Dis waar, God vergewe die sondaar menigvuldiglik, en God het ons ook beveel om mekaar altyd weer te vergewe, maar dit beteken nie dat God die sondaar vergewe voordat hy in berou en met belydenis van sy skuld tot God gekom het, of dat die kerk dit maar op eie houtjie mag onderneem om mense hulle sondes te vergewe, asof die sondes teen die kerk begaan is en nie teen God nie! As die kerk tug uitoefen, dan is dit nie om aan die sondaar allerlei dinge op te lê nie, maar dit is suiwer en alleen net met die bedoeling om hom daartoe te beweeg om met sy sonde in berou tot God te gaan. Dit is die eis van Gods liefde, en dit is 'n blyk van die kerk se liefde as hy nie alleen vir die oortreders bid nie, maar ook die oortreders probeer beweeg om hulle met God te laat versoen.

III

Toe ons hierbo die bedenkinge teen die kerklike tug uiteengesit het, het ons daarvan melding gemaak dat die feit dat die kerk 'n afskynsel van Gods liefde moet bied, dikwels ook so opgevat word dat die kerk 'n plek van liefde is waar daar vir niks anders as net liefde plek is nie, sodat die kerk na sy wese 'n blote liefdesgemeenskap is, waar daar geen reg en tug in nodig sou wees nie, omdat die kerk alleen deur die Gees van

liefde regeer moet word. Ons het ook daarvan melding gemaak dat die teologie van die vorige eeu alle kerkreg en kerktug as 'n ontarding gesien het, 'n afbuiging van die wese van die kerk as 'n plek van suiwere liefde, waar daar nie gedwing kan word nie, waar daar nie georganiseer hoef te word nie, omdat liefde en reg, liefde en organisasie, liefde en dwang mekaar eenvoudig uitsluit, sodat ook kerk en tug mekaar eenvoudig moet uitsluit.

Ons wil in die eerste plaas in verband met hierdie beskouinge net sê dat hulle die gees van 'n bepaalde tyd in die geskiedenis van die teologie weerspieël, maar dat hulle ten ene male nie daarop aanspraak kan maak dat hulle Skriftuurlike grond het nie. Juis die teendeel is waar : oral waar hierdie beskouinge oor die wese van die kerk verdedig is, moes daar aan die Skrifgegewens geweld aangedoen word deur sekere tekste as oneg te bestempel. Gelukkig dat daar ook in hierdie opsig 'n kentering in die teologiese denke gekom het en dat daar in die jongste tyd veel meer begrip kom daarvoor dat Christus nie die kerk vir Hom voorgestel het as 'n liefdesgemeenskap sonder enige organisasie of regsordening nie, maar as 'n sigbare, georganiseerde instituut met ampte en kerkregering. In die jongste tyd het dit gelukkig sover gekom dat dit nog slegs die uitsondering is as iemand byvoorbeeld die egtheid van Matt. 16 : 18-19 in twyfel trek, en dit word al meer verstaan dat die woord *ekklesia* (kerk) in die Nuwe Testament die kerk aandui as 'n georganiseerde grootheid en nie 'n louter geestelike, onsigbare organisme nie. Dit word alleen al daardeur bewys dat die kerk in die Nuwe Testament nêrens sonder ampte is nie, en dat die ampte nie maar net morele invloed toegesê word nie, maar die gesag van die sleutelmag. Dit is dan ook nie vreemd dat die Nuwe Testament so duidelik oor die tug kan spreek nie. Nie alleen doen Christus dit self in Matt. 18 nie, maar die briewe van Paulus verwys

gedurig na die tug en dring daarop aan dat die tug in die gemeentes gehandhaaf moet word (vgl. Rom. 16 : 17, 18; 1 Kor. 5 : 2, 13; 1 Thess. 5 : 14; 2 Thess. 3 : 6, 14; 1 Tim. 5 : 20; Tit. 3 : 10). Die Nuwe Testament ken eenvoudig nie dié voorstelling van die kerk wat ten grondslag lê aan die besware teen die tug wat ons hierbo genoem het nie.

Dit is dan ook nie so dat daar 'n noodwendige teenstelling tussen geestelike lewe en kerklike organisasie hoef te bestaan nie. Die geestelike lewe is wel die hoofsaak waarom dit in die kerk gaan, maar die geestelike lewe moet hom tog op 'n bepaalde manier inkleef in hierdie wêreld, en daarvoor is noodwendig een of ander vorm, een of ander organisasie nodig. Dit is dus ons tweede opmerking in verband met die besware teen die tug wat hierbo genoem is, dat dit naamlik 'n valse teenstelling is wat gekonstrueer word tussen geestelike lewe en organisasie. God is nie 'n God van wanorde nie, maar van orde (1 Kor. 14 : 33), en daarom het God in Sy kerk ook die ampte verorden met hulle bevoegdheid om deur middel van hulle ampsbedieninge die gemeente ordelik te regeer (Ef. 4 : 11). Daar is in die Skrif dus ook geen teenstelling tussen die kerk as liefdesgemeenskap en die kerk as regs-gemeenskap waarin die Goddelike regsordening gehandhaaf moet word nie. As liefde en reg in die wese van God nie met mekaar in stryd is nie, hoe sou liefde en reg in die kerk van Christus met mekaar in stryd kan wees? Reg is nie van 'n laer rangorde as liefde nie. Die reg is nie uit die wêreld en die liefde alleen uit God nie. Ook die reg is uit God, en daarom het God ook vir Sy kerk 'n regsordening daargestel. Dit is nie juis om te sê dat die reg alleen maar tuis hoort op die terrein van die staat, maar nie op die terrein van die kerk nie. In die kruis van Golgota is reg en liefde beide in die hoogste mate aan die woord; hoe sou ons dan die een teen die ander durf uitspeel?

Ons wil in die derde plaas opmerk dat dit dan ook onjuis is om te dink dat liefde en tug, of anders gestel: die heerskappy van die Gees van die liefde en die tug mekaar sou uitsluit. Dit is juis net andersom : waar die Gees werklik regeer, daar kom vanself dissipline en orde, daar kom vanself ook tug na vore. Is dit nie merkwaardig nie dat daar juis in die vroeë Christelike kerk 'n geval van “tug” voorkom op 'n tydstip toe alles nog in die hoogste mate in die teken gestaan het van die heerskappy van die Heilige Gees in die kerk? Solank as die geskiedenis van Ananias en Saffira in die Bybel staan - en dit juis in dieselfde hoofstuk waarin daar vertel word van die vrywillige gemeenskap van goedere by die Pinkstergemeente en die groot krag wat daar in die eerste Christene was - moet dit vir ons duidelik bly dat die heerskappy van die Gees die tug eis, en dit nie uitsluit nie (vgl. Hand. 4 : 32-5 : 16). Waar die Gees van Christus heers, daar is vryheid, vryheid om aan God gehoorsaam te kan wees en op 'n gedissiplineerde wyse Sy dissipel te wees. Tugloosheid is altyd 'n teken van gebondenheid, gebondenheid aan dinge wat nie die toets van Gods wet kan deurstaan nie. Daarom is dit dat Paulus die Korinthiërs daaraan herinner dat hulle wel baie roem oor hulle geestelike gawes, maar dat die ware geestelike lewe nie tot uitdrukking kom in die tugloosheid van partyskappe en opgeblasenheid en onordelikheid en gebrek aan erns met die sonde van die broeder nie. Daarom is dit dat daar in die vroeë Christelike kerk in 'n tyd toe die ampte nog nie normaal kon funksioneer nie, deur die apostels in die krag van die Heilige Gees opgetree is teen onordelike mense (vgl. Hand. 8 : 20-23; 13 : 6-12; 1 Kor. 5 : 5 en 1 Tim. 1 : 20). Daarom is dit ook dat in die briewe aan die sewe gemeentes van Klein-Asië, waarin die woorde telkens herhaal word dat elkeen wat 'n oor het, moet hoor wat die Gees vir die gemeentes sê, so herhaaldelik oor die tug gepraat word. Die gemeente in

Efese word daarvoor geprys dat hulle slegte mense nie kan verdra nie, maar diegene op die proef gestel het wat se dat hulle apostels is en dit tog nie is nie (Openb. 2 : 2). Daarenteen word die gemeentes van Pergamus en Thiatire daarvoor berispe dat hulle valse leringe en onsedelike praktyke in die gemeente duld, en hulle word opgeroep om hulle daarvan te bekeer (Openb. 2 : 14-16 en 20-22). Waar die Gees regeer, sal daar liefde wees, maar dan liefde wat sterk genoeg is om suiwer te wees en tug te beoefen.

Ons vierde opmerking is dat in die bogenoemde denkbeelde 'n verwarring voorkom tussen reg en dwang, en dat dit op grond daarvan is dat die reg as strydig met die wese van die kerk aangevoel word. Reg en dwang is nie dieselfde nie en mag nie met mekaar verwar word nie. Die kerk mag nie sonder reg wees nie, maar ons stem almal saam dat daar in die kerk nie gedwing mag word nie. Die staat het die gesag om die reg te handhaaf deur middel van dwang, maar dit doen die kerk nie. Dwang word noodsaaklik deur die sonde wat die reg omver wil werp. Deur die sonde het dit noodsaaklik geword dat die owerheid die reg sal handhaaf deur straf en dwang heen. Dit doen die kerk egter nie. Die kerklike tug is wel daar om die reg te handhaaf, maar die kerk handhaaf die reg nie deur die oortreder te straf en dus die kwaad te vergeld nie. Die kerk weet immers daarvan dat Christus aan die kruis ons straf gedra het, dat Hy in ons plek aan Gods reg voldoen het. Die kerk handhaaf dus die reg deur die oortreder te vermaan om te erken dat hy deur sy optrede Gods reg geskend het, om dit te bely en in te gaan in die verdienste van Christus, waardeur sy onreg met die volmaakte geregtigheid van Christus bedek sal word. Die kerk handhaaf die reg deur in sy tughandeling te openbaar dat hy die dinge wat deur hierdie sondige broeder gedoen is of geleer word, nie wil aanvaar as in gemeenskap met die kerk en onder die goedkeuring

van die kerk gedoen en geleer nie. Die kerk handhaaf die reg deur hom van die onreg wat gepleeg is, duidelik en onmisverstaanbaar te distansieer. Daarby kom geen dwang te pas nie, want dwang sou in die koninkryk van die hemele geen waarde hê nie. Dit kan wees dat 'n broeder of suster wat onder die tug geplaas word, dit as 'n saak van dwang aanvoel, en dan as 't ware onder dwang die huis van die Here gaan besoek en van die genademiddele gebruik maak, maar dan is dit tog hul eie gemoed wat hulle dit as dwang laat aanvoel. Hulle kon hulle ook teen die kerklike tug verset het, sonder dat die kerk by magte sou wees om hulle te verplig om kerk toe te gaan of die sakramente te gebruik. Die tug het met straf en dwang niks te maak nie, en die Reformatoriese kerke het dan ook nooit met Rome saamgestem dat strafmiddele soos geldboetes, liggaamlike straf, gevangenisstraf, verbanning, ens., deur die kerk gebruik mag word nie. Die tug straf of dwing nie, maar bly deurgaans 'n klemmende oproep tot bekering aan die persoon wat hom misgaan het. Die tug beoog daarin nie vergelding nie, maar berou en bekering. Die tug gebruik dan ook geestelike middele, en laat die persoon wat onder tug geplaas word, duidelik verstaan dat hy van Christus afgedwaal het, en dat hy geen gemeenskap met Christus kan hê tensy hy hom bekeer nie. Deur die tug sê die kerk eintlik aan die sondige broeder dat dit hy self is wat hom aan die lewe van die kerk onttrek, en dat die verbreking van gemeenskap tussen hom en die kerk nie van die kant van die kerk kom nie, maar van sy kant, omdat hy homself op 'n weg begewe waar Christus nie gedien kan word nie. Die kerklike tug is nie daarop uit om die afgedwaalde broeder te laat boet vir sy sondes nie, maar om by hom op die dringendste wyse te pleit om in te gaan in die versoening van Christus oor al ons sonde.

Die tug handhaaf dus die reg op 'n geestelike manier.

Daarin is die kerklike tug na sy aard en karakter van die wêreldlike strafreg onderskeie. Weliswaar word daar in die kerklike tug ook regspraak gepleeg, anders sou dit nie moontlik wees om die reg van God in die kerk te handhaaf nie. In die ondersoek van 'n tugsaaak is dit soms baie noodsaaklik om getuies aan te hoor, bewyse van skuld en onskuld te vergelyk en tot 'n uitspraak te kom dat die betrokke broeder of suster in die lig van die beskikbare gegewens skuldig of onskuldig is. Hierdie soort regspraak van die kerk kan nie as ongeestelik van die hand gewys word nie, want solank as daar sondige mense in die kerk is, sal daar altyd maar weer geskille opduik, sal daar altyd maar weer skuld ontken word, sal daar altyd maar weer geprobeer word om in die oog van die mens regverdig te wees, nieteenstaande ons weet dat ons voor God skuldig is. Trouens, die feit dat Christus aan Petrus die sleutelmag oorhandig het met die woorde dat wat hy op die aarde bind of ontbind, in die hemel ook gebonde of ontbonde sal wees, impliseer reeds die bevoegdheid van die kerk om uit te maak hoe Christus in 'n bepaalde geval oor 'n persoon of sy dade sou oordeel. Ook Paulus ag die regspraak nie te ongeestelik vir die kerk nie, maar wys die Korinthiërs daarop dat as hulle regsake met mekaar het, hulle die persone in die gemeente daarvoor moet laat sit om reg te spreek, wat in die gemeente die minste geag word (1 Kor. 6: 4). Dit is ook nie vervolgsugtigheid of wat dan ook wat die regspraak in die kerk nodig maak, soos wat hierbo in die besware gesê is nie; dit is 'n eenvoudige noodsaaklikheid vanuit die feit dat die kerk die reg van God in die kerk moet handhaaf en moet vasstel of die reg van God geskonde is of nie, en of die broeder werklik die saak met Christus reggemaak het of nie. Dit is alles goed en wel om te sê dat 'n kerklike tugproses nie nodig is as 'n persoon sê dat hy vergiffenis van sy sonde gekry het nie, en die kerk gaan ook van die

standpunt uit dat alle tug ophou op die oomblik as die skuldige persoon berou toon, sy sonde bely en vergiffenis daarvoor soek. Maar hoe sal die kerk kan vasstel of dit so is, as hy nie ten minste daarvoor (by wyse van proses, hoe eenvoudig dan ook) met die betrokke broeder onderhandel het nie? En hoe moet die kerk nou maak as die broeder wel sê dat hy vergiffenis ontvang het, maar hy volhard in die kwaad? Nee, dit is volstrek noodsaaklik dat die kerk die reg van God in die gemeente sal handhaaf óók deur regspraak — daarby sal ons nie verby kan kom met watter argumente oor die kerk as plek van liefde dan ook nie. Die saak waaroor dit egter gaan, is dat die regspraak nie regspraak in die sin van die wêreldse regspraak is nie. Die persone wat die saak ondersoek en hanteer, is nie wêreldse regters wat moet toesien dat die landswet gehandhaaf word en wat straf moet uitdeel aan die skuldiges, sodat die reg sy loop kan hê en die geskonde reg herstel kan word nie. Die persone wat die regspraak in die kerk hanteer, is medebroeders, herders van die kudde wat met diepe liefde en tere harte bewoë is oor die eer van God en die geestelike heil van die betrokke persone. Hulle moet soek na wat die waarheid in verband met die saak is, dog nie om die regte mate van straf te kan oplê nie, maar om die nood van die broeders te leer verstaan en dan soveel dringender by hulle te pleit om tog af te sien van die verkeerde weg. Die tug van die kerk is dus deur en deur geestelik van aard. Wie dit nie wil toestem nie, verstaan nie die karakter van die tug nie.

Die geestelike karakter van die tug kom ook nog daarin uit dat die tug, verre daarvandaan dat dit vergelding op die oog sou hê, deur en deur pedagogies van aard is. Die kerk probeer om die afgedwaalde skaap - al gaan dit dan uit noodsaak ook gepaard met regspraak en prosesse - deur die tug na die kudde terug te lei. Die beswil van die skuldige word gesoek deur hom te

herinner aan wat hy op grond van sy belydenis in Christus is, en hy word vermaan om daarheen terug te keer en daaruit te gaan lewe. God het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe, en dit kom in die kerklike tug ook aan die lig. Die kerklike tug kan dan ook veel beter vergelyk word met die tug wat 'n vader in sy huis handhaaf ter wille van die opvoeding van sy kinders, as met die straf van die wêreldlike hof.

IV

In die besware wat aan die begin van hierdie hoofstuk teen die kerklike tug aangevoer is, is daar veel gemaak van *die geduld van God* met die sondaar as 'n argument teen die handhawing van die tug deur die kerk. Dit is noodsaaklik dat ons nou ook daarop effens breedvoeriger ingaan.

Die Bybel leer ons God inderdaad ken as 'n geduldige God wat nie haastig is om die goddelose te vernietig nie, maar aan hom tyd gee om hom te bekeer. Die mens is soms so haastig, hy wil so graag sien dat die goddelose gestraf word en dat die regverdige beloon word (vgl. Ps. 37 en 73). Maar God is geduldig en lankmoedig. Petrus herinner die gemeente daaraan dat God nie Sy beloftes vertraag nie, maar dat Hy lankmoedig is en nie wil hê dat sommige verlore moet gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom (1 Pet. 3 : 9). Om die rede laat God dan ook toe dat die slegte saad saam met die goeie saad op die akker groei tot by die voleinding (Matt. 13 : 29 - 30); om die rede luister die landbouer na die pleitstem van die tuinier as hy vra dat selfs die onvrugbare vyeboom nog een jaar gespaar moet word (Luk. 13 : 6-9). As die Bybel ons vertel van Gods onderhandelinge met mense in hul halsstarrigheid - dink maar aan die boek Jona – dan besef ons dat Gods geduld 'n werklikheid is waaraan

ons alles te danke het. Dit is Gods geduld dat Hy nog by die deur staan en klop nieteenstaande die deur geslote bly; dat Hy Sy son laat opgaan oor regverdiges en onregverdiges en Sy goedheid aan alle mense betoon, sodat hulle tot bekering gelei mag word.

Maar nou is die wonderlike van Gods geduld juis dit, dat dit nie maar 'n *passiewe geduld* is nie. Gods liefde laat die mens nie maar geduldig aan homself oor sonder om iets te doen om die mens wat van Hom afgedwaal het, terug te roep nie. God stel nie maar die oordeel uit sonder dat Hy iets daaraan doen dat die uitstel vir die sondaar tot voordeel moet wees nie. Gods geduld is *doelgerig*, dit is nie blote uitstel van die oordeel nie, dis ook nie maar net 'n swakke verdra van die sondaar omdat God nie anders kan nie. Gods geduld is vól van die genadige drang van Sy liefde dat die mens hom moet bekeer en lewe. *Daarom laat God Hom in Sy geduld nie onbetuig aan die sondaar nie.* Die tyd van Gods verdraagsaamheid, die tyd van Gods geduld is 'n tyd van genadige heilsaanbod, dis 'n tyd met 'n duidelike prediking. God klop in die tyd van Sy geduld aan die deur. Hy bemoei Hom met die mens. Ook die onvrugbare vyeboom wat nog een jaar gespaar word, word in dié jaar nie aan sy lot oorgelaat nie. Daar word om hom gespit en bemesting gegooi, sodat hy daardeur tog beweeg kan word om vrug te dra. Gods geduld is daar om aan die mens nog eens die geleentheid te gee om Sy uitnodiging te hoor, sodat hy kan kom na die lewende water.

Wie kan ooit Gods geduld met die arme, sondige kerklidmaat peil! Wie sal ooit weet hoeveel keer God in die tydperk van Sy geduld by die sondaar pleit om terug te keer! En as die kerk die geduld van God reg begryp, sal die kerk vanself ook groot geduld betoon teenoor sy sondige lede. Tot hierdie geduld met die swakkere broeders is die kerk geroepe. Maar as die kerk die geduld van God goed begryp, sal hy ook

begryp dat God in Sy geduld hom voortdurend inlaat met die dwalende broeders en dat die kerk met sy werksaamheid een van die middele is wat God wil gebruik om in die tyd van sy geduld tot die onboetvaardige te spreek. As die kerk dit verstaan, sal hy dit ook as sy roeping aanvaar om in die prediking en die daaglikse vermaning, *maar ook in die toepassing van die tug*, die sondige broeder terug te roep tot die fonteine van heil.

Ewemin as wat God in Sy geduld passief teenoor die sondaar bly en hom aan sy lot oorlaat - wat sou so 'n geduld dan immers baat? - mag die kerk in sy geduld met die swakkere broeders passief bly. Gods geduld is vol van die oproep tot bekering, en so moet die geduld van die kerk met die swakkere broeder gedra word deur die liefde vir die heil van die sondaar en dus alles wat moontlik is in werking stel om die sondaar te beweeg om hom te bekeer. Die tug is juis daar om aan die tugwaardige lidmaat te laat verstaan dat die kerk nog in hom belang stel en sy geestelike welsyn nog op die hart dra. As die kerk sy ongehoorsame kinders links sou laat lê, sou dit geen teken van geduld wees nie, maar juis van ongeduld, omdat dit sou neerkom op 'n ongeduldige afsien van die moeisame gesukkel met die halsstarriges.

Die toepassing van die tug is dus geen teken van ongeduld en onverdraagsaamheid nie. Die tug is eenvoudig nie daar om ontslae te raak van lastige lidmate of om mense in die pad te steek nie. As dit die bedoeling van die tug was, sou die tug inderdaad liefdeloos gewees het. Die tug is egter net vir die teenoorgestelde daar, naamlik om die afgedwaalde broeder te probeer behou vir Christus en die kerk. Die tug se nooit : Gee tog pad uit die kerk uit, want ons het jou nie nodig nie! Die tug sê altyd : Kom tog nader aan die kerk, broeder, want die liefde van ons hart dring ons om jou nie los te laat nie! Die tug sê: Kom staan tog hier

langs ons in die stryd teen die magte van die duisternis en laat jou nie langer gebruik as 'n middel in die stryd teen Christus en Sy koninkryk nie! Selfs die laaste akte van die tug, naamlik die afsnyding, is nie bedoel om die persoon wat afgesny word, van die kerk weg te stuur nie, maar is bedoel as 'n “laaste geneesmiddel” wat aangewend word om die sondaar terug te roep. Dit bestaan daarin, dat aan hierdie persoon onomwonde gesê word dat sy volharding in die kwaad openbaar dat hy nie in die kerk tuis hoort nie, en dat die kerk dit met groot smart moet aanvaar dat hy hom nie deur die Koning van die kerk wil laat regeer nie en dus homself van die kerk afgeskei het deur sy sondige weg. Die gebed van die kerk is daarby dat dit die broeder mag beweeg tot nadenke, tot berou en bekering. So lui die formuliergebed by die afsnyding dan ook : “Gee dat die afgesnedene beskaam mag word oor sy sondes. En aangesien U geen behae het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe, en die kerk altyd oop staan vir die wat terugkeer - laat dan tog 'n goeie ywer in ons ontvlam, sodat ons met goeie Christelike vermaninge en voorbeelde kan streef om hierdie afgesnede persoon sowel as al diegene wat deur ongeloof of 'n roekelose lewe afdwaal, weer op die regte pad te bring.” Die kerk wil dus nie deur die tug te kenne gee dat daar 'n stadium kom waarop sy geduld met die sondaar opraak, en waarop hy hom dus maar geriefshalwe van hom afmaak deur hom af te sny nie. Nee, ook na die afsnyding bly die persoon voorwerp van gebed en bearbeiding. Die kerk moet deur sy tughandeling heen bereid wees om tot die laaste met die sondige broeder mee te gaan en hom voortdurend te konfronteer met die wenkende liefde van die Here.

Daarmee het ons dan weer uitgekome by wat ons hierbo genoem het die pedagogiese aard van die tug. Dit is juis die geduld van die kerk met die sondaar wat tot openbaring moet kom in sy tughandeling, met

die oog daarop om die broeder wat afdwaal te probeer beweeg om terug te kom. In dié lig gesien, is die benaming *tug* vir hierdie handeling van die kerk tekenend en verhelderend. Die woord *tug* is afgelei van die Middel-Nederlandse woord *tien*, wat *trek* en ook *opvoed* beteken, en dit dui oorspronklik die daad aan waarmee iets wat jonk en teer is, met sorg opgekweek word. Omdat die opkwekingsproses by mense altyd gepaard gaan met abnormale ontwikkeling en verkeerde groei, kry die woord *tug* ook die betekenis van tereg wysing of kastyding. Die idee van straf of vergelding is aan die woord ten ene male vreemd. Altyd staan daarin die gedagte op die voorgrond dat daar opgekweek word, en dat daar in die opkwekingsproses tereg gewys word, maar dit alles met die oog op die beswil van die betrokke persoon. In die begrip *tug* lê daar dus opgesluit die moeisame besig-wees met die betrokke persoon met die oog op sy beswil. Wie die *tug* so leer verstaan het, sal nooit kan sê dat die kerk deur sy tugoefening ongeduld aan die dag lê en daardeur bewys dat hy maar liever van die betrokke persone ontslae wil raak, en dat die kerk nie werklik hulle beswil soek nie.

*

Ons wil ten slotte nog ingaan op die beswaar dat die tugoefening van die kerk uit 'n taktiese standpunt onjuis is, dat dit noodwendig aanstoot moet gee, dat dit nog nooit 'n siel gered het nie, en dat dit veel beter sou gewees het as die kerk liever op 'n begrypende en taktvolle wyse met sy ongehoorsame kinders omgegaan het en hulle liever geëwangeliseer het, as om hulle met die *tug* te probeer dreig.

Hieroor wil ons in die eerste plaas net sê dat as Christus die *tug* vir Sy kerk verorden het, Hy seker tog goed genoeg geweet het of dit sielkundig die juiste middel is of nie. Afgesien daarvan leer die praktyk egter

dat die tug sielkundig nie so verkeerd is as wat voorgegee word nie. Dit is altyd so dat ons maar op Gods Woord kan handel en dan vind dat dit in die praktyk ook werk. Dit is natuurlik moontlik dat die tug in die kerk met 'n verkeerde gesindheid beoefen kan word - waarop ons hoop om in die volgende hoofstuk terug te kom - en dat mense dan kan voel dat hulle op 'n liefdelose wyse beskinder en gemy word. In so 'n geval lê die fout egter nie by die tug as sodanig nie, ook nie by die sielkundige waarde wat die tugoefening mag hê nie, maar die fout lê by die sondigheid van die kerklidmaat. In beginsel is dit egter so dat die tugoefening volkome rekening hou met die sielkundige wyse waarop teenoor 'n dwalende persoon opgetree moet word. Wanneer die kerk die afgedwaalde persoon op die regte wyse in liefde en met ootmoed benader en hom laat voel dat die hele bemoeienis van die kerk met hom nie 'n saak van vervolgsugtigheid of veroordeling is nie, maar 'n saak van belangstelling in sy geestelike heil, dan sal dit hom eerder beweeg om respek te hê vir die optrede van die kerk as om aanstoot daaraan te neem. Neem hy egter tog aanstoot, kan dit natuurlik óf wees dat die kerk nie meer die geestelike klimaat besit waarin tug moontlik is nie, óf dat die ampsdraers as persone verkeerd teenoor hom opgetree het, óf dat daar in sy hart werklik geen berou oor sy sonde is nie, en dat hy dus maar 'n uitvlug soek om van die lastige belangstelling van die kerk ontslae te raak. Aan die tug as sodanig kan die aanstoot egter nie as 'n noodwendige gevolg vasgeheg word nie. Dit is natuurlik vir geen mens aangenaam om op jou oortredinge gewys te word nie, en veral die oue mens in ons kom met groot geweld daarteen in opstand. As daar nou nog in 'n persoon ook nie eens sprake kan wees van 'n nuwe mens wat ten minste in beginsel al die heerskappy in hande het nie, dan kan daar maar baie maklik aanstoot geneem word. Dit onthef die kerk

egter nie van sy verantwoordelikheid om in alle eerlikheid met so 'n persoon oor sy geestelike beswil te onderhandel nie, al mag dit vir die persoon nie so aangenaam wees nie, want as die kerk hom *nou* die klein bietjie onaangenaamheid van 'n tughandeling wil spaar, mag die kerk dalk mede-aandadig daaraan wees dat hy eenmaal voor die regterstoel van God in 'n oneindige onaangenaamheid mag beland! Daarom mag die kerk nooit ter wille van die begeerte om vir die mens aangenaam te wees of ter wille van die vrees om aan die mens aanstoot te gee, hom die voorreg ontnem om te weet dat sy weg 'n weg van die dood is nie.

Dat die kerk daarby die verpligting het om alles in sy vermoë te doen om taktvol teenoor so 'n persoon op te tree en langs hom te gaan sit en hom te laat sien dat ons hom werklik probeer verstaan in sy swakheid en stryd, spreek vanself. Dit is vir ons inderdaad tot voorbeeld dat Christus met die tollenaars en sondaars saamgeëet het en dat Paulus vir almal alles geword het om ten minste sommige van hulle te red. Ons moet ook die kuns leer om die sondaar te laat verstaan dat ons nie beter as hy is nie en dat ons self ook nie sonder sonde en swakheid is nie. Maar dit alles mag tog nie beteken dat die kerk nie ook daadwerklik die erns van sy toestand aan hom duidelik maak en hom oproep om terug te keer nie. Takt sonder tug was buitendien ook nooit die weg van Jesus of van Paulus nie. Jesus het wel met die tollenaars saamgeëet, maar Hy het hulle daarom nie onbekend gelaat met Sy wete dat hulle verlore is en dat hulle hul moet bekeer nie (vgl. Luk. 19 : 9-10). Paulus het ook nie in sy taktvolle optrede sover gegaan dat hy kans gesien het dat die hoereerder van Korinthe maar aan die Awendmaalstafel kan gaan sit sonder meer nie! Takt en tug hoort bymekaar, dit is waar. Maar tug sonder takt of takt sonder tug is albei gevaarlik, die laaste nog meer as die eerste!

In die tweede plaas wil ons 'n geweldige vraagteken plaas agter die opmerking dat die kerklike tug nog nooit daartoe meegewerk het dat 'n siel gered is nie. Dit mag miskien waar wees dat ons kerk nog so min van die egte klimaat vir die tugoefening oor het dat 'n mens nie so dikwels hoor van siele wat deur die tugoefening vir Christus gewin is nie, net maar altyd van mense wat seergekry het en die kerk verlaat het. Tog behoort dit nie so te wees nie en die praktyk bewys ook dat dit nie so is nie. Waar is daar al ooit in 'n gemeente met werklike erns 'n begin gemaak met die konsekwente handhawing van die tug, sonder dat die seën van die Here daarop gerus het? Al weet die beswaarmakers teen die tug nie altyd daarvan nie, deur die tug is al meer as een teruggelei na die kerk, en van daar na Christus. Ons het langsamerhand so oorgeestelik begin dink, dat ons niks meer verwag van iets soos die tug nie, maar die Here het tog Sy beloftes gegee aan diegene wat erns maak met Sy Woord en wil, en daarom kan die tug nooit sonder seën wees nie. Dit is maklik om maar te sê dat die tugoefening die moderne mens nie meer sal raak nie, en dat dit hom maar net sal sterk in sy kritiek teen die kerk, maar is dit nou op feite gebaseer, of is dit maar net 'n waarskynlike gedagte? Dit mag gebeur dat daar baie mense deur die tug van die kerk vervreemd sal word, maar die kerk mag daarvan oortuig wees dat dit diegene is wat eintlik nog nooit deel van die kerk was nie. Op diegene wat werklik by die kerk hoort en in wie se harte daar 'n genadewerk van God begin is, sal die tug altyd 'n gunstige uitwerking hê. Al is dit miskien nie aanvanklik duidelik nie, op die lange duur sal dit openbaar word. God word nooit Sy Woord ontrou nie, en die kerk mag stellig daarop bou dat daar van sy tugoefening in gehoorsaamheid aan die Woord van God 'n klemmende oproep tot siele sal uitgaan, 'n oproep

wat deur die Heilige Gees self in die harte hoorbaar gemaak sal word!

Ons sluit af met 'n derde opmerking. Tug en evangelisasie staan nie teenoor mekaar nie, maar vul mekaar aan. Afgesien daarvan dat dit 'n onjuiste gebruik van die term *evangelisasie* is as daarmee aangedui word dat die kerk sy eie ongehoorsame lidmate intensiewer behoort te bearbei (die term evangelisasie dui immers aan die bearbeiding van diegene wat lidmate van die kerk was, maar dit nie meer is nie), is dit verkeerd om evangelisasie of intensiewe bearbeiding en tug teen mekaar af te speel. Die tug behoort 'n integrerende deel te wees van die intensiewe bearbeiding van sy lidmate deur die kerk. Die lidmate moet van die kerk leer verstaan dat daar 'n erns in sit dat die kerk met hom besig is, en die erns word in die tug openbaar. 'n Mens kan nie maar lidmaat van die kerk wees, ondanks al die bearbeiding van die kerk, en jou gans en al afsydig van die kerk hou nie. Daar moet 'n grens wees aan die bearbeiding van die kerk, nie 'n grens waar die bearbeiding ophou nie, maar 'n grens waar die bearbeiding 'n nuwe stadium ingaan : die stadium van die tug. As iemand dan eenmaal buite die kerk is, goed, laat dan die ware evangelisasie in al sy krag op hom toeslaan, maar solank as wat hy nog 'n lidmaat van die kerk is, is hy geen voorwerp van evangelisasie nie, maar van intensiewe bearbeiding, en as *dit* geen effek het nie, dan 'n voorwerp van tug. Alleen só kan ons weer uitkom by die juiste begrip van wat die kerk is (vgl. hoofstuk twee), alleen so kan ons weer uitkom by die bewaring van die heiligheid van die gemeente (vgl. hoofstuk drie), en alleen so kan die kerk aan die afgedwaalde lidmate laat verstaan dat Gods liefde 'n heilige liefde is, dat Gods geduld 'n geduld is wat hom ruimte gee vir bekering en dat die kerk begerig is dat hy ten volle uit die genade van Christus moet lewe (hoofstuk vier).

Ons het in hierdie hoofstuk probeer aantoon dat die tug nie in stryd is met die liefde nie, maar dat die liefde eerder die tug eis. Ons het probeer aantoon dat die kerk nie iets doen wat in stryd is met sy wese as liefdesgemeenskap as hy tug toepas nie, maar dat die kerk daardeur juis bewys dat sy liefde eg en sterk is en nie 'n liefde wat nie aan die eis van Gods reg kan voldoen nie. Ons het probeer aantoon dat die tugoefening van die kerk nie in stryd is met sy roeping om die sondaar in geduld en lankmoedigheid te verdra nie, maar eerder 'n bewys daarvan is dat die kerk werklik belang stel in die geestelike welsyn van sy dwalende lidmate en dat hy die moed het om met hulle die moeisame weg van die tug te gaan ten einde hulle op te roep tot bekering. Mag die Koning van die kerk ons liefde eg en suiwer, geduldig en eerlik maak, sodat hy in staat kan wees tot die uitvoering van die wil van God tot heil van arme, dwalende broeders!

KERKLIKE TUG EN GEMEENSKAP

I

IN die voorafgaande drie hoofstukke het ons stilgestaan by die vernaamste besware teen die kerklike tug wat in die algemeen gehoor kan word. Dit was noodsaaklik om uitvoerig daarop in te gaan, aangesien die besware 'n geweldige rol in die kerklike lewe speel en in meer as een hart 'n onoorwinlike antipatie teen die kerklike tug help verdedig.

Ons het probeer om die besware na die beste van ons vermoë te beantwoord, Tog moet niemand dink dat ons klaar sou wees met alle probleme wat die uitoefening van die tug in die weg staan, as ons op al die besware selfs in so 'n mate kon antwoord, dat dit vir almal duidelik moet wees dat die saak wat ons verdedig, Skriftuurlik is nie. Die grootste belemmering vir die uitoefening van die tug is immers nie die min of meer teoretiese bedenkinge wat daarteen ingebring word nie, maar die praktiese beswaar *dat daar in die kerk nie die regte geestelike klimaat vir die uitoefening van die tug bestaan nie*. Selfs al sou ons alle teoretiese besware afdoende kon weerlê, kan dit nog maklik gebeur dat die kerk in sy geheel daarvan kennis kan neem en alles wat ons gesê het, teoreties kan toestem, sonder dat daar 'n steek meer aan die tug gedoen word as tevore toe dit gelyk het of allerlei bedenkinge met goeie reg teen die tugoefening aangevoer kan word. Want na alle teoretiese bedenkinge verwyder is, kan daar nog in die kerk so 'n treurige geestelike ingesonkenheid heers, dat die lus, moed en krag vir die uitoefening van

die tug net eenvoudig ontbreek. Wanneer dit met die geestelike lewe in die kerk wel is, sal die tug in die kerk nie verdedig hoef te word nie, omdat dit vanself as 'n noodsaaklikheid aangevoel sal word. Dan sal daar maar min ruimte vir besware teen die tug wees. Dit is egter juis wanneer die geestelike lewe van die kerk tot 'n laagtepunt gedaal het dat die gemeente 'n vrugbare bodem bied vir allerlei besware teen die tug om op te skier en welig te tier. Met die besware wat dan teen die tug opgewerp word, word daar dan op so 'n manier geskerm dat die indruk gewek word dat die tug nagelaat word omdat dit mense van die kerk wegdryf of omdat dit liefdeloos is en skynheiligheid in die hand werk. In werklikheid word daarmee maar net verberg dat die kerk die tug nalaat, omdat sy geestelike lewe van so 'n aard is dat hy nie meer in staat is om tug te handhaaf nie.

Ons staan hier voor 'n verootmoedigende waarheid wat ons laat besef dat daar probleme aan 'n geslaagde en doeltreffende beoefening van die tug verbonde is, wat nie met 'n handomdraai verwyder sal kan word nie. Waar tug toegepas word sonder die juiste geestelike klimaat, moet dit noodwendig uitloop op die kweek van skynheilige selfverheffing by diegene wat nie onder die tug staan nie, sal dit in die reël gepaard gaan met liefdelose veroordeling en beswadding van mekaar, en sal daar gevolglik mense van die kerk vervreem word wat nie van die kerk vervreem moet word nie, omdat hulle werklik kinders van die Here is en dus by die kerk hoort. Waar die regte geestelike klimaat wat vir die tugoefening nodig is, ontbreek, ontstaan daar al gou 'n atmosfeer waarbinne die tugoefening feitlik onmoontlik gemaak word en in elk geval ondoeltreffend moet wees, omdat dit as 'n geweldige openbare skande aangevoel word as iemand onder die tug kom, wat feitlik daarop neerkom dat die persoon voëlvry verklaar is om beskinder en beskimp te word deur almal. Die

grootste rede vir die verval van die tug in die Reformatoriese kerke is die gebrek aan 'n sterk, gesonde geestelike lewe. En in die klimaat van geestelike ingesonkenheid van die kerk kan die tug baie maklik net die teenoorgestelde effek hê as wat die bedoeling daarvan is. Tug as sodanig kan nie lewe wek nie. Dit is 'n vrug van gesonde lewe. As die kerk nie eers deur die Gees van God verlewendig word nie, sal die tug altyd iets vreemds aan die kerk bly en sal enige poging om die tugoefening van bo af weer in die kerk in te voer, tot mislukking gedoem wees.

Dit is 'n verootmoedigende waarheid. Goddank, hierdie waarheid hoef ons egter nie tot moedeloosheid te bring nie. Wie moedeloos sou word, sou daarmee blyke gee van kleingeloof, sou daarmee blyke gee dat hy die Heilige Gees nie meer vertrou nie en dat hy nie meer glo in die verhoring van die gebed nie. Wanneer die kerk steeds biddende bly om verlewending deur die Gees van God, sal die antwoord nie kan uitbly nie. Die kerk sal dan losgemaak word van sy bande wat hom bind en hom tot onvrugbaarheid, lamheid en doodsheid bring. Waar dit ook in ons eie Nederduitse Gereformeerde Kerk die geval is dat die gebrek aan werklike geestelike lewe ons daarvan weerhou om op te staan tot die verantwoordelike vervulling van ons roeping as kerk ook teenoor “die broeder wat sondig”, mag ons met vrymoedigheid bly hoop op die genade van God wat ons weer lewendig sal maak na Sy Woord. Gelukkig sien ons al oral heerlike tekens van ontwaking met betrekking tot hierdie dinge. Mag daar in ons kerk ook 'n geslag opstaan wat die geestelike krag sal hê om weer kerk te wees in die volle, heerlike sin van die woord, met die moed daarby om ook die derde kenmerk van die ware kerk, naamlik die handhawing van die kerklike tug, ten volle tot openbaring te laat kom!

*

Ons spreek oor die juiste geestelike klimaat vir die uitoefening van die tug in die kerk. Waarin bestaan hierdie klimaat? Ons kan dit met een woord aangee : *gemeenskap*. Waar die ware, bloed-warme gemeenskap in die kerk ontbreek, is alle tugoefening feitlik gedoem tot mislukking; waar dit wel bestaan, is tugoefening spontaan en doeltreffend.

Ons het hierdie saak reeds in hoofstuk I aangeraak toe ons daarop gewys het dat die kerk die liggaam van Christus genoem word, en dat daarmee onder andere ook aangedui word dat die lidmate van die kerk mekaar se lede is (Ef. 4 : 25; 1 Kor. 12 : 27), dat hulle as gevolg daarvan in 'n innige gemeenskapsverband met mekaar gestel is en vir mekaar verantwoordelikheid dra. Die uitdrukking “een liggaam” wat meermale deur Paulus gebruik word om die onderlinge eenheid van die gelowiges aan te dui (vgl. 1 Kor. 10 : 17; Ef. 2 : 16; 4 : 4), is 'n uitdrukking wat in die tyd van Paulus dikwels in die algemene spraakgebruik en in die profane literatuur voorgekom het. Daarmee is dan aangedui dat 'n aantal persone op 'n organiese wyse verenig is, soos wat die lede van die liggaam saam een organisme vorm. As Paulus van die kerk as die een liggaam van Christus praat, dan dui hy daarmee aan dat die verskillende gelowiges, deur hulle eenheid met Christus, ook onderling een is op so 'n innige wyse, dat hulle van mekaar afhanklik is en vir mekaar verantwoordelik is, met mekaar gemeenskap het en mekaar dra. Hulle staan nie los van mekaar, sodat hulle skouerophalend by mekaar verby kan gaan nie. Of die lede nou Jode of Grieke is, slawe of vrymanne, hulle is almal in Christus één (1 Kor. 12 : 12-13; Gal. 3 : 28). Hulle is almal deur dieselfde Gees in Christus ingeplant en met dieselfde Gees deurdronge (1 Kor. 12 : 13), hulle het tesame maar een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal wat oor almal en deur almal en in almal is (Ef. 4 : 5-6). Hulle eenheid

is nie gebaseer op hul eie toenadering tot mekaar of op hul eie besluit om by mekaar te bly en mekaar te ondersteun nie. Hulle eenheid is 'n wesenlike eenheid, omdat dit God self is wat deur Sy Gees in hulle woon en hulle aan mekaar vasbind. Die Gees kan immers nie verdeel word nie, en daarom bind Hy almal in wie Hy woon, op 'n Goddelike wyse saam. Waar die eenheid gemis word, daar word die Gees kennelik weerstaan en heers die vleeslikheid van die oue mens (vgl. 1 Kor. 3 : 3). Waar die Gees van Christus egter woon en werk, daar verbind Hy die vele lede van die liggaam van Christus onweerstaanbaar saam in 'n hegte, innige gemeenskap. Nie verniet word onder die vrug van die Gees in Gal. 5 : 22 so pertinent gespreek oor die liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing nie - dit is almal deugde waarsonder die onderlinge gemeenskap nie kan bloei nie. Waar die vrug van die vlees is, daar is aan die ander kant altyd weer vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap (Gal. 5 : 20) - almal dinge wat geen ruimte laat vir ware eenheid en gemeenskap nie, maar intendeel alle tekens van gemeenskap uitwis. Na die uitstorting van die Heilige Gees was daar in die Geesvervulde eerste gemeente 'n onweerstaanbare drang na gemeenskap wat selfs so ver gegaan het dat die natuurlike hebsug uit hulle harte verdring kon word, en hulle op 'n spontane wyse in gemeenskap van goedere gelewe het (vgl. Hand. 4 : 32).

Dit is dan ook tekenend dat van die vroegste tye af van die kerk gepraat is as die *gemeenskap van die heiliges*. As ons aan die Heidelbergse Kategismus gaan vra wat ons onder die uitdrukking moet verstaan, dan wys hy ons baie duidelik daarop dat dit die gemeenskap van mense is wat almal saam en elkeen afsonderlik deel aan Christus en al Sy skatte en gawes het, en dat elkeen van hulle dus moet weet “dat hy skuldig is

om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend” (Vraag 55). Merkwaardig is dit dat die woord *skuldig* in hierdie verband gebruik word : die gelowiges skuld mekaar gemeenskap, hulle is verplig om mekaar te dien en te dra, omdat hulle almal saam elkeen afsonderlik deur Christus met Sy kruisdood gedien en deur Sy Gees gedra word. Hulle het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar, met name vir mekaar se saligheid. Nie alleen het hulle dus die roeping om mekaar in liefde te verdra nie (Ef. 4 : 2), maar ook om mekaar se laste te dra, wat kennelik beteken : mekaar se geestelike laste (Gal. 6 : 1-2). As Paulus die Galasiërs daartoe opwek om mekaar se laste te dra, dan doen hy dit juis in verband daarmee dat hy die gelowiges opwek om iemand wat deur een of ander misdaad oorval word, reg te help in die gees van sagmoedigheid (Gal. 6 : 1). Ook vir mekaar se sonde moet die lede dus 'n ope oog hê en daarin hulle gemeenskap met mekaar openbaar, dat hulle mekaar nie alleen laat met hulle sonde nie, maar saam stry teen die sonde en saam dra aan die laste van versoeking en nederlae. Ons het in hoofstuk I daarop gewys hoe hierdie gedagte ook opgesluit lê in Matt. 18 - 15 vv. Ons kom weer later daarop terug.

Die lidmate van die kerk staan met mekaar in gemeenskap soos broers en susters uit dieselfde huisgesin. Dat hulle mekaar as broers en susters aanspreek, mag nooit word tot 'n blote formaliteit nie, want hulle almal is broers en susters van Christus Jesus (Hebr. 2 : 11) en daarom lede van die huisgesin van God die Vader (Ef. 2 : 19). Soos broers en susters innig verbonde is, so moet die huisgenote van die geloof (Gal. 6 : 10) ook verbonde wees, veral wanneer dit gaan om mekaar se geestelike heil. Soos in 'n aardse gesin die vader en moeder en al die kinders nie sal kan gaan slaap as een van die kinders op 'n sekere aand nie op die gewone tyd tuis kom nie, maar die vader en moeder

alles in werking sal stel om hom te soek, so moet die medegelowiges ook nooit tevrede daarmee wees om mekaar te laat afdwaal en verdwaal nie. Die drang van die liefde moet so sterk wees dat hulle dit net nie sal regkry om dit te doen nie.

Dit is om hierdie rede dat die Nuwe Testament ook soveel praat oor die onderlinge liefde wat daar tussen die gelowiges moet wees. Jesus self sê aan Sy dissipels dat Hy hulle 'n nuwe gebod gee, naamlik dat hulle mekaar moet liefhê, soos Hy hulle liefgehad het (Joh. 13 : 34). Hy bid dat hulle een mag wees soos Hy en die Vader een is, en dat die liefde waarmee die Vader Hom liefgehad het, in hulle mag bly (Joh. 17 : 21, 26). Veral die apostel Johannes het so duidelik verstaan watter tere onderlinge liefde Christus by Sy dissipels verlang. In sy eerste sendbrief bly hy maar op die onderlinge broederliefde wys. As God ons so liefgehad het, sê hy, behoort ons ook mekaar lief te hê (1 Joh. 4 : 11). As ons mekaar liefhet, bly God in ons, maar as iemand sê dat hy God liefhet, terwyl hy tog sy broeder haat, is hy 'n leuenaar (1 Joh. 4 : 12, 20). Hy word maar nie moeg om te wys op die samehang wat daar is tussen die liefde vir God en die liefde vir die broeders nie (1 Joh. 2 : 7-11; 5 : 2, ens.). As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar (1 Joh. 1 : 7). Paulus praat in Rom. 5 : 5 daarvan dat die liefde van God in ons hart uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. As God Sy liefde in ons hart uitgestort het, dan kan God ook met reg van ons verwag dat ons mekaar moet liefhê. Paulus kom dan ook in hoofstuk 13 van die brief aan die Romeine op die liefde vir mekaar terug, en vermaan die gelowiges om aan mekaar niks verskuldig te wees nie, behalwe om mekaar lief te hê, aangesien die liefde die vervulling is van Gods wet (Rom. 13 : 8-10).

Rondom die Awendmaalstafel belewe die gemeente

telkens weer hierdie eenheid van hom (1 Kor. 10 : 17) en word daar ook weer telkens opgeroep om die eenheid uit te lewe in 'n daadwerklike wandel in liefde teenoor mekaar. Mooi wys die formulier vir die Nagmaal ons daarop dat die lidmate van die kerk om die Awendmaalstafel moet beseft dat hulle met mekaar in waaragtige broederliefde saamverbind moet wees tot 'n hegte eenheid, net soos die brood wat hulle eet, 'n hegte eenheid is wat ontstaan het deur die samevoeging van baie graankorrels, en die wyn wat hulle drink, een drank is wat gevorm is deur die pars van baie druiwekorrels. Wanneer die gemeente aan die tafel van die Here aansit, verklaar hy dan ook daarmee dat hy sonder enige geveinsdheid van hart alle vyandskap, haat en nyd wil aflê, en 'n ernstige voorneme het om in waaragtige eensgesindheid met mekaar te lewe. Die eerste Christelike gemeentes het hierdie dinge veel meer as werklikhede ondervind en belewe as wat dit by ons die geval is. Vir hulle was die groet met die heilige broederkus (Rom. 16 : 16; 1 Kor. 16 : 20; 2 Kor. 13 : 12; 1 Thess. 5 : 26; 1 Pet. 5 : 14) uiting van opregte gemeenskap met mekaar en liefde vir mekaar. Met hulle spontane liefde vir mekaar en hulle gemeenskap met mekaar het die eerste Christene dan ook 'n diepe indruk gemaak in die wêreld van hulle dag.

Dit is natuurlik baie moeilik om presies te ontleed wat *gemeenskap* alles inhou. Dit hou egter minstens drie dinge in. In die eerste plaas kan daar geen gemeenskap wees waar daar afstand is nie. Gemeenskap kan alleen plaasvind waar diegene wat gemeenskap beoefen, bymekaar is. In die kerk kan daar alleen werklik gemeenskap wees, as die kerk sy eenheid verstaan en belewe en geestelik bymekaar is in liefde. In die tweede plaas kan daar alleen gemeenskap wees as daar 'n wedersydse selfmededeling plaasvind tussen die partye wat gemeenskap moet hou. Ook in die gemeente

kan daar alleen ware geestelike gemeenskap wees, as die lidmate vir mekaar oop is en bereid is om hulle aan mekaar te gee in liefde, diens en onderlinge verantwoordelikheid, om teenoor mekaar hulle harte eerlik oop te maak, hulle sondes te bely en hulle probleme en worstelinge vir mekaar bloot te lê. In die derde plaas kan daar alleen gemeenskap wees as daar 'n wedersydse aanvaarding van mekaar is deur die partye wat gemeenskap moet hou. Ook in die kerk kan daar geen ware geestelike gemeenskap wees as die lede mekaar nie aanvaar, vir mekaar instaan, mekaar opneem in hulle belangstelling en gebede en mekaar se laste dra nie. Die veronderstelling by elkeen van hierdie drie elemente van gemeenskap is die onderlinge liefde. Waar liefde is, daar kom gemeenskap altyd voort as sy edele vrug. Waar die liefde ontbreek, kan daar geen gemeenskap moontlik wees nie. Waar die liefde en gemeenskap albei teenwoordig is, daar is die regte geestelike klimaat in die gemeente teenwoordig vir die beoefening van die tug. Waar dit ontbreek, heers 'n vleeslike gesindheid, en daar is geen moontlikheid vir die tug nie.

*

Ons het die onderlinge gemeenskap in die gemeente die noodsaaklike geestelike klimaat genoem waarbinne die tugoefening moet geskied. Wat is egter die voorwaarde vir die bestaan van hierdie regte geestelike klimaat? Dit is eenvoudig : daar moet in die kerk ruimte wees vir die Heilige Gees. Waar die Gees van die liefde woon, daar is liefde en gemeenskap.

Die Heilige Gees is egter die Gees van Christus. Waar die verhouding tot Christus reg is, daar sal die Gees met Sy oorvloed heerskappy verkry. So waar as wat dit is dat dit die Heilige Gees is wat ons na Jesus lei deurdat Hy ons herinner aan alles wat Jesus gesê en gedoen het, so waar is dit egter ook dat wanneer

ons Jesus deur die geloof aangryp en ons aan Hom vasklem, die Gees in ons lewe al meer ruimte en heerskappy kry. Hoe meer heerskappy die Gees egter kry, hoe inniger verbind Hy ons aan Jesus. In hierdie heerlike sirkelgang van die Gees na Jesus en van Jesus na die Gees word die gelowiges gelei om van gedaante tot gedaante te verander asof deur die Here wat die Gees is (2 Kor. 3 : 18).

Waar hierdie innige eenheid met Christus deur die Heilige Gees en die vervuldheid met die Gees deur die eenheid met Christus in die kerk 'n werklikheid is, daar sal volop liefde en gemeenskap tussen die gelowiges onderling wees. Christus word immers in die Skrif die Hoof genoem van Sy liggaam, naamlik die gemeente (Ef. 1 : 22-23; 4 : 15; 5 : 23; Kol. I - 18; 2 : 19). Daardeur word die unieke eenheid tussen Christus en die kerk aangedui. As Christus die Hoof van Sy liggaam is, dan beteken dit dat die kerk, Sy liggaam, 'n deel van Christus is en Christus weer 'n deel van die kerk. Sonder die kerk kan Christus nie wees nie, so min as wat 'n hoof sonder 'n liggaam kan wees. Sonder Christus kan die kerk nie lewe nie, so min as wat 'n liggaam sonder hoof kan lewe. God het egter Christus en die kerk op die allerinnigste wyse saamgevoeg, soos liggaam en hoof, soos 'n wynstok en ranke, soos 'n bruidegom en bruid. Waar die kerk uit hierdie eenheid met Christus volop lewe, daar voer die Heilige Gees heerskappy, daar word die kerk na die beeld van Christus gevorm en daar moet ook as vanself 'n diepe, innige gemeenskap tussen die lede van die kerk gebore word. So min as wat Christus verdeel kan word (1 Kor. 1 : 13), so min kan die lede van Sy liggaam verdeel word as hulle werklik in Hom bly. Die kerk hoef nie te gaan soek na die rede waarom daar so min gemeenskapsin onder sy lede is nie. Die kerk mag aan homself rustig as antwoord gee dat dit voortkom uit

sy gebrek aan beleving van sy eenheid met Christus.

II

Waar die kerk lewe uit sy eenheid met sy Hoof, waar die Gees van Christus heerskappy voer onder die lede, daar kom dit tot 'n doeltreffende uitoefening van die onderlinge sorg van die lede van die liggaam vir mekaar, daar kom dit tot die wedersydse aanvaarding van mekaar en verantwoordelikheid vir mekaar, ook in mekaar se sondes en struikelinge, daar kom dit tot die tug. Daartoe is dit egter noodsaaklik dat elke lid van die liggaam sal doen waartoe hy geroep is. Die sorg van die lede vir mekaar kan nooit slegs die taak van een of twee lede wees nie, maar is 'n taak wat uit die gemeenskap van al die lede met mekaar opbloeit, en dus ook werklik al die lede raak.

Ons let in die eerste plaas op wat *Christus* doen. Ons het Hom hierbo immers in Sy innige eenheid met die kerk geteken en gesê dat Hy 'n deel van die kerk is soos die kerk ook weer 'n deel van Hom is. In Sy hoedanigheid as Hoof van Sy liggaam het Christus ook 'n verantwoordelikheid teenoor Sy liggaam, 'n verantwoordelikheid wat Hy Homself opgelê het en wat Hy in diepe liefde en trou nooit vergeet nie. Hierdie verantwoordelikheid van Christus vir Sy kerk sluit onder andere ook in dat Hy sorg dra vir die uitoefening van die tug in Sy kerk. In eintlike en mees radikale sin kan ons Christus die enigste bedienaar van die kerklike tug noem. Hy regeer oor Sy liggaam soos die hoof oor die liggaam regeer. Sy regering is die regering van die Middelaar wat van ewigheid af deur God gesalf is om vir Hom 'n volk tot die ewige lewe te verlos. Sy Naam is Christus, en die Naam Christus beteken na luid van die Heidelbergse Kategismus dat Hy deur God verordineer en met die

Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning. As Profeet het Hy aan Sy kerk die verborge raad van God aangaande ons saligheid kom verkondig; as Priester het Hy self aan die kruis gesterf as offerande om ons sonde te versoen en tree Hy nog daaglik vir ons in; as Koning regeer Hy oor Sy kerk deur Sy Woord en Gees en bewaar Hy Sy kerk by die verworwe verlossing (Heidelbergse Kategismus, vr. 31). Die gemeente het dus sy bestaan slegs in en deur Christus, sy Hoof. Hy het nie alleen die weg na die hemel vir ons gewys nie, maar Hy het ook die weg geopen deur Sy bloed heen. En op die weg beskut en bewaar en regeer Hy Sy kudde. Sy gebede omring hulle en dra hulle. Gedurig pleit Hy dat hulle geloof nie mag ophou nie, veral dan wanneer hulle in die sif van die Satan soos koring gesif word. As dwaling en leuen aan die poorte van die kerk kom klop, staan die gebede van Christus soos 'n skans om die kerk. As die Satan dwaalleraars aanblaas om die waarheid van die evangelie te vervals, dan waak Christus daarvoor dat die poorte van die doderyk Sy gemeente nie sal oorweldig nie. So laat Christus Homself vir ons teken in die inleiding op die sewe briewe aan die gemeentes in Klein-Asië (Openb. 1) as die Christus in Sy verheerliking, beklee met mag en majesteit, wandelende tussen die sewe goue kandelaars, dit is die sewe gemeentes, met die sewe sterre, dit is die sewe leraars van die gemeentes, in Sy hand. Vir geen oomblik laat Hy die gemeentes los nie. Hy let op hulle met tere liefde en aanvaar elke dag hulle probleme en stryd as die stryd van Sy koninkryk in hierdie wêreld. In al hulle benoudhede is Hy benoud (Jes. 63 : 9). Daarom spreek Hy met soveel erns oor die wantoestande in die gemeentes, of dit nou die harte is wat ongemerk teenoor God verkoel (Openb. 2 : 4; 3 : 15 vv.) en of valse leringe inkom in die gemeente (Openb. 2 : 14 vv.; 2 : 20). Hy vergeet die gemeentes

nooit en waak in Sy liefde en genade gedurigdeur oor hulle beswil.

Gedurigdeur oefen Christus deur Sy Gees ook direk en persoonlik tug uit. Deur Sy Woord en Gees regeer Hy immers. Hy win deur Sy Gees die liefde van mense se harte en bring hulle tot vreugdevolle en vrywillige gehoorsaamheid aan Sy wil. Voortdurend is Hy besig om uit die lewe van Sy kinders die dinge weg te neem wat onrein en onheilig is. Sy Woord gryp die lidmate aan en deur die verligting van die Gees word hulle oortuig van sonde, sodat hulle in ootmoed en berou na die kruis vlug om daar opnuut gereinig te word. Hoe wonderlik dat Christus op hierdie wyse Sy liefde vir Sy gemeente met die daad bevestig! Daardeur is dit moontlik dat ook waar die tug deur die kerk self verwaarloos word, Christus die innerlike tug deur die werking van Sy Gees in die harte van sy lede op so 'n wyse bly handhaaf, dat die kerk nog kerk kan bly ondanks al die swakheid, laksheid en traagheid van die mens.

Christus oefen die tug in Sy kerk egter nie net op hierdie direkte, persoonlike wyse uit nie. Hy wil die ander lede van die liggaam gebruik in mekaar se lewe. Ook hulle is deur hul eenheid met die Hoof immers verantwoordelik gemaak vir mekaar. Ook hulle het elkeen sy plek in die liggaam van Christus, sy gawe waarmee hy toegerus is en sy roeping wat hom opgelê is. Slegs in die funksionering van elke lid in sy betrokke hoedanigheid en met sy betrokke gawes kan die liggaam gesond bly en opgroei (Ef. 4 : 16). Elkeen moet dien as instrument vir die Gees daar waar hy geroep is en in die bevoegdheid waarin hy geroep is (Rom. 12 : 4-8). Sommige van die lede is geroep tot die vervulling van besondere ampte. Hulle het vanselfsprekend ook besondere verantwoordelikhede en verpligtinge teenoor die ander lede. Ander is geroep tot die algemene amp van die gelowige.

Ons handel hier eers oor die roeping tot die tug wat verbonde is aan die amp van die gelowiges en daarna sal ons spreek oor die verantwoordelikheid tot die tug wat gelê is op die skouers van die besondere ampte. In albei gevalle, of dit die besondere ampte of die algemene amp van die gelowiges raak, wil Christus egter die lede van die liggaam gebruik om deur hulle tug in Sy gemeente uit te oefen. Na die mate waarin hulle aan Hom gehoorsaam is en gewillig is om deur Hom gebruik te word in die heerlike taak van die toebereiding van Sy bruid op aarde, neem Hy hulle elkeen op sy eie terrein in diens.

Daarom let ons in die tweede plaas op die vraag watter bevoegdheid en taak Christus aan *die algemene amp van die gelowiges* met betrekking tot die tug verbind het. Soos Christus, is die Christene ook gesalfdes. Ook hulle is profete, priesters en konings. Ook hulle het 'n verantwoordelikheid teenoor die liggaam wat nie verwaarloos mag word nie. As profete moet hulle teenoor mekaar gedurigdeur die Naam van Christus bely. As priesters moet hulle hulself as lewende dankoffers aan God toewy - wat ook insluit die diens aan die naaste, en hulle moet soos Christus voortdurend vir mekaar by die Vader intree. As konings moet hulle in hierdie lewe moedig teen die sonde en die duiwel stry, ook in die opsig dat hulle die stryd met mekaar opneem teen gemeenskaplike sondes en teen die sondes van die broeders onderling (vgl. Heidelbergse Kategismus, vr. 32). Dit alles is slegs moontlik wanneer die ware geestelike gemeenskap, wat ons hierbo, beskrywe het, in die gemeente heers. Dan word dit immers so dat die broeders hulle eenheid in hulle gemeenskaplike lewe uit Christus en hulle gemeenskaplike stryd teen die sonde ervaar; dat hulle hulleself aan mekaar gee in die openheid van 'n wedersydse belydenis en bestraffing van hulle sondes; dat hulle mekaar aanneem en dra in die gebed en

ondersteuning in die stryd. Dan eers is die gemeenskap vrugbaar vir die tug in die gemeente.

Die Woord van God lê baie duidelik klem daarop dat die lidmate van die gemeente 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die tug. Die tug begin immers al daar waar die lidmate van die gemeente verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar en mekaar daaglik *vermaan* (Hebr. 3 : 13; 1 Thess. 5 : 14). Die lidmate wat waarlik met Christus 'n ontmoeting gehad het, is ook in staat om mekaar te vermaan (Rom. 15 : 14). Die onderlinge sorg van die lede vir mekaar maak dit noodsaaklik dat hulle voortdurend oor mekaar se geestelike lewe die wag hou en mekaar teëhou in die voortdurende neiging om verkeerde weë te volg. Die sonde van die broeders en susters in die Here is nie iets waaraan die gemeentelede hulle mag onttrek nie. Tug is werklik nie wat sommige van ons gemeentelede dink : bloot sensuur en ban nie. Die tug in die kerk wortel in die onderlinge vermaninge en bemoediging van die lidmate. Wat 'n ontsaglike invloed gaan daar in 'n Geesvervulde gemeente uit van die onderlinge openhartigheid teenoor mekaar, begrip vir mekaar en liefdevolle opskerpings van mekaar !

Christus verwag egter nog meer van Sy lede as net die algemene vermaning van mekaar. Hy verwag ook dat die lede mekaar definitief sal bestraf as daar in 'n bepaalde opsig gestruikel word. Nie alleen lê Paulus dit as 'n plig vir die Galasiërs op dat die wat geestelik is, 'n broeder wat deur een of ander misdaad oorval word, moet reghelp in die gees van sagmoedigheid nie (Gal. 6 : 1), maar Christus beveel ook self in Matt. 18 : 15 dat elke gemeentelid sy broeder wat sondig, onder vier oë moet gaan bestraf. In die teks van ons Afrikaanse vertaling staan daar : “As jou broeder teen jou sondig.” Die woorde teen jou kan dan maklik die indruk wek dat dit hier gaan om persoonlike kwessies, asof die lidmaat van die gemeente alleen maar met sy

broeder moet gaan praat as die broeder hom persoonlik beledig het. Volgens die oudste tekste van die Nuwe Testament staan daar egter net : “as jou broeder sondig”. Die woorde *teen jou* word dan weggelaat, en dit gee aan die teks 'n ander betekenis. Dit gaan dan nie om 'n bestraffing van die broeder oor enige persoonlike belediging nie, maar om 'n algemene verpligting wat op elke lid van die gemeente rus om nie sienderoë toe te laat dat 'n medebroeder sondig nie. Dit gaan dus om die sien-sondig van die broeder, soos in 1 Joh. 5 : 16, waarby dit dan die eis van die broederliefde en die onderlinge verantwoordelikheid vir mekaar is om so 'n broeder nie aan homself oor te laat nie, maar met hom te gaan praat, hom te bestraf en te probeer oorreed om af te sien van die kwaad (vgl. ook Jak. 5 : 19-20). Ons kom later terug op die vraag hoe verder gehandel moet word as die broeder nie gehoor wil gee nie. Hier konstateer ons net dat Christus 'n geweldige wye verantwoordelikheid op elke lid van Sy liggaam lê. Geen lid mag sê : “Wat gaan sy sonde my aan?” of : “Ek wil my liever nie daarmee inmeng nie, ek is te bang vir kwaad” nie. Dit gebeur so dikwels dat mense wel terdeë bereid is om slegte gerugte van ander te versprei maar hulle is nie bereid om enige verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar om die broeder op die regte weg te bring nie. Dan is hulle skielik baie bang dat hulle naam in die saak genoem moet word. So maak die egte broederliefde en die ware geestelike gemeenskap nie. Die gemeentelede moet weer leer om mekaar se laste te dra en so die wet van Christus te vervul. Deurdat hierdie geheim van die ware geestelike gemeenskap verlore geraak het in die kerk, waag gemeentelede dit nie meer om mekaar in liefde onder vier oe te vermaan nie. Hoogstens sal hulle nog mekaar gaan “invlieg” oor persoonlike dinge, maar van die onderlinge sorg vir mekaar óók in ons sondigheid, weet hulle niks meer nie. Daarom verdra

ons ook nie meer dat ander ons vermaan nie. Die geestelike kapitaal om werklik mekaar te bestraf, ontbreek in die kerk.

Dit spreek natuurlik vanself dat hierdie bestraffing van mekaar in die regte gesindheid moet geskied. As die ware liefde vir mekaar ontbreek, kan dit maklik ontaard in 'n liefdelose “voor stok kry” waaruit alle geestelike waarde weg is. Die berisping en bestraffing van mekaar behoort te geskied in die gesindheid van opregte eerlikheid met onself en met die broeder, sonder dat persoonlike motiewe 'n rol speel; dit behoort te geskied in diepe ootmoed, omdat ons weet dat ons self ook daaglik struikel; dit behoort te geskied in die warmte van die liefde, omdat ons weet dat die geestelike heil van die broeder daarmee gemoeid is; dit behoort te geskied met groot beslistheid, omdat ons weet dat Gods eer daarby op die spel is. Die vernaamste is dat daar 'n gesindheid van *droefheid* behoort te wees oor die begane kwaad (1 Kor. 5 : 2).

Hierdie droefheid behoort ook nie net daar te wees waar een lidmaat die ander onder vier oe bestraf nie, maar dit behoort die gesindheid van die gemeente te wees by alle gevalle van tugtoepassing. Ook wanneer die tugtoefening al gevorder het tot in 'n stadium waar die besondere ampte hoofsaaklik optree, is dit nog noodsaaklik dat die gemeente as geheel hulle deel van die tugtoefening moet behartig deur te treur oor die sonde. Die gemeente moet as *gemeente* die tug toepas. Daartoe is dit noodsaaklik dat die gemeente *as* gemeente bedroef moet wees oor die sonde - nie as gemeente skinder oor die sonde nie; dat die gemeente as gemeente moet bid vir die sondaar - nie as gemeente hom liefdeloos veroordeel en vermy nie; dat die gemeente is gemeente hom uiteindelik sal onttrek aan die sondaar as alle vermaning nie wil help nie - nie as gemeente passief bly en alles maar duld nie. As die uitoefening van die tug slegs iets moet wees wat by

die besondere ampte, en nog erger, slegs iets wat by die predikant moet berus, sal dit altyd iets onnatuurlik bly en nooit doeltreffend toegepas kan word nie.

In die derde plaas let ons op die roeping van die *besondere ampte* om as instrumente van die Gees te dien, sodat Christus deur hulle die tug kan uitoefen. Dit gaan met name om die amp van die ouderling, onderskeie in die amp van lerende en regerende ouderling. Christus het wel aan die gemeente die mag gegee om te tug, maar die gemeente oefen dit tog hoofsaaklik uit deur middel van die besondere ampte wat die organe van die gemeente is. Die algemene tug van die gemeente moet uitloop in die spits van die tug deur die kerkraad, ring en sinode. Die gemeente is soos 'n liggaam wat uit baie lede bestaan, en elke lid het sy eie werking. Die besondere ampte is aan die gemeente gegee as die lede wat in die besonder toegerus is met die funksie om die regering in die liggaam as geheel in gehoorsaamheid aan die Woord van Christus te behartig. Daarom is dit so dat elke lid van die gemeente wel die verantwoordelikheid het om saam te werk, sodat die tug in die gemeente effektief kan wees, maar die kerkraad neem tog die leiding by die uitoefening van die tug. Dit mag egter nooit so word dat die kerkraad alleen met die tug te doen het nie. In die Rooms-Katolieke Kerk het die sogenaamde leke niks met die uitoefening van die tug te doen nie, omdat die klerus (priesters) as heersers oor die gemeente gesien word, wat as plaasvervangers van Christus die noodsaaklike middelaars tussen Christus en Sy gemeente is. By die Reformatoriese kerke mag dit egter nie die geval wees nie. Die lidmate van die gemeente is self gesalfdes van Christus wat in staat is om mekaar te vermaan (Rom. 15 : 14), en hulle medewerking met die besondere ampte skep eers die juiste atmosfeer vir die doeltreffende tugoefening in die gemeente. Daarenteen wil ons egter ook beklemtoon dat die besondere ampte nie slegs

uitvoerende mag het om uit te voer wat die gemeentelêde besluit, soos die independentistiese stelsel van kerkregering wil nie, maar dit is so dat die besondere ampte wel organe van die gemeente is, maar ook organe van Christus self waardeur Hy tug op Sy gemeente uitoefen. Daarom het die besondere ampte besondere verantwoordelikheid vir die handhawing van die tug. Aan hulle is immers in die besonder die sleutels van die koninkryk van die hemele gegee, aan hulle as die deurwagters is die opdrag gegee om te waak (Mark. 13 : 34). As hulle die tug verwaarloos of die noodsaaklikheid daarvan nie sien nie, is hulle dubbel skuldig. Hulle verantwoordelikheid teenoor die kudde van die Here is soveel groter, aangesien hulle 'n soveel heerliker bediening as die ander lede ontvang het. Hulle is as brandwagte oor die volk van die Here aangestel, en as hulle die gevaar sien en nie waarsku nie, is die bloed van die sondaars wat sterwe, op hul hoof (Eseg. 33). As hulle die tug verwaarloos, is hulle soos die slegte herders wat nie daarvoor omgee dat die kudde van die Here rondwaal op al die berge en hoë heuwels tot 'n prooi van die wilde there nie (Eseg. 34 : 1-9). As hulle werklik liefde vir die siel van hul lidmate het, as hulle die kerk van Christus liefhet, as hulle prys stel op die eer van God, mag en kan hulle nie laks wees in die uitoefening van die tug nie.

Vanweë hulle besondere posisie en invloed in die kerk kan die besondere ampte veel doen om die kerk op te skerp tot uitoefening van die tug. Deur die prediking, kategese en herderlike sorg kan die besondere ampte die tug in die gemeente propageer. Veral is dit noodsaaklik dat die leraars sal besef dat dit hulle verantwoordelikheid is om te sorg dat die kerkraad en die hele gemeente bewus moet word van die volstreckte noodsaaklikheid van die tug vir 'n gesonde geestelike lewe. Juis omdat die besondere ampte nie net organe van die gemeente is nie, maar ook organe van Christus

self, kan dit gebeur dat hulle soms die tug moet uitoefen, wanneer die gemeente nog lank nie daaraan toe is om sy regmatige rol daarby te speel nie. Waar dit in 'n gemeente so gesteld is dat die tug feitlik geheel en al verval het, sal dit noodsaaklik wees dat die leraar onder biddende opsien tot Christus sal begin om sy kerkraad en die lewende deel van die gemeente rondom die kerkraad in te lig oor die verantwoordelikheid van die gemeente en sy ampsdraers tot uitoefening van die tug. Waar daar seën op die bediening rus, sal daar vanself 'n klimaat geskep word waarbinne daar beter begrip vir die tug sal wees.

Ook hier spreek dit vanself dat daar die regte gesindheid vir die tug oefening by die ampsdraers sal wees. Vanuit hulle liefde vir die kudde en hulle gedurige omgang en gemeenskap met diegene wat aan hulle sorg toevertrou is, moet daar 'n wedersydse vertroue tussen die kudde en die herders gekweek word. As die ampsdraers dan geroep word om in 'n bepaalde geval 'n tugsak in behandeling te neem, moet hulle taktvol en ootmoedig te werk gaan, met 'n diepe begrip vir die nood van die sondaar en 'n openheid vir die besondere probleme wat op sy weg mag wees. Dit moet in elk geval so wees, dat diegene wie se saak behandel word, sal aanvoel dat die tughandeling vir die ampsdraers nie 'n suiwer organisatoriese handeling is wat met meedoënlose strakheid op 'n onpersoonlike wyse verrig word nie, maar dat hulle die saak op so 'n simpatieke wyse hanteer dat die skuldiges in hulle geen regters sien nie, maar liefdevolle waders wat met 'n trilling van liefde in woord en daad besig is om hulle terug te lei na die weg van die lewe. Om dit te kan bereik, sal die ampsdraers mense moet wees wat enersyds diep deurdronge is van die liefde van Christus vir arme verlore skape in Sy kudde, en andersyds diep lewe uit die ware geestelike gemeenskap wat daar in die kerk van Christus moet heers.

III

Die volgende belangrike vraag waarvoor ons gestel word, is die vraag oor *wie* hierdie besondere sorg van die gemeente uitgestrek moet word. Ons het die antwoord op die vraag reeds in die woorde van Christus in Matt. 18 : 15, naamlik : “As jou broeder sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen.” Die sorg wat uit die gemeenskap tussen die lede van Christus opbloeit, en wat in die besonder verantwoordelikheid neem vir die sondes van ander, strek hom uit oor die *broeder*, en wel die broeder wat sondig.

Dat die tug net oor *broeders* kan gaan, dit wil sê oor medeledes van die liggaam van Christus, is uit die aard van die saak duidelik. Die geestelike gemeenskap wat die noodsaaklike voorwaarde vir die tug is en die grond is waaruit die tug opkom, kan tog net met lede van die liggaam van Christus beoefen word. Slegs tussen hulle is die inwonende Heilige Gees die band van eenheid. Daarom maak Christus hulle in die besonder verantwoordelik vir mekaar. Op die breër terrein van die koninkryk van God in hierdie wêreld verbied Christus selfs in die gelykenisse van die onkruid in die akker en die slegte en goeie visse in een net (Matt. 13:29-30 en 47-49) dat daar vóór die voleinding skeiding gemaak sal word tussen “goeies en slegtes”. Die kerk is nie daartoe geroepe om deur die tug almal te probeer uitroei wat ongelowiges is nie, is selfs nie eens geroepe om in die geheel die tug op hulle toe te pas nie, soos Paulus ons dan ook duidelik leer dat die kerk 'n verpligting het om te oordeel oor die wat binne die kerk is, terwyl God self die sal oordeel wat buite die kerk is (1 Kor. 5 : 12-13). Die wat buite is, sal dit buitendien nie van die kerk verdra om met hulle geestelike belange op so 'n direkte en intieme manier in te meng as wat in die tug moet geskied nie - dit is iets wat slegs aangeneem kan word deur diegene

in wie se hart die liefde van God uitgestort is, in wie die Heilige Gees self 'n genadewerk begin het. Die kerk het ook nie 'n basis waarop hy met sulke persone wat buite is, kan onderhandel nie. Lidmate van die kerk kan deur die tug daartoe opgeroep word om te word wat hulle op grond van hulle belydenis in Christus Jesus reeds is, maar waartoe moet die ongelowiges opgeroep word? Die hele karakter van die tug eis dat dit slegs toegepas sal word op lidmate van die kerk.

Dit beteken natuurlik nie dat die kerk geen roeping het teenoor diegene wat buite is nie. Die kerk skuld sy getuienis aan alle mense. Teenoor die Grieke soveel as die nie-Grieke, teenoor wyse en onverstandige mense is die kerk 'n skuldenaar (Rom. 1 : 14). Die kerk skuld aan diegene wat buite is, ook nie slegs die getuienis aangaande die genade wat daar in Christus Jesus is nie, maar ook die pertinente prediking van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh. 16 : 8). Die kerk moet hom dus besig hou met die sonde van die wêreld en baie duidelik aantoon dat hierdie wêreld onder die oordeel van God staan. Die kerk is selfs daartoe geroepe om die sondes van die wêreld met duidelike woorde aan te toon en te bestraf, sodat die kerk nie skuldig is aan die bloed van die goddelose as hy in sy goddeloosheid sterwe nie. Dit alles is egter geen tugoefening nie. Dit kan nie tug wees nie, omdat tug veronderstel dat iemand wat prinsipieel op die regte pad is, maar wat 'n skewe ontwikkeling ondergaan het en van die regte weg afgebui het, teruggeroep word na die regte weg waarop hy was. Van tugtoepassing op die wêreld wat midde-in die dood lê, kan daar geen sprake wees nie. Die wêreld moet opgeroep word tot bekering en aanvaarding van Gods genade, maar dit is iets anders as wanneer die broeder opgeroep word om terug te keer na 'n lewe uit die genade. Die wêreldling moet vir die eerste keer nog Christus ontmoet en in die huis ingelyf word; die broeder is iemand wat 'n lid van die

gesin is, maar afgedwaal het. Teenoor die wêreld volstaan die kerk met prediking, maar in die kerk moet die prediking beklemtoon word deur die toepassing van die tug op diegene wat die prediking ongehoorsaam is. Daarom is tugoefening iets wat uitsluitend sy plek binne die kerk het. By die openbare belydenis van hulle geloof onderwerp die lidmate hulle vrywilliglik aan die kerklike opsig en tug en die kerk is dit aan hulle verskuldig om hulle nie alleen te laat met hulle sonde nie, maar gemeenskap met hulle te beoefen in die stryd teen die sonde.

Dat die tug net oor broeders gaan, is dus wel duidelik. Die vraag is egter: *Wie is almal broeders?* Hierdie vraag behoort beantwoord te kan word deur te sê: Almal wat lidmate van die sigbare kerk is, want hulle is almal lidmate van die liggaam van Christus. In ons sondige wêreld is hierdie antwoord egter te simplisties. Dit is wel waar dat almal wat lid van ons kerk is, deur ons beskou moet word as lidmate van Christus, en dat hulle daarom ook deur ons behandel moet word as lidmate van Christus en as broeders, totdat die teendeel mag blyk. Maar die probleem is nou dat daar ook buite die grense van ons kerk persone is wat lede van die liggaam van Christus is en dus as broeders deur ons behandel behoort te word. Die sondige verskeurdheid van die kerk bring dit mee dat daar nie net een sigbare kerk is nie, maar talle kerke en kerkies. Al is ons kerk ook vir ons die ware kerk, dan staan ons tog nog voor die onloënbare feit dat daar buite ons kerk ook lede van die liggaam van Christus is. Met hulle verkeer ons, of behoort ons in gemeenskap te verkeer. Dieselfde Gees het hulle en ons wederbaar, het hulle en ons met Christus verbind. Ons is teenoor mekaar verskuldig wat die lede van die liggaam van Christus teenoor mekaar verskuldig is. Ons is verantwoordelik vir mekaar, ook in ons sondes.

Die feit bly natuurlik staan dat hulle en ons deur

die sonde van mekaar geskeur is, sodat die gemeenskap nie sy normale gang kan gaan nie. Hulle het hulle aan ons kerk onttrek en gee daarmee eintlik te kenne dat hulle ons nie meer as liggaam van Christus kan erken nie. Hulle erken nie meer die uitoefening van die sleutelmag deur die ampsdraers van ons kerk as gesagvol en bindend nie. Gevolglik het hulle met 'n bewuste daad van ons kerk weggebreek om elders 'n geestelike tuiste te probeer vind. Al is hulle dus broeders, omdat hulle lede van Christus is, weier hulle dat ons vir hulle verantwoordelikheid moet aanvaar. Wat geld nou as ons verantwoordelikheid teenoor sulke broeders?

Amptelik kan die kerk nie meer tug op hulle toepas nie. Met volle bewustheid het hulle die gemeenskap met die kerk van hulle kant verbreek. Die kerk het dus geen ander keuse as om oor hulle ongehoorsaamheid te treur, vir hulle te bid en by hulle te pleit om weer die band van die eenheid te herstel en terug te keer tot die gemeenskap van die liggaam van Christus nie. Sodra iemand sy bedanking as lidmaat van die kerk indien, ontnem hy aan die kerk enige bevoegdheid om langer offisieel met hom as broeder om te gaan en amptelik die sorg vir sy geestelike lewe te behartig. Dit kom meermale selfs voor dat iemand sy bedanking indien, wanneer daar ondersoek ingestel word na een of ander slegte gerug aangaande hom of klag teen hom, of wanneer die kerkraad of predikant hom vermaan om hom van sy verkeerde weg te bekeer. Ook in so 'n geval kan daar nie met enige offisiële tughandeling teen hom voortgegaan word nie. Hy het homself buite die terrein van die kerk as instituut gestel en gevra dat die kerk hom offisieel verder nie meer as 'n broeder moet beskou nie. Soms skei lidmate van die kerk hulle ook met die daad van die kerk af deur hulle lidmaatskapsregte elders te gaan geniet en sonder enige verdere kennisgewing aan die kerk, hulle by 'n ander sogenaamde “genootskap” of by 'n sekte te voeg. Ook dan staan daar vir

die kerk geen ander weg oop nie, as om dit te sien as 'n afskeiding van die kerk en 'n verbreking met die gemeenskap van die kerk, sodat daar van enige verdere amptelike tug as net die aanvaarding van die feit dat hulle verder nie meer lidmate van die kerk is nie, geen sprake kan wees nie. Ook waar mense konsekwent weier om hulle lidmaatsertifikate by 'n bepaalde gemeente in te dien, openbaar hulle met die daad dat hulle wens om verder nie meer deur die kerk as broeders beskou te word nie. Die kerk sal dan amptelik geen bevoegdheid hê om hulle as voorwerpe van die tug in engere sin te beskou nie.

Maar al is dit ook honderd maal waar dat die kerk offisieel nie meer tug kan toepas op persone wat hulle van die kerk afgeskei het en aan ander kerke of godsdienstige groepe behoort nie, die plig van die lede van die liggaam van Christus om vir hulle medelidmate, vir die broeders verantwoordelikheid te aanvaar, word daarmee nie opgehef nie. Die onderlinge broederlike vermaning van mekaar moet nog gehandhaaf bly. Ons mag nie skouerophalend aan mekaar se sondes verbygaan nie, ook nie aan die sondes van 'n broeder wat hom offisieel van ons kerk afgeskei het en elders 'n geestelike tuiste gaan soek het nie. Die gemeenskap tussen die lede van die liggaam van Christus mag nie opgehef word deur die uiterlike verskeurdheid van die kerk nie. Weliswaar kan ons nie verder gaan as om die broeder te vermaan en selfs onder vier oë te gaan bestraf nie, omdat hy hom onttrek het aan die gesag van die kerkraad van ons gemeente en ons dus nie die saak by ons kerkraad aanhangig kan gaan maak soos Matt. 18 beveel nie. Ons behoort egter ten minste die vrymoedigheid te neem om, in geval van dwaling in lewenswandel, die saak onder die aandag van diegene te bring wat die broeder wel as ampsdraers erken, onder die aandag van die kerkraad van die kerk waaraan hy behoort. Ter wille van die liefde van Christus

wat ons dring, ter wille van die gemeenskap van die heiliges, ter wille daarvan dat ons saam met die broeder aan die een familie van God behoort, mag ons nie toelaat dat hy maar sienderoë sondig, sonder dat ons iets daaraan doen nie. Verder is dit ook so, dat ons kerk wel nie amptelik tug oor iemand kan uitoefen wat hom aan die gesag van die kerkraad onttrek het nie, maar die kerk behoort darem die tug van die kerk waaraan so 'n broeder behoort, te erken. Dit is natuurlik 'n problematiese saak, veral as daar kwessies van leertug op die spel kom, maar die kerk behoort in die reël nie 'n persoon in sy geledere op te neem wat elders onder tug geplaas is nie, behalwe as dit sonder twyfel vasstaan dat die tug van daardie kerk oor leerkwessies gaan en ons op grond van die Skrif weet dat daardie kerk op die spesifieke punt dwaal. Die verantwoordelikheid vir die sondes van die broeders eis in elk geval op hierdie punt groot versigtigheid van die kant van die kerk om nie die kwaad aan te help nie, maar te bestry.

Aan die ander kant is dit egter duidelik dat die kerk self ook nie aan persone wat hulle van die gemeenskap met die kerk losmaak, die indruk mag gee dat dit iets onskuldigs is om te doen nie. Die kerk moet aan hom verkondig dat hy hom deur so 'n daad losskeur van die gemeenskap met die liggaam van Christus, en sal hom moet laat verstaan dat daardie ander sogenaamde “kerkgenootskap” waarby hy hom wil gaan voeg, nie beskou kan word as 'n gelykwaardige en gelykberegtigde moontlikheid van kerk-wees naas die kerk nie. Daarom sal die kerk ook aan so 'n persoon nie 'n attestaat uitreik nie, omdat die kerk dan die indruk kan wek dat hy nie omgee of die gemeenskap van die lede van die liggaam van Christus verbreek word nie. Daarby mag die kerk ook by die ander sogenaamde kerkgenootskappe daarop aandring om die tug van die kerk te eerbiedig en nie verder daaraan mee te

werk dat die liggaam van Christus verskeur word en die onderlinge sorg van die lede van Christus vir mekaar bemoeilik word nie. In al hierdie handeling van die kerk en in elke stap van sy optrede moet dit steeds duidelik wees dat die kerk verstaan dat tug 'n gemeenskapsdaad is en dat sonde verbreking van gemeenskap is, terwyl versoening van die sonde noodwendig herstel van die gemeenskap moet beteken. Dit sal die houding van die kerk moet bepaal teenoor lidmate van ander kerke wat sondig, en teenoor sy eie lidmate wat weier om hulle aan die tug te onderwerp en dan probeer om elders 'n geestelike tuiste te vind.

Dit is dus duidelik : die tug gaan oor broeders, ook al maak die sondige verskeurdheid van die kerk dit soms haas onmoontlik om ons sorg oor die broeder te laat gaan en dit ook werklik op die tug te laat uitloop. Die tug gaan eger nie oor enige broeder nie, maar spesifiek oor die *broeder wat sondig*. Alle sonde is vertrapping van die eer van God, is ongehoorsaamheid aan die Woord van genade, is opstand teen Gods liefde wat alles vir ons wil wees, is 'n toesluit van die hart vir die Heiland met Sy lieflike gemeenskap. Dit is eintlik die aspek waarop ons in hierdie hoofstuk die klem wil laat val : sonde is verbreking van gemeenskap. Die lidmaat wat sondig, is die lidmaat wat besig is om die gemeenskapsverhouding tussen hom en die Hoof van die liggaam te verbreek. Hy slaag op een of ander manier daarin om die toevoer van die lewensbloed wat deur die Hoof en die liggaam sirkuleer, met betrekking tot homself tee te hou, sodat die volle lewe wat Hoof en liggaam vul, nie tot hom kan deurdring nie. Hy slaag deur sy sonde daarin om die senuweestelsel, waardeur die prikkels vanuit die Hoof tot elke lid moet gaan, met betrekking tot homself te verswak, sodat daar by hom langamerhand 'n traagheid kom om te reageer op die wenke van die Hoof. Die lidmaat wat sondig, bedroef die Heilige Gees, wat die Gees van gemeenskap

is. Die Heilige Gees is die lewensap wat uit die Wynstok vloeï en in die lote sirkuleer, sodat hulle kan groei en vrug kan dra. Die Heilige Gees is dit wat self in die hart kom woon en die liefde van God in die hart uitstort. Wanneer die Gees bedroef word, word die gemeenskap wat Hy wil bied, geweier. Die verhouding tot die Hoof word versteur en die loot “bly” nie in die Wynstok soos wat dit noodsaaklik is om te doen as daar van die dra van vrug sprake moet wees nie (Joh. 15 : 5-6). Sonde vorm noodwendig 'n muur tussen die mens en sy God (Jes. 59 : 2). Sonde veroorsaak dat daar in die middel van die Christelike gemeente gesê moet word dat Christus by die deur staan, omdat Hy nie binnegegaan is om aan die kerk Sy volheid van gemeenskap te gee soos Hy dit alleen kan gee nie (Openb. 3 : 20).

Verbreek sonde die verhouding van gemeenskap met Christus, dan versteur dit ook onmiddellik die verhouding van gemeenskap met die liggaam van Christus. Waar die hart van 'n mens koud word vir Jesus Christus, word sy hart ook koud vir Gods kinders. Judas, die verraaier, is in die kring van die dissipels altyd die eensame - hy soek gemeenskap elders: by die owerpriesters en die Skrif-geleerdes. Thomas, die twyfelaar, is ná die opstanding van Jesus ook op pad na die eensaamheid : as Jesus verskyn in die oppersaal, is Thomas nie daar nie (Joh. 20: 24). Demas kon dit nie meer by Paulus uithou toe die liefde vir die teenwoordige wêreld met krag in sy hart ontbrand het nie (2 Tim. 4 : 10). Dit alles is ook verstaanbaar, want die gemeente is een liggaam deur die verhouding met hulle Hoof, maar as die verhouding beskadig word, dan kan dit nie anders nie, of die gemeenskapsin verdof en sentrifugale kragte gaan aan die werk.

Omdat dit alles só is, daarom te meer is die tug 'n daad van gemeenskap. Deur die tug moet die broeder wat in sy sonde sy hart vir Christus en Sy kerk toesluit,

opgesoek en bestraf word, sodat hy kan terugkeer na die gemeenskap met die Hoof en die lede. Dit is dan ook suiwer gesien wanneer die Dordtse Kerkorde (art. 71) oor die noodsaaklikheid van die tug spreek as 'n middel om “de zondaar met de kerk en zijn naaste te verzoenen”. Wanneer hy deur die tug daartoe gebring kan word om berou te hê oor sy sonde en opnuut weer met Christus versoen te wees, sal die versoening met die kerk en die naaste daaruit voortvloei.

Intussen is die uitdrukking „as jou broeder sondig” nogal problematies. Is dit immers nie so dat ons almal daagliksondig nie? En as oor al die sondes van ons gesindheid en ons denke en ons daede en ons woorde tug uitgeoefen moes word, sou ons dan nie almal blywend onder tug behoort te wees nie? Dit is inderdaad so, maar daarom het ons dan ook alreeds in hoofstuk III hierdie saak aangeraak toe ons daarop gewys het dat die kerk tug in engere sin alleen uitoefen oor sondes van 'n openbare, ergerlike aard waarin daar volhard word. Oor die algemene sondigheid van ons lewe, die gesindheid van ons hart, die liefdeloosheid en geveinsdheid, die verborge sondigheid van ons gedagte- en begeertelewe oefen Christus, het ons gesê, direk tug uit deur die werking van Sy Gees. Hy gaan Sy gemeente deur met die roede in Sy hand. Deur Sy Woord en Gees spreek Hy in die harte en lê Hy Sy vinger op die wondplekke. Tog is dit so dat Christus selfs ook hierin gebruik maak van die lede van Sy liggaam om as instrumente van die Gees en draers van die Woord bewus of onbewus middele te wees waardeur Hy tug op Sy ander lede uitoefen. In die verkondiging van die Woord gebruik Hy die leraars, op huisbesoek en by die kategeese die ouderlinge om draers van Sy Woord te wees. Dikwels gebruik Hy hulle wanneer hulle dit nie eens weet nie. Mense word net bewus daarvan dat dit Christus self is wat die vinger op hulle sondes lê

deur middel van hierdie ampsdraers. Maar ook die amp van die gelowiges word deur Christus hier nie oor die hoof gesien nie. Hy gebruik die gelowiges om deur hulle onderlinge vermaning en onderlinge getuienis vir mekaar veel te beteken in die stryd teen die sonde. Dit alles het ons tevore genoem die tug in breëre sin. Daardeur maak Christus werk van die verborge en relatief verborge sondes in Sy gemeente. Selfs sondes wat nie in eintlike sin verborge genoem kan word nie - soos die liefdelose optrede van die een lid teen die ander of uitbarstinge van woede - val onder hierdie tug in breë sin solank as wat dit nie van so 'n aard is dat dit in die openbaar aanstoot gee en kwaai-vriendskap en twis ten gevolge het nie. Oor sulke dinge vermaan die lede mekaar en spoor mekaar aan om tog nie te verslap in die stryd teen dergelike onheilige dinge nie. Daarin moet die gemeenskap van die lede van die liggaam van Christus juis bewys word, dat hulle die moed het om gedurigdeur met mekaar besig te bly en mekaar by te staan in die stryd teen die magte van die duisternis. Solank daar berou oor dergelike sondes wat nog in die gemeentelede oorgebly het, by hulle is, is hierdie tug in breë sin voldoende. Die gemeentelede vlug dan immers met daardie sondes van hulle na Christus. Hy vergewe dit en die gemeenskap tussen Hoof en lede is herstel, sodat ook die gemeenskap met die ander lede van die liggaam bewaar bly.

Dit is egter ook moontlik dat die lede van Christus nie maar slegs ly onder die algemene sondigheid wat hulle nog aankleef nie, maar dat die Satan dit ook regkry om hulle te verlei tot die doen van brutale dinge teen die eer van God. Dan is dit noodsaaklik dat daar ook tug in enger sin toegepas sal word. Dit is noodsaaklik dat ons 'n oomblik sal stilstaan by die aard van hierdie soort sondes in die gemeente, aangesien dit eintlik dáárop is wat Christus doel as Hy in Matt. 18 : 15 praat van die broeder wat sondig.

Voor God is alle sondes ewe sondig en ewe skuldig. Verborges sondes is nie minder skuldig as openbare sondes nie. Van so iets as ligter en swaarder sondes kan daar maar moeilik gespreek word. Alle sonde is aanranding van Gods eer en weiering van die gemeenskap met Christus. Tog is dit só dat sondes wat openbaar word, in hierdie wêreld en in die gemeente van Christus 'n skadeliker invloed het as sondes wat verborge bly in die diepte van die hart. Sonde in die openbaar rand Gods eer aan voor die oë van die goddeloses en gee hulle rede om met God en Sy kerk te spot. Sonde in die openbaar werk ook aansteeklik en dien tot verleiding van ander. Daarom is dit wel voldoende dat verborge sondes in die verborgene van die binnekamer met Christus reggemaak word, maar openbare sondes eis openbare bestraffing en versoening. Daarom eis die Woord van God dat die kerk sal toesien dat sonde wat in die openbaar aanstoot gee, in die openbaar onder die tug in enger sin gebring moet word.

Nou is dit natuurlik altyd moeilik om te sê wanneer 'n sonde presies openbaar is en wanneer dit nog verborge is. Alles is hier eintlik relatief. Selfs die mees verborge sondes van die hart kom tog op een of ander wyse na vore, en selfs die mees openbare sondes begin in die geheime skuilkelders van die hart. In die praktyk sal dit wel meestal so wees, dat sonde verborge genoem kan word wanneer dit slegs aan die dader en sy God bekend is, of as slegs een of twee ander persone saam met die dader dit nog weet, terwyl dit openbaar genoem word as dit van so 'n aard is dat dit nie vir die oog van die mens weggesteek kan word nie, omdat dit in die openbaar begaan is, of omdat dit van so 'n gruwelike aard is dat dit vanself openbaar word. Sondes wat in die begin miskien heeltemal verborge is of in elk geval relatief verborge, kan deur die feit dat die sondaar daarin volhard, op die lang duur nie anders as om openbaar te word nie. In elk geval

is dit so dat daar so iets as 'n oorgang is tussen verborge en openbaar, en hiermee moet die kerk in sy tugoefening rekening hou, soos Christus ook duidelik beveel het.

Daar kan onderskei word tussen sondes in *leer* en in *lewe*. In albei gevalle kan daar sprake wees van verborge en openbare sondes. By die dwaling in leer word die hartaar van die evangelie dikwels aangeraak. Die Bybel praat van valse profesie (Matt. 7 : 15 en 24 : 11); van die aanrigting van tweedrag en aanstoot deur die verkondiging van 'n verleidende leer (Rom. 16 : 17, 18); van valse prediking (Gal. I : 8-9); van loëning van die opstanding van die dode (1 Kor. 15 12-18); van loëning van die vleeswording van Christus en van die feit dat Hy die Seun van God is (I Joh. 2 : 22; 1 Joh. 4 : 3, ens.). Ook by die dwaling in die lewe spreek die Bybel baie konkreet oor hoerery (vgl. 1 Kor. 5), diefstal, dronkenskap, rowery, bedrog, moord, lastering, ens. (vgl. 1 Kor. 6 : 10; Gal. 5: 19; Ef. 5 : 5; 1 Tim. 1 : 9-10; Hebr. 13 : 4, ens.). In al hierdie gevalle het ons te doen met sondes wat die gemeenskap met Christus en Sy gemeente verbreek. Almal van hulle mag ook in die verborgene hulle begin hê en selfs daar gepleeg word, maar hulle sal tog op die lange duur openbaar word.

Oral waar die kerk 'n oortreding van Gods wet onder sy lidmate opmerk, roep die verantwoordelikheid wat die kerk vir sy lidmate het en die verantwoordelikheid wat die lidmate vir mekaar het, daartoe op om daarteen op te tree. As die kerk leervryheid sou duld in die sin dat iemand maar kan verkondig wat sy eie opinie is en ander lidmate van die kerk daardeur van die ware evangelie kan wegvoer, dan stuur hy sonder meer op vernietiging af, omdat hy dan speel met die heilige evangelie wat sy lewe is. Daardeur word nie alleen oneer aan die openbaring van God oogluikend toegelaat nie, maar dwaling in die leer is altyd 'n

disruptiewe faktor wat noodwendig daarop moet uitloop dat eenheid van die kerk verbreek word en die gemeenskap van die liggaam van Christus onmoontlik gemaak word. Daarom moet die kerk noulettend waak oor enige dwaling in die leer wat van so 'n aard is dat dit mense van Christus en Sy kerk kan vervreem, omdat dit die sentrale waarhede van die evangelie aantast. Solank iemand alleen maar in die verborgene van sy hart die Woord van God misverstaan, sal Christus self deur Sy Woord en Gees teenoor hom van sy dwaling getuig. Wanneer hy egter die valse lering oral begin versprei, sal die kerk daarvan werk moet maak. Veronderstel dat slegs enkele persone nog kennis dra van sy dwaling, dan sal dit voldoende wees as die broeders hom onderling bestraf en van sy dwaling probeer oortuig, sodat hy belydenis daarvan kan doen voor God en vergiffenis mag ontvang. As hy egter volhard in sy dwaling, sal dit nodig wees om die saak by die kerkraad aanhangig te maak. Ook die dwaling in lewe mag die kerk in geen omstandighede duld nie. Waar die dwaling in lewe maar kan voorkom sonder dat die kerk deur middel van die tug dit bestraf, word die eer van God aangerand, die vyande van Christus kry rede tot lastering en die gemeenskap tussen die lede van Christus word vermink. Alle sonde is 'n vergryp aan die gemeenskap met God en die naaste (vgl. die twee tafels van die Tien Gebooe) en is daarop bereken om die kerk te vernietig. Daarom moet die kerk sorgvuldig waak oor die heiligheid van die lewenswandel van sy lede. Solank iemand se oortreding ook in hierdie opsig nog maar aan enkele persone bekend is, sal dit hulle plig wees om as broeders in die geheim met hom daarvoor te onderhandel en hom tot inkeer te probeer bring. Is sy sonde egter van so 'n aard dat dit algemeen bekend is en aanstoot gee, of volhard hy in sy sonde teen die vermaning van die broeders in, dan sal dit

nodig wees om die saak by die kerkraad aanhangig te maak.

Soos ons reeds in hoofstuk III aangetoon het, is die tug slegs daarop bereken om die sondaar tot inkeer te laat kom. Of 'n sonde nou relatief verborge of openbaar is, of dit nou gruwelik of minder gruwelik is, sodra daar waaragtige berou by die sondaar is, hou die tug op. Wanneer die sondaar immers berou het, word sy verhouding met Christus en met die kerk herstel. Hy word weer opgeneem in die gemeenskap van die gelowiges en deel met hulle in die versoeningsmaaltyd van die Here. Hoogstens kan dit noodsaaklik wees om in gevalle van sondes wat openbare aanstoot gegee het, die dader selfs na sy berou 'n geleentheid te gee om sy berou te toon deur vrywillige onthouding van die gebruik van die sakramente. Die kerkraad is selfs geregtig om te vra dat 'n broeder as 'n soort van proeftyd hom van die sakramente sal onthou, sodat almal kan sien dat sy terugkeer 'n saak van diepe erns vir hom is.

Hoe problematies die uitdrukking „as jou broeder sondig" dus ook vir ons is en sal bly, in die kerklike praktyk is die bedoeling van Christus tog duidelik : dit raak die sondes van die broeders in leer en lewe wat openbaar word in soverre dat dit óf slegs aan een of enkele broeders bekend is (relatief-verborge), óf aan talle persone (volkome openbaar). Van sulke sondes mag die kerk nie maar vanselfsprekend aanneem dat dit sondes is wat nog teen die wil van die gelowige in hom oorgebly het en in die proses van toeneming in die heiligmaking uitgeskei sal word nie, maar die kerk moet homself op die hoogte stel of die broeder werklik berou oor die sondes het en bereid is om daarvan af te sien. In hierdie daad van belangstelling in die geestelike heil van die broeder bewys die liggaam van Christus sy sterk gemeenskapsin en bewaar hy

terselfdertyd die hegtheid van die gemeenskap teenoor allerlei versplinterende faktore.

IV

Ons wil ten slotte nog een vraag stel in verband met die verhouding van die tug tot die gemeenskap in die liggaam van Christus. Dit is die vraag na die wyse waarop die gemeenskap van die lede van Christus teenoor die medelidmaat wat sondig, in die verskillende stappe van die kerklike tug aan die lig tree. Is dit nie eerder so dat die verskillende stappe van die kerklike tug ons laat sien dat die kerk die gemeenskap met die sondige broeder verbreek nie? Kan daar ooit sprake wees van die tug, ook in die engere sin geneem, as daad van gemeenskap?

Dit is noodsaaklik dat ons hier goed sal onderskei. Ons moet onthou wat nou al verskillende kere beklemtoon is, dat alle sonde verbreking van gemeenskap beteken. Dit is dus so dat die sondaar van sy kant die gemeenskap met Christus en Sy kerk verbreek, en nie omgekeerd nie. Die tug is nou daar om die aandag van die sondaar te vestig op hierdie verbreking en by hom te pleit om terug te keem en hom met Christus en Sy kerk te versoen.

Nou is daar een van twee moontlikhede by elke geval van tug. Die eerste is dat die broeder wat gesondig het, werklik 'n lid van die liggaam van Christus is, dat daar in sy lewe 'n genadewerking van God geskied het en dat hy waaragtig deur wedergeboorte, geloof en bekering by Christus ingelyf is. Die sonde van so 'n persoon kan nie anders gesien word nie, as 'n tydelike oorrumpeling deur die magte van die duisternis, as 'n val uit swakheid. As iemand werklik een maal in die hand van God is, sal niks en niemand hom uit die hand van God kan ruk nie (Joh. 10 : 28-29). Hy kan wel in sware sonde val, maar hy kan nooit volkome van

die genade verval nie. As hy soos Dawid selfs in gruwelike en ergerlike sondes val, dan mag hy dit wel regkry om 'n tyd lank buite die ondervinding van die genade van God te lewe en sy gewete toe te skroei, maar die Gees van God sal dit nie daarby laat nie. In die hart van so 'n persoon wat een maal deur die Gees van God wederbaar is, sal daar altyd 'n wondbare plek vir die Woord van God en die influistering van die Heilige Gees bly. So 'n persoon mag 'n verlore seun wees, maar hy bly 'n seun; hy mag 'n verlore penning wees, maar hy is binne-in die huis verlore; hy mag 'n verlore skaap wees, maar sy plek en tuiste bly in die kudde (vgl. Luk. 15). So 'n persoon word altyd weer deur die tug gewin. Hy is wondbaar, hy moet breek onder die hand van die Here. Toe Natan Dawid op sy sonde gewys het, het sy hart hom geslaan en berou het hom aangegryp (2 Sam. 12 : 13 en Ps. 51). Toe die Here Jesus omgedraai en Petrus aangekyk het, het 'n diepe smart oor sy verloëning van die Meester hom aangegryp, sodat hy bitterlik moes ween (Luk. 22 : 61-62). Die tydelike verbreking van gemeenskap met die Here word onmiddellik herstel die oomblik toe die oortreder bewus gemaak is van die skandelikheid van sy sonde. So is dit altyd met 'n mens in wie se siel God 'n genadewerk begin het. Dit is die troos van die kerk in sy uitoefening van die tug, dat diegene wat werklik deur God in die hart gegryp is, deur die tug teruggebring sal word na Christus en Sy liggaam. Al moet ook al die stappe van die tug deurloop word tot by die afsnyding voordat so 'n broeder tot die besef van sy sonde kom, êrens op die weg sal dit gebeur.

Die tweede moontlikheid by elke geval van tugoefening is dat die persoon wat onder die tug geplaas word, nie werklik 'n lidmaat van Christus is nie, maar iemand wat homself maar net voordoen as 'n broeder. Die sonde van so 'n persoon kan nie in eintlike sin verbreking van die gemeenskap met Christus en Sy

liggaam genoem word nie, omdat daar nog nooit sprake van ware gemeenskap was nie. Sy sonde is alleen maar 'n openbaring van die feit dat sy hart nie met God reg is nie, dat hy wesenlik nie in die liggaam van Christus tuis hoort nie en dat sy lidmaatskap van die kerk blote geveinsdheid is. Tensy dat God die tug juis as die geleentheid wil gebruik om die man tot 'n waaragtige inkeer te bring (wat dikwels gebeur), of tensy dat hy ook onder die tug nog so geslaag kan veins dat hy die indruk van ware berou kan gee waar daar wesenlik geen berou by hom kan wees nie, sal die tug dan daartoe dien om openbaar te maak dat daar tussen hierdie persoon en die liggaam van Christus geen gemeenskap bestaan nie.

In geeneen van die twee gevalle is die tughandeling van die kerk 'n verbreking van die gemeenskap van die kant van die kerk nie. In albei gevalle vestig die kerk deur die tughandeling die aandag daarop dat die sondaar van sy kant hom aan die gemeenskap onttrek. In albei gevalle is die tughandeling in al sy stappe 'n pleitstem wat tot die sondaar uitgaan om tog terug te keer tot die gemeenskap van die liggaam van Christus. In die geval van die ware broeder is elke stap van die tug 'n beweging van die drang tot herstelling van die gemeenskap met die liggaam van Christus. In die geval van die huigelaar is die stappe van die tug op die ry af 'n steeds duideliker openbaring van die feit dat hierdie persoon geen gemeenskap met die liggaam van Christus het nie, en dus ook geen gehoor kan gee aan die dringende roepstem van die liefde wat daar van die liggaam van Christus uitgaan tot almal in wie se hart daar 'n genadewerk van God is nie. Die tug as sodanig verbreek dus nie die gemeenskap nie; die tug openbaar waar die verbreking is en skep daardeur die noodsaaklikheid vir die sondaar om te reageer na die aard van sy innerlike. As daar liefde vir Christus en Sy liggaam in sy hart is, sal dit gehoor gee aan die roepstem

van die liefde wat van die kerk uitgaan. As daar geen liefde in sy hart is nie, sal dit openbaar word deurdat hy steeds verder aan die gemeenskap van die kerk ontsink, hoe dringender die roepstem van die liefde van die kant van die kerk tot hom kom.

Dit alles word geïllustreer deur die verskillende stappe van die tug. Indien die sonde relatief verborge is, is die eerste stap van die tug wat deur Christus in Matt. 18 : 15 voorgeskryf word, die broederlike vermaning en bestraffing onder vier oë. Word aan hierdie bestraffing gehoor gegee, dan bly die saak verder verborge, en enige aangifte van die saak by die kerkraad is verder onnodig : die eer van God is herstel deur die berou en belydenis van die sondaar, en die gemeenskap wat ongemerk van die kant van die sondaar met die liggaam van Christus verbreek was, is daarmee ook ongemerk weer herstel. Indien die sondaar egter nie gehoor wil gee aan die eerste vermaning onder vier oë nie, dan moet die broeder wat van die saak weet, nog een of twee ander met hom saamneem en weer 'n keer probeer om die sondaar van sy sondige pad te laat omdraai. Geluk dit, dan hoef die saak nog nie by die kerkraad aanhangig gemaak te word nie. Al die persone wat van die saak weet, swyg daarvoor en dank die Here dat die gemeenskap van die liggaam van Christus nie verbreek kon word deur die sonde van die broeder nie. Indien die sondige broeder egter dan ook nog nie gehoor wil gee nie, word die saak by die kerkraad aanhangig gemaak. Immers, deur sy volharding op sy sondepad blyk dit in hierdie stadium reeds dat hy hom onttrek aan die gemeenskap en die sorg van die lede van die liggaam van Christus. Nou mag die broeder wat die bestraffing sover toegedien het, nie meer swyg nie, want die verbreking van gemeenskap blyk nou so ernstig te wees dat dit nie langer bedek gehou kan word nie. Dit is immers lewensgevaarlik vir die sondige broeder as dit eers met hom sover gekom het dat hy

hom nie meer steur aan die sorg van die medebroeders nie. Dit beteken dan dat hy hom beslis op 'n bedenklike manier aan die gemeenskap met Christus onttrek het - as daar in die geheel ooit sprake van gemeenskap was. Die kerkraad moet dus nou ingeroep word om met die groter gesag van die amptelike hantering van die sleutels van die hemelryk die sondige broeder op sy verbreking te wys.

Waar die kerkraad begin optree, begin die tweede stadium of stap van die tug. In die geval van openbare ergerlike sondes sal dit dikwels so wees dat met hierdie stap van die tugoefening begin word. Die kerkraad gaan nou die saak van die broeder ondersoek, en indien dit blyk dat dit waar is dat hy hom aan die eer van God vergryp het, word hy amptelik deur die kerkraad vermaan om tog in berou die saak te herstel. As hy ook nog in hierdie stadium luister en die saak met Christus uitmaak, dan hou die tug op, behalwe dat dit miskien nodig is om ter wille van die aanstoot wat deur die sonde gegee is, die broeder te vra om hom van die sakramente te onthou, nie as tugtiging of straf nie, maar as 'n geleentheid vir die broeder om te toon dat sy berou opreg is. Waar daar berou is, is die gemeenskap met Christus en Sy liggaam herstel. Is daar nou ook nog nie berou nie, dan blyk dit dat die broeder met volle bewustheid die hand van gemeenskap wat die kerk na hom uitsteek, in die wind slaan en verkies om sy eie pad te gaan.

Daarom tree die derde stadium van die tug nou in, naamlik die afhouding van die gebruik van die sakramente, met name van die Awendmaal. Die Awendmaal is in die besonder, soos ons hier bo getoon het, gemeenskapsmaal. Aan die Awendmaalstafel geniet die gelowige in 'n besondere sin gemeenskap met Christus en met die broeders. Dit is juis daar aan die Awendmaalstafel waar Christus ons telkens opnuut die versekering wil gee van Sy gemeenskap met ons in ons

sonde en van ons gemeenskap met Hom in Sy geregtigheid. Die brood wat ons breek, is die gemeenskap aan die liggaam van Christus wat verbreek is tot 'n volkome versoening oor al ons sondes. Die beker wat ons drink, is die gemeenskap aan die bloed van Christus wat uitgestort is tot 'n volkome versoening oor al ons sondes. Christus self is by die Awendmaalstafel teenwoordig. As hy die tekens van brood en wyn aan ons laat uitdeel, dan gee Hy daarmee Homself aan ons met al die volheid van Sy gemeenskap en Sy rykdomme. As ons die brood en die beker neem, dan gee ons onself aan Christus met al ons sonde en armoede. Die Awendmaalstafel bied gemeenskap tussen Christus en Sy gelowiges. Maar dit bied ook gemeenskap aan die gelowiges onderling. Daar belewe hulle opnuut hulle eenheid en hulle gemeenskaplike deelname aan die gemeenskap met Christus, hulle Hoof. As iemand dus van die Awendmaal afgehou word, dan beteken dit dat die kerkraad daarmee op gesag van Christus aan hom verkondig dat sy optrede openbaar dat hy nie die reg het om te sê dat hy gemeenskap het met Christus en Sy lede nie, dat hy dus geen deel het in die versoening nie, dat hy dus nie mag aansit aan die Awendmaalstafel wat 'n voorloper is van die maaltyd van die Lam in Sy ewige koninkryk nie. Tensy dat hy hom bekeer, het hy geen deel in die ryk van Christus nie. As dit nou 'n broeder geld, iemand in wie se lewe daar genade is, dan sal hierdie gesagvolle verkondiging hom diep in die hart moet gryp. As hy egter ook dan nog geen berou toon nie, dan is dit 'n teken dat hy óf geweldig ver weggedrywe het van Christus en die gemeenskap met Sy liggaam, óf dat hy nog nooit werklik gemeenskap met Christus en Sy liggaam gehad het nie.

In hierdie stadium is dit nodig dat daar 'n vierde stadium in die tug oefening sal intree, naamlik die voorbereidende stappe vir die afsnyding. Die liefde en

gemeenskap van die liggaam van Christus pleit steeds duideliker en harder by die dwalende broeder. Sy sonde word eers van die kansel aan die gemeente bekend gemaak, met vermelding daarby van hoe ernstig hy reeds vermaan is en dat hy self die afhouding van die Awendmaal verag het en maar bly voortgaan op sy weg. Die gemeente word gevra om vir die persoon te bid. By die eerste bekendmaking aan die gemeente word die naam van die oortreder nog nie genoem nie. By die tweede afkondiging geskied dit egter wel, en by die derde afkondiging word gesê dat as die persoon hom nie voor 'n bepaalde tydstip in ootmoed en berou tot Christus bekeer nie, hy dan van die gemeente afgesny sal moet word. By al hierdie bekendmakinge word die gemeente gevra om te bid, te vermaan, te treur en te probeer om die gemeenskap met die broeder te herstel. As hy egter dan ook nog nie luister nie, word daar op die bestemde tyd oorgegaan tot die laaste stap, sy afsnyding van die gemeente - 'n stap wat nooit geneem mag word as daar ook maar die geringste vermoede bestaan dat die persoon tóg miskien nog 'n verhouding tot Christus het en dus werklik 'n broeder is nie. Deur die afsnyding word openlik bekend gemaak dat hierdie persoon teen alle pleitstemme in getoon het dat hy Christus nie liefhet nie en geen gemeenskap met Sy liggaam het nie, dat hy dus eintlik 'n vreemde element in die liggaam van Christus was en per konsekwensie deur sy hardnekkige verzet teen die gemeenskap van die Hoof en Sy lede uit die liggaam van Christus uitgeskei is. Die weg tot versoening bly egter nog oop. As daar 'n ware berou oor sy sondes by hom intree, sal die gemeente met graagte hom in die boesem van die gemeente opneem en die gemeenskap met hom herstel asof daar nooit enige breuk pewees het nie. Die afsnyding van die gemeente is net die konsekwensie van die afhouding van die Awendmaal in gevalle waar daar geen berou

is nie. Die afsnyding verkondig dieselfde aan die sondaar as die onthouding van die Awendmaal, maar doen dit net meer konsekwent, meer finaal.

Wanneer die Nuwe Testament meermale spreek oor die feit dat die gemeente hom aan die sondaars moet onttrek en dat geen gemeenskap met hulle gehou moet word as hulle teen alle vermaning in volhard in hulle sonde nie (Titus 3 : 10-11; 2 Thess. 3 : 6 en 14), dan moet ons dit ook so verstaan, dat die onttrekking wesenlik nie van die kant van die gemeente geskied nie, maar van die kant van die sondaar self. Die gemeente word alleen deur die optrede van die sondige broeder daartoe genoodsaak om met droefheid daarvan kennis te neem dat hierdie broeder homself aan Christus en Sy lede onttrek deur sy volharding in die kwaad, en die onttrekking van die gemeente se kant is enersyds die smartvolle aanvaarding van die droewe feit, andersyds 'n pleitstem om tog terug te keer, aangesien niemand deel kan hê aan Christus en die ware geestelike gemeenskap met Sy liggaam solank as wat hy in sy sonde onberoulik volhard nie. Dat so iemand uiteindelik van die gemeente afgesny word en as 'n heiden en 'n tollenaar beskou moet word (Matt. 18 : 17), beteken eenvoudig dat hy beskou moet word as iemand wat óf wesenlik nog nooit by die kerk behoort het nie (die heiden), óf as iemand wat die verbond van God vertrap en die volk van die Here verrai het om hom in die gemeenskap van vreemdes te stel (die tollenaar).

In dit alles kom dus duidelik uit wat ons in die begin van hierdie paragraaf reeds gestel het, dat die tug wesenlik 'n daad van gemeenskap is, 'n pleitstem om gemeenskap is, maar dat die verskillende stappe van die tug tot openbaring bring dat die hardnekkige sondaar van sy kant al meer die gemeenskap verbreek en versmaai.

*

Ons het in hierdie hoofstuk geprobeer aantoon dat die ware geestelike gemeenskap van die liggaam van Christus die noodsaaklike voorwaarde vir die tugoefening is, en dat dit slegs vanuit die gemeenskap moontlik is om te verstaan wat die roeping van die amp van die gelowiges sowel as die besondere ampte met betrekking tot die tug is, wie die voorwerpe van die tug is en waarom daar gesprek kan word van die verskillende stappe van die tug as 'n daad van gemeenskap, terwyl tog juis die onttrekking aan die sondaar daarin tot openbaring kom. Die indruk wat dit alles by ons moet nalaat, is opnuut maar weer dat die kerk alles in sy vermoë moet doen om homself daarvan te deurdring dat die tug slegs dan ten volle tot sy reg sal kan kom as die ware geestelike gemeenskap tussen die lede en hulle Hoof en tussen die lede onderling bestaan. Daarom sal die kerk moet bly bid om verlewending deur die Gees van God, wat die Gees van liefde en gemeenskap is. Die kerk sal in sy prediking veel meer moet opvang van die Bybelse verkondiging van die gemeenskap tussen Gods kinders en in sy praktyk alles in werking moet stel om in ons eeu van eensaamheid en individualisme die Christene saam te bind rondom Christus en die kerk. Slegs dán is dit sinvol om te spreek oor die ouderlinge tug en selfs die amptelike tug van die gemeente as daad van gemeenskap. Mag God gee dat ons weer iets daarvan sal verstaan in ons eie dierbare kerk!

KORT LITERATUURLYS

- R. Bohren, *Das Problem der Kirchengmacht im Neuen Testament*, Zolikon-Zürich, 1952.
- H. Bouwman, *De Kerkelike Tucht*, Kampen, 1912.
- R. Bultmann, *Theologie des Neuen Testaments*, Tübingen, 1954.
- A. B. du Preez, *Kerkherstel en Kerklike Tug*, “Die Gereformeerde Vaandel”, Desember 1955, p. 6-22.
- E. P. Groenewald, *Die Kerklike tugoefening volgens 1 Korinthiërs 5*, “Die Gereformeerde Vaandel”, Desember 1954, p. 3-11.
- F. W. Grosheide, *Wat Leert het Nieuwe Testament inzake de Tucht?* Delft, 1952.
- Joh. Jansen, *De Kerkelike Tucht*, Nijverdal, 1913.
- Joh. Jansen, *De Leertucht over de Leden der Kerk*, Kampen, 1936.
- Joh. Jansen, *De Tucht over Doopleden in de Gereformeerde Kerken*, Zutphen, 1952.
- Joh. Jansen, *Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken*, Kampen, 1952.
- H. J. Langman, *Kuyper en de Volkskerk*, Kampen, 1950.
- A. F. N. Lekkerkerker, *Opzicht en Tucht*, Wageningen, 1953.
- E. Thurneysen, *Die Lehre von der Seelsorge*, Zollikon-Zürich, 1946.
- Rapporte oor die Kerklike Tug wat gedien het voor die Transvaalse Sinode van 1944 en die Kaapse Sinode van 1953.